UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK
111100203901220000019

# DIE AANDEEL VAN DS. J. C. DU PLESSIS IN VERBAND MET 'N NASIONALE ONDERWYSBELEID VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, MET SPESIALE VERWYSING NA SY WERK IN DIE I.K.K. EN O.V.S.O.V.

deur

Diederick Johannes Greyvenstein, B.A., B.Ed.

Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Magister Educationis in die Fakulteit Opvoedkunde, Departement Historiese en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

STUDIELEIER: PROF. DR. D. VERMAAK

DESEMBER 1979

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
6-6-1980
KLAS NO. T. 370.968 Ple
No. 267741
BIBLIOTEEK

VOORWOORD

Aan Hom, onse liefdevolle Vader, alle eer, lof en danksegging vir Sy genadegawes van gesondheid, entoesiasme en liggaamskragte om op 'n ouderdom van byna nege en vyftig jaar hierdie verhandeling te kon voltooi.

'n Woord van opregte dank en waardering aan my studieleier, prof. dr. D. Vermaak vir sy waardevolle raad en wetenskaplike voorligting. Sy persoonlike belangstelling, aanmoediging en vriendelike hulp het my deurentyd gemotiveer vir die voltooiing van hierdie verhandeling.

My dank aan die biblioteekpersoneel van U.O.V.S. vir die verkryging van die nodige navorsingsmateriaal.

Ek dank die huidige hoofsekretaris van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging wat my van raad bedien het en vir die notules vanaf 1956 waarin ek 'n insae kon hê.

Groot dank aan my liewe eggenote en kinders vir begrip, bystand en voortdurende aanmoediging.

My besondere dank aan mevv. Anna Swanepoel vir haar vriendelike geduld en keurige tikwerk, Magda Fourie en Ronet van Niekerk vir hulle noukeurige proefleeswerk en vriendelike hulp.

Ten slotte: dit was 'n voorreg om die spore van 'n groot kerkman te kon naloop. Dit het vrugbare ure van navorsing verskaf. Ds. J.C. du Plessis was altyd bereid om sy kosbare tyd af te staan vir onderhoude en het geduldig alle moontlik inligting verstrek. Sy entoesiasme was voorwaar 'n inspirasie.

Desember 1979 D.J. GREYVENSTEIN

Kroonstad

# INHOUDSOPGAWE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| INLEIDING | | 1 |
| HOOFSTUK | | |
| 1 | 'n NASIONALE BELEID VIR BLANKE ONDERWYS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. ENKELE FUNDAMENTELE BEGINSELS EN DIE ROL VAN DIE KERK | |
| 1.1 | Kort omskrywing van Begrip: 'n Nasionale Onderwysbeleid | 3 |
| 1.2 | Die tien beginsels van die 1967-onderwyswetgewing | 5 |
| 1.3 | Die N.G. Kerk werk saam | 12 |
| 1.4 | Die samewerking tussen die kerk en skool van die Afrikaner | |
| 1.4.1 | Ter inleiding : Historiese agtergrond | 13 |
| 1.4.2 | Enkele beginsels ten grondslag van hierdie intieme samewerking | 17 |
| 1.4.3 | Die Afrikaner se kerk en skool werk nou saam | 20 |
| 1.5 | Die Interkerklike Komitee (I.K.K.) en die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging (O.V.S.O.V.) | |
| 1.5.1 | Die I.K.K. | 24 |
| 1.5.2 | Die stigting, doel en strewe van die I.K.K. | 24 |
| 1.5.3 | Die stigting, doel en strewe van die O.V.S.O.V. | 25 |
| 2 | 'n KORT LEWENSKETS VAN DS. J.C. DU PLESSIS (OOM JAN) | |
| 2.1 | Eerste lewensjare | 28 |
| 2.2 | Jeug- en skooljare | 29 |
| 2.3 | Studentejare aan die Universiteit van Stellenbosch en die teologiese kweekskool | 31 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3 | DS. J.C. DU PLESSIS - 'n KAMPVEGTER VIR 'n NASIONALE ONDERWYSBELEID | |
| 3.1 | Inleiding | 34 |
| 3.2 | Ds. Du Plessis beywer hom vir 'n tweetalige skoolhoof te Jagersfontein (1924-1928) | 34 |
| 3.3 | Ds. Du Plessis as kampvegter vir die regte van Afrikaanssprekendes in die Skoolkommissie van Jagersfontein | 35 |
| 3.4 | Ds. Du Plessis aktiveer die Suid-Vrystaatse N.G. Kerk ten opsigte van opvoeding en onderwys | 36 |
| 3.5 | Ds. Du Plessis beywer hom vir gedifferensieerde onderwys | 38 |
| 3.6 | Ds. Du Plessis maak 'n deurbraak ten opsigte van gedifferensieerde onderwys | 39 |
| 3.7 | Ds. Du Plessis aktiveer die Vrystaatse Sinodale Kommissie vir opvoeding en onderwys tot optrede (1934-1944) | 40 |
| 3.7.1 | Hulpklasse vir verstandelik-vertraagdes | 41 |
| 3.7.2 | Musiekposte in Vrystaatse skole heringestel | 42 |
| 3.7.3 | Liggaamsopvoeding word op stewige grondslag geplaas | 42 |
| 3.7.4 | Huishoudskole en kinderhuise is gestig | 42 |
| 3.7.5 | Stryd word vir moedertaalonderwys in skole en die Universiteitskollege van die O.V.S. (1937-1950) gestry | 43 |
| a | Die weerlegging van die bewering dat genl. J.B.M. Hertzog die vader van die dubbelmediumbeginsel is | 43 |
| b | Die ontstaan van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (1855-1950) | 47 |
| c | Die stryd in verband met moedertaalonderwys aan die Universiteitskollege van die Vrystaat | 49 |
| d | Die stryd om 'n verteenwoordigende samestelling van U.K.O.V.S.-Raad | 50 |

| HOOFSTUK | | | BLADSY |
|---|---|---|---|
| | e | Ds. Du Plessis se aandeel aan die moedertaalmediumstryd | 52 |
| | f | Die O.V.S.O.V. en Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys span saam in die moedertaalonderwysstryd | 55 |
| | g | Die stryd en die afloop daarvan | 59 |
| 3.8 | | Ds. du Plessis se onderwysaksie in Kaapland (1945-1951) | |
| | | Ter inleiding | 62 |
| 3.8.1 | | Ds. Du Plessis se segregrasie-beleid ten opsigte van Onderwysaangeleenthede te Beaufort-Wes | |
| | a | Die eertydse toestand | 63 |
| | b | Ds. Du Plessis se segregrasieskema | 63 |
| 3.8.2 | | Ds. Du Plessis aktiveer Kaaplandse Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys tot optrede | 65 |
| | a | Ds. Du Plessis red Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys van ontbinding | 65 |
| | b | Ds. Du Plessis se rol as sekretaris en voorsitter van die Kaaplandse Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys insake Onderwysaangeleenthede | 65 |
| | c | Ds. Du Plessis se rol as verteenwoordiger van die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys op die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys van die Federasie van Kultuurverenigings | 67 |
| | d | Ds. Du Plessis se vertolking van die De Villiers-onderwysverslag (1948) as voorloper vir 'n nasionale onderwysbeleid | 71 |
| 4 | | DS. J.C. DU PLESSIS SE AANDEEL IN DIE I.K.K. EN O.V.S.O.V. SE AKSIE VIR 'n NASIONALE ONDERWYSBELEID | |
| 4.1 | | Inleiding | 75 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.2 | Ds. Du Plessis aktiveer die Sinodale Kommissie ten gunste van 'n nasionale onderwysbeleid | 76 |
| 4.3 | Ds. Du Plessis se aandeel as voorsitter van die I.K.K. | 79 |
| 4.3.1 | Die "Mostert-Mosie" lê die grondslag vir 'n nasionale onderwysbeleid; ds. Du Plessis werk saam | 84 |
| 4.3.2 | Ds. Du Plessis lig die onderwysersvereniging in ten opsigte van 'n nasionale onderwysbeleid | 86 |
| 4.3.3 | Ds. Du Plessis lig die Vrystaatse Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys in | 89 |
| 4.4 | Ds. Du Plessis se bydrae as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. en sekretaris van die Federale Raad | |
| 4.4.1 | Inleiding | 90 |
| 4.4.2 | Ds. Du Plessis se invloed as sekretaris van die Federale Raad van Onderwysverenigings | 92 |
| 4.4.3 | Ds. Du Plessis se invloed as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. | 93 |
| 4.4.4 | Ds. Du Plessis se invloed as redakteur van Die Skoolblad | 95 |
| 4.5 | Ds. Du Plessis tree uit | 96 |
| 5 | SAMEVATTING EN SLOTBESKOUING | 98 |
| BIBLIOGRAFIE | | 103 |
| OPSOMMING | | |

INLEIDING

In die Republiek van Suid-Afrika is die geskiedenis van die onderwys (skool) besonder ineengeweef met die van die Afrikaner se kerk. Hierdie ineengeweefdheid of vervlegtheid het aanleiding gegee tot die ontplooiing van 'n eiesoortige verhouding tussen die kerk en die skool in Suid-Afrika.[1]

By tye het die kerk hom deur middel van sy predikante beywer vir die oplossing van probleme in die onderwys. So byvoorbeeld toe die onderwys in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van hierdie eeu in 'n noodsituasie verkeer het na aanleiding van verdeelde en versnipperde onderwysbeheer, het die Afrikaanse kerke die inisiatief geneem en 'n sleutelrol gespeel in die opheffing hiervan en die verkryging van 'n nasionale onderwysbeleid.

In hierdie stryd het verskeie kerkmanne onder andere ds. J.C. du Plessis na vore getree en 'n aktuele rol gespeel.

Ds. Du Plessis se belangstelling in onderwysaangeleenthede loop soos 'n goue draad deur sy jarelange bediening as predikant (1924-1956). Ds. Du Plessis was nie net sekretaris en voorsitter van Sinodale Opvoedingskommissies nie, maar ook lid van die Interkerklike Komitee (I.K.K.) wat so 'n groot rol gespeel het om die destydse ministers van onderwys te beweeg in die rigting van 'n nasionale onderwysbeleid.

Vanaf 1956 het ds. Du Plessis die pos van hoofsekretaris van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging (O.V.S.O.V.) en redakteur van <u>Die Skoolblad</u> (amptelike lyforgaan van die O.V.S.O.V.) beklee. Vanuit hierdie hoek het hy ook veel gedoen om die nasionale onderwysgedagte te propageer.

---

1 Van der Walt, K.S., <u>Die Nederduits Gereformeerde Kerk in die onderwys van die blankes in die Oranje-Vrystaat tot 1900 : 'n prinsipieel-historiese studie</u>, p. 1.

Die doel van hierdie studie is om die aandeel wat ds. Du Plessis gehad het aan die verkryging van 'n nasionale onderwysbeleid vir blanke onderwys in die Republiek van Suid-Afrika met spesiale verwysing na sy werk as lid van die I.K.K. en as sekretaris van die O.V.S.O.V., na te vors.

Dié navorsing het 'n literatuurstudie van primêre en sekondêre bronne behels.

Primêre bronne wat geraadpleeg is, is onder meer: Onderwyswette, Volksraad Notules (Hansard); verslae van Onderwyskommissies; Sinodale besluite van die Vrystaatse en Kaapse N.G. Kerk; omsendbriewe; koerante en memoranda.

Verskeie onderhoude is ook met ds. Du Plessis gevoer.

# HOOFSTUK 1

## 'n NASIONALE BELEID VIR BLANKE ONDERWYS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. ENKELE FUNDAMENTELE BEGINSELS EN DIE ROL VAN DIE KERK

### 1.1 KORT OMSKRYWING VAN BEGRIP : 'n NASIONALE ONDERWYSBELEID

Waar hierdie studie gaan oor die bydrae van ds. J.C. du Plessis ten opsigte van die totstandkoming van 'n nasionale beleid in die onderwys vir blankes in die Republiek van Suid-Afrika is dit nodig om ter aanvang kortliks uiteen te sit wat bedoel word met so 'n nasionale onderwysbeleid en die beginsels wat daarin vervat behoort te word, aan te dui.

Met 'n nasionale onderwysbeleid word bedoel 'n onderwysbeleid wat die basiese beginsels en riglyne vir die betrokke volk se onderwys neerlê. Dit behoort deur wetgewing vir en deur die volk te geskied en binne 'n land soos Suid-Afrika met sy verskeidenheid ten opsigte van bevolkings- en gewestelike oorde gekoördineerd toegepas word. Trouens, "sonder koördinasie is die nasionale onderwysstelsel in Suid-Afrika 'n praktiese onmoontlikheid".[1]

'n Nasionale onderwysbeleid behoort nie 'n doodse eenvormigheid te impliseer en te bevorder nie, maar behoort voldoende ruimte te laat vir verbeelding, skeppende aktiwiteite en verskeidenheid in elke skool en provinsie, dit wil sê 'n mosaïek van onderwyservaringe wat tot een harmoniese geheel saamsmelt.[2]

So 'n onderwysbeleid behoort ruimte vir inisiatief in die praktyk binne die raamwerk van neergelegde basiese beginsels te skep. Aangesien die onderwys ryk aan verskeidenheid moet wees, moet die beleid in breë trekke geformuleer word sodat dit ruimte laat vir die inisiatief van die onderwyser.[3]

---

1 Vermaak, D., 'n Nasionale benadering wat oor provinsiale grense strek , in <u>Die Skoolblad</u>, April 1971, p. 13.

2 Kotze, A.L., Toekomsblik na aanleiding van die nuwe Onderwysbeleid in die <u>Onderwysblad</u>, Julie 1967, p. 157.

3 <u>Ibid</u>.

Malherbe omskryf 'n nasionale onderwysbeleid as "a matter of the highest national importance and it should be the task of the National Government and Parliament to lay down the broad lines on which a national system of education should be built".[4] Hy noem verder dat alleenlik onder 'n uniale stelsel "the people would become conscious of a national policy in education".[5]

Coetzee voeg by dat geen onderwys kan aanspraak maak op 'n nasionale benaming as dit nie die hele volk in al sy lae dek nie.[6] So 'n onderwysbeleid vereis onderwys met 'n eie nasionale inhoud en 'n eie tipiese leerplan.

'n Nasionale onderwysbeleid staan in diens van 'n nasionale onderwysstelsel. Oor 'n nasionale onderwysstelsel sê Van Loggerenberg en Jooste dat dit "deur die hele land moet geld ... in alle gebiede binne die staatsgrense toegepas word".[7] Binne die stelsel kan die gesag gedelegeer word om vir 'n "verskeidenheid in die praktiese nastrewing van die nasionale doel voorsiening te maak".[8] Die nasionale onderwysstelsel moet ook rekening hou met die historiese verlede, taal, tradisies, kultuur, denke, aspirasies en volkseie atmosfeer van verskeie volksgemeenskappe in 'n nasie.[9]

Vir Boyd was 'n nasionale onderwysstelsel "een microkosmos van een groter maatschappelijk stelsel"[10] van die nasionale samelewing in al die kosmiese synswyses wat voortdurend invloed ondergaan.[11]

Stone vat die begrip soos volg saam: 'n nasionale onderwysstelsel is "daardie kultureel-opvoedkundige vervlegtingstruktuur wat sy bestemming vind in beplande, georganiseerde en met samelewingsdifferensiëring gekoördineerde .. onderwysontvangendes binne 'n bepaalde staatsterritorium onder leiding van 'n religieuse grondmotief (of -motiewe)".[12]

---

4 Malherbe, E.G., Education in South Africa (1652-1925), p. 461.

5 Ibid.

6 Coetzee, J.C., Opvoeding, Teorie en Praktyk deur die Eeue, 1936, p. 225.

7 Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., Verantwoordelike Opvoeding, p. 328.

8 Ibid., p. 329.

9 Ibid., vgl. Vermaak, D., Die agtergrond en implikasies van enkele beginsels in verband met 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika : 'n Histories-prinsipiële studie, 1970a, p. 9.

10 Boyd, W., Geschiedenis van onderwijs en opvoeding, p. 378.

11 Stone, H.J.S., Struktuur en motief van die onderwysstelsel, 1974, p. 119.

12 Ibid., p. 141.

In die Republiek van Suid-Afrika was die eerste stap na 'n gekoördineerde nasionale onderwysbeleid die instelling van 'n Nasionale Adviserende Onderwysraad (N.A.O.) deur Wet no. 86 van 1962 wat die koers aangedui het en by implikasie die weg voorberei het vir die Onderwyswetgewing van Maart 1967.

Met die aanvaarding van Wet no. 39 van 1967[13] (die Wet op Nasionale Onderwysbeleid) soos gewysig deur Wet no. 73 van 1969, art. 4(3), asook art. 5(1) en 5(3), is die onderwysbeleid vir blankes in die Republiek van Suid-Afrika "uiteindelik op 'n eenheidsgrondslag geplaas en die beperkinge wat die onderwys so lank aan bande gelê het, is uit die weg geruim".[14] Die "ou federale benadering moes plek maak vir 'n nasionale benadering wat oor dic provinsiale grense heen strek".[15]

Deur middel van 'n Goewermentskennisgewing R2029 van 12 November 1971 in die Staatskoerant[16] (Deel 77 no. 3306) het die Minister van Nasionale Opvoeding op grond van die bevoegdhede wat Wet no. 39 van 1967 aan hom verleen, volledige regulasies rakende sommige van die tien beleidsbeginsels uitgevaardig wat wel met ingang van 1 Januarie 1972 in alle blanke skole in die Republiek van Suid-Afrika gevolg moes word.

## 1.2 DIE TIEN BEGINSELS VAN DIE 1967-ONDERWYSWETGEWING

Artikels 2(1) lui: "die Minister kan, na oorlegpleging met die Administrateurs en die raad van tyd tot tyd die algemene beleid wat ten opsigte van onderwys in skole gevolg word (hieronder die Nasionale Onderwysbeleid genoem)[17] bepaal" en wel binne die raamwerk van die volgende tien beginsels.

Die eerste beginsel van Wet no. 39 van 1967 2(1)(a) naamlik die Christelike karakter van die onderwys is in die Staatskoerant van 12 November 1971[18] breedvoeriger omskryf en soos volg gepromulgeer:

---

13 Suid-Afrika (Republiek), Wet nr. 39 van 1967.

14 Vermaak, D., 1970a, op. cit., p. 13.

15 Ibid.

16 Suid-Afrika (Republiek), Goewermentskennisgewing no. 2029, in Staatskoerant, 12 November 1971.

17 Suid-Afrika (Republiek), Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1).

18 Suid-Afrika (Republiek), Goewermentskennisgewing no. 3306, in Staatskoerant, 12 November 1971.

"Die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, moet 'n Christelike karakter hê wat gegrondves is op die Bybel."[19]

Hierdie onderwysbepaling staan eerste op die lys van beginsels en is die fondament waarop die hele onderwysstelsel gefundeer word. 'n Opvoedkundige het hom soos volg oor hierdie beginsel uitgedruk. Die Christelike beginsel "is die grondpilaar waarop die hele Wet gebou is, en dis geen toevalligheid dat die tien beginsels van die Wet by die Christelike begin nie, want as kinders van die Hervorming was die lewensbeskouing van ons volk nog altyd ten diepste in die Christelike gefundeer".[20]

Die feit dat onderwys 'n Christelike karakter moet hê wat gegrondves is op die Bybel, is 'n uitdruklike aanduiding dat die hele skool 'n Christelike karakter moet hê wat in elke vak en skoolaktiwiteit tot volle ontplooiing moet kom.

Verder bepaal die Wet dat hoewel godsdiensonderrig as verpligte nie-eksamenvak in skole geïmplementeer sou word, moet die andersdenkendes se geloofsoortuiging gerespekteer word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede. Verder word hulle egter verplig "om die res van die Christelikheid te aanvaar".[21]

Die tweede beginsel van die nasionale onderwysbeleid, naamlik die nasionale beginsel is ook nader bepaal in dieselfde uitgawe van die Staatskoerant en soos volg gepromulgeer: "Onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsidieer word, moet 'n breë nasionale karakter hê ..."[22]

---

19 Suid-Afrika (Republiek), Goewermentskennisgewing no. 2029.

20 Fourie, J.J. Tema en variasie in die Opvoedingsleer, 1973, pp. 145-146.

21 Ibid.

22 Suid-Afrika (Republiek), Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1)(b), vgl. Suid-Afrika (Republiek), Goewermentskennisgewing no. 2029.

By hierdie beginsel val die klem op die nasionale, dit wat eie is aan die nasie, naamlik: kennis van sy eie vaderlandse geskiedenis; taal- en kultuurgoedere, aardrykskunde en deelname aan nasionale feesgeleenthede moet by die leerlinge ingeskerp word tot begrip en waardering sodat die regte gesindheid van patriotisme gekweek kan word. En om nasionaal te wees "moet die skool dus in ooreenstemming met die volksaard en volkslewe wees, in die volkskultuur geanker wees, midde-in die volkslewe staan en die beste en edelste in die volkslewe beliggaam".[23]

Die twee beginsels, Christelik en nasionaal, is as't ware die twee hoofpylers waarop die Suid-Afrikaanse onderwysbeleid vir blankes rus en is dus onafskeidbaar verbonde aan mekaar. Uit die Christelike beginsel vloei die nasionale, dus moet die onderwysbeleid Christelik-nasionaal wees.

Die implimentering van hierdie beginsel sal die hele nasionale stelsel bepaal. Volksonderwys moet deur en deur Christelik van aard wees, want daarin is 'n kultuurerfenis te vinde wat vir almal 'n Godgegewe erfenis sal bly.

Dis voldoende om daarop te wys dat die Christelik-nasionale beginsel tuishoort by die Afrikaner-Calvinis "omdat sy Protestants-Christelike religie die karakter van sy nasionalisme sal bepaal: 'n nasionalisme wat in die Christelike gefundeer is en altyd deur die Christelike gekwalifiseer moet wees".[24] Vir die onderwys is hierdie beginsel verreikend omdat dit "eis dat die Protestants-Christelike dryfkrag agter alles aangedui sal word".[25]

'n Derde belangrike beginsel in verband met die nasionale onderwysbeleid is die medium van onderrig wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding

---

23 Gunter, C.F.G., Opvoedingsfilosofieë, p. 393. Vgl. Du Toit, P.S., Nasionale Onderwysraad, 1971 in Die Unie, November 1972, p. 164.

24 Vermaak, D., Hoekstene vir 'n Nasionale Onderwysstelsel vir Suid-Afrika , in Die Skoolblad, Augustus 1970, p. 16.

25 Ibid., vgl. Fourie, J.J., Onderwyswetgewing in Roepingsperspektief , in Tydskrif vir Christelike Wetenskap (T.C.W.) 8e jaargang 1e kwartaal 1972, p. 10.

in die Staatskoerant[26] van 26 Junie 1970, soos volg afgekondig is: "Die moedertaal is die medium van onderrig van alle leerlinge tot en met die agste standerd of Nasionale Tegniese Sertifikaat (N.T.S. I)".[27] Verder word bepaal: "Die medium van onderrig in St 9 N.T.S. II en St. 10 N.T.S. III is die amptelike taal wat die ouer kies."[28]

'n Eenvormige beleid ten opsigte van moedertaalonderwys word vir die hele Republiek bepaal. Met 'n gelyke beregting van die twee landstaal-groepe, Engels- en Afrikaanssprekendes, is 'n belangrike fundamentele opvoedkundige beginsel landswyd bestendig omdat "moedertaalonderwys 'n voortreflike didaktiese beginsel is, moet die kinders van immigrante by die breë landsbeleid ten opsigte van die onderrigmedium inskakel".[29]

Voor die aanvaarding van Wet no. 39 van 1967 is 'n laaste poging aangewend om die klem te laat val op die oueraanspraak ten opsigte van die onderrigmedium terwyl dit eintlik 'n suiwer didaktiese beginsel is wat geensins binne die soewereiniteitsbeginsel van die ouer val nie. Met die aanname van Wet no. 39 van 1967 is hierdie poging summier verydel.[30]

Verder word daarop gewys dat die beginsel van moedertaalonderwys wêreldwyd aanvaar word as 'n "didaktiese noodsaaklikheid vir die voortreflikste ontwikkeling van dic menslike skoolpotensiaal. Letterlik alles wat deur die taal gedra word: die lewens- en wêreldbeskouing, die rigting, kultuur, tradisie ... ja alles kom in dié skool tot openbaring en verklaar sy karakter in teëstelling met dié van 'n ander taalskool".[31]

---

26 Suid-Afrika (Republiek), Goewermentskennisgewing no. 809, 16 Mei 1969, gewysig by Goewermentskennisgewing no. 80, 9 Januarie 1970 en Goewermentskennisgewing no. 1006, in Staatskoerant, 26 Junie 1970.

27 Ibid.

28 Suid-Afrika (Republiek), Goewermentskennisgewing no. 2398, in Staatskoerant, 16 Mei 1969.

29 Barnard, S.S., en Coetsee, A.G., Onderwys aan Blankes in Transvaal, p. 199 vgl. Fourie, J.J., Onderwyswetgewing in Perspektief in T.C.W. 8e jaargang, le kwartaal 1972, p. 6.

30 Vermaak, D., 1970a, op. cit., p. 328.

31 Bingle, H.J.J., Ons Lewens- en Wêreldbeskouing en Wet 39 van 1967, in 'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys 1970, p. 25.

'n Vierde belangrike beginsel is die van differensiasie. Na aanleiding van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (R.G.N.) se verslag van 1969 insake gedifferensieerde onderwys het die Minister van Nasionale Opvoeding in die Staatskoerant van 12 November 1971 'n nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys aangekondig wat met ingang 1 Januarie 1972 gevolg moes word.

Daar is "vier skoolfases, twee in die laer onderwys, naamlik die junior primêre skoolfase met skooljare een tot drie; die senior primêre skoolfase met skooljare vier tot ses, en twee in die middelbare onderwys, naamlik die junior sekondêre skoolfase met skooljare sewe tot nege, en die senior sekondêre skoolfase met skooljare tien tot twaalf. In die junior sekondêre skoolfase het die onderwys 'n breë algemeen-vormende inslag; is die meerderheid vakke verpligte vakke; en mag daar geen gedifferensieerde leerplanne aangebied word nie, maar word die leerstof gedifferensieerd aangebied volgens die opvoedkundige behoeftes van bepaalde groepe leerlinge".[32]

In die senior sekondêre skoolfase is daar die volgende studierigtings naamlik: die algemene; geesteswetenskaplike; handel; huishoudkunde; kuns; landbou; natuurwetenskaplike; praktiese; en tegniese studierigtings, waarvan een of meer aan 'n skool aangebied kan word en waarvan die eksamenvlak op 'n hoër of op 'n standaardvlak of op 'n hoër en op 'n standaardvlak aangebied word.[33]

Die Onderwyswet maak ook voorsiening dat sekere groepe leerlinge wat in die normale onderwys nie voldoende voordeel kan trek uit gewone onderrig nie maar wat nogtans opvoedbaar is, onderwys van 'n gespesialiseerde aard in spesiale skole of klasse kan ontvang.[34]

Gedifferensieerde onderwys kom daarop neer dat 'n leerling volgens sy bekwaamheid; volgens sy aanleg (vermoë/intellek/verstand) en volgens sy

---

32 Du Toit, P.S. 1972, op. cit., p. 164, vgl. Suid-Afrika (Republiek), Amptelike jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, 1975, pp. 689-690, vgl. Fourie, J.J., 1973, op. cit., pp. 158-159.

33 Suid-Afrika (Republiek), Goewermentskennisgewing no. 3306.

34 Ibid.

belangstelling onderwys moet ontvang. Elke leerling ontvang die soort onderwys waarby hy die meeste kan baat. Die opvoedkundige beginsel van differensiasie "is based on the idea that every child must be assisted to develop according to his own capabilities".[35]

Uit 'n Skriftuurlike oogpunt beskou, het God die mens geskape met talente.[36] Sommige het meer ontvang, ander weer minder met 'n spesifieke opdrag om daarmee te woeker en dit nie te begrawe nie. Ooreenkomstig die individuele verskille by leerlinge moet elke leering sy eie onderwys ontvang "indien ons hom tot volle ontplooiing wil bring".[37]

Die vyfde en sesde beginsels is twee[38] van die tien beginsels wat direk met onderwysbeheer te make het, naamlik dat "aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken word deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade",[39] en dat "by die onderwysbeplanning aan wenke en aanbevelings van die amptelike erkende onderwysersverenigings oorweging geskenk moet word".[40]

Die ouergemeenskap is die samelewingsverband wat, "prinsipieel, sowel as histories, met die skool gemoeid is. Die skool behoort primêr aan die ouer en dit is die ouer se prerogatief om die gees en die rigting van die skool te bepaal".[41] Die ouergemeenskap "het derhalwe prinsipieel die reg om geleenthede vir volwaardige ouerverteenwoordiging, deur hulle self aangewys, in die stelsel van onderwysbeheer te eis".[42] Hierdie

---

35 Duminy, P.A., The Educational Principle of Individualisation, in Bantoe-Onderwysblad, Mei 1972a, p. 30. Vgl. Du Toit, P.S., Voorsittersrede gelewer by S.A.O.U.-kongres, 1972 in Die Unie, Junie 1972b, pp. 503-504.

36 Mattheus 25:14-30.

37 Bingle, H.J.J., Differensiasie as een van die basiese probleme van ons onderwysstelsel, in Die Skoolblad, November 1965, p. 17.

38 Vermaak, D., 1970a, op. cit., p. 329.

39 Suid-Afrika (Republiek), Wet nr. 39 van 1967, art. 2(1)(h).

40 Ibid., art. 2(1)(i).

41 Vermaak, D., Hoekstene vir 'n Nasionale Onderwysstelsel vir Suid-Afrika, in Die Skoolblad, Augustus 1970b, p. 14.

42 Ibid., p. 14, vgl. Fourie, J.J., 1973, op. cit., p. 108.

ouergemeenskap wys uit hul eie geledere 'n liggaam aan wat namens die ouers optree in belang van die kind en sy onderwys. 'n Baie belangrike aspek van die funksie van skoolkommissies "lê opgesluit in die samewerking wat steeds nagestreef word tussen ouers en skool. Sonder ouersamewerking waarsonder ouerseggenskap ook haas ondenkbaar is, sal 'n skool en sy werk nie gedy nie".[43]

Hierdie medeseggenskap verleen aan die ouer geen reg om hom op die didaktiese terrein van die onderwys, "waarvan die skool soewereiniteit in eie kring besit, in te meng nie, mits laasgenoemde wel by die Christelike lewensbeskouing van die ouergemeenskap aansluit".[44]

Benewens skoolkomitees en beheerrade kan ouer-onderwysersverenigings ook gestig word. Die vernaamste doelstelling van die verenigings is om die onderwysers en ouers tot groter en betekenisvoller samewerking te beweeg sodat daar uiteindelik 'n goeie begrip vir en belangstelling in die onderwys verkry kan word. 'n Bekende opvoedkundige het die grondslag vir die nodige samewerking tussen huis (ouer) en skool saamgevat met dié woorde: "die skool en die huis vul mekaar aan en daarom moet hulle ook innig saamwerk. Vir die eenheid in die vorming en ontwikkeling van die kind, moet die twee instellings nie teen, ook nie langs mekaar verby werk nie, maar hulle moet albei in dieselfde rigting werk, en wel in beginsel in die gees en rigting van die huis, omdat die huis die eerste en die skool die tweede staan".[45]

Artikel 2(1)(i) van Wet nr. 39 van 1967 lui dat by die onderwysbeplanning aan wenke en aanbevelings van die amptelike erkende onderwysvereniging oorweging geskenk moet word. Met hierdie beginsel van medeseggenskap vir die georganiseerde onderwyserskorps, kan die "groep plaasvervangende ouers"[46] met reg aanspraak maak op medeseggenskap oor die onderwys wat histories voorheen nooit erkenning geniet het nie. Met hierdie bepaling in die Nasionale Onderwyswet word die soewereiniteitsbeginsel van die onderwyserskorps ten volle geëerbiedig.

---

43 Meiring, A.G.S., Ouerseggenskap in die Opvoeding, in Vrystaatse Onderwysnuus, Desember 1968, p. 9.

44 Vermaak, D., 1970b, op. cit., p. 14.

45 Coetzee, J.C., Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 1965, p. 87. Vgl. Coetzee, J.C., Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 1930, pp. 42-43. Vgl. Gunter, C.F.G., op. cit., p. 450.

46 Vermaak, D., 1970b, op. cit., p. 15.

Die ander beginsels wat nie in besonderheid bespreek word nie, sluit in. gratis onderwys met inbegrip van boeke en skryfbehoeftes, skoolplig, koördinasie op nasionale grondslag betreffende leerplanne, kursusse en so meer en eenvormige diensvoorwaardes en salarisskale.

Benewens die bogenoemde beginsels maak die nasionale onderwysbeleid ook voorsiening vir onderwysopleiding wat nie in hierdie verhandeling bespreek gaan word nie. Met hierdie onderwysbeginsels tans vasgelê in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, is dit moontlik om 'n gesonde onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika te ontwikkel.

## 1.3 DIE N.G. KERK WERK SAAM

Verskeie instansies, persone en kerke het besondere bydraes gemaak tot die verkryging van hierdie nasionale onderwysbeleid in Suid-Afrika, onder andere die Nederduitse Gereformeerde Kerk (N.G. Kerk) en van sy predikante.

Vir Oberholzer hang die betrokkenheid van die kerk by die onderwys saam met die feit dat dit in die onderwys gaan oor 'n mens, 'n jeugdige wat vir die kerk sowel as vir die staat die kosbaarste besitting is.[47] Dié mens waarmee die kerk te doen het of kry, is dié mens wat staatsonderwys ontvang het of nog gaan ontvang. Wat belangrik is, is die feit dat die soort onderwys wat die belydende of dooplidmaat ontvang "regstreeks en onregstreeks sy plek en betekenis in die kerklike lewe bepaal".[48]

Van 1842 het die N.G. kerk reeds probeer om onderwysers op te lei. Later is daar die leerling-onderwyserstelsel (pupil teacher) ingevoer en veel later het die Sinode van die Kaap hom beywer om 'n Normaalkollege in die Kaap tot stand te bring. Die kerk het later ook nywerheidskole, skool vir blindes en dowes en koshuise tot stand gebring.

---

47 Oberholzer, C.K., Die Kerk en die Onderwys in <u>Die Hervormer</u>, Junie 1955, p. 9.

48 <u>Ibid</u>.

Wat die N.G. Kerk betref, kan gesê word dat geen ander instansie buite die staat soveel vir die bevordering van die onderwys in Suid-Afrika gedoen het nie. Soveel so dat die owerheid hom baie keer na die kerk vir advies oor bepaalde gesigspunte in die onderwys gewend het. Vandaar dat predikante van die N.G. Kerk so 'n belangrike rol gespeel het en somtyds vanselfsprekend op onderwyskommissies gedien het. Die veteraanstaatsman, John X. Merriman het dan ook getuig dat die N.G.-predikante die beste vriende van die opvoeding in Suid-Afrika was en verklaar dat die kerk dank verskuldig was aan die N.G. Kerk.

In die vyftigerjare van hierdie eeu het die drie Hollandse Kerke van Suid-Afrika besluit om 'n interkerklike komitee uit hul onderskeie kerke saam te stel wat die owerheid kon nader om 'n nasionale onderwysbeleid vir Suid-Afrika daar te stel.[49]

## 1.4 DIE SAMEWERKING TUSSEN DIE KERK EN SKOOL VAN DIE AFRIKANER

### 1.4.1 Ter inleiding : Historiese agtergrond

Met die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 in Tafelbaai was die Tagtigjarige Godsdiensoorlog tussen Protestant en Katoliek iets van die verlede.[50] Dit is dus begryplik dat "toewyding aan die ideale van die Hervorming, wat uiteindelik so 'n dure oorwinning behaal het, die kern van die opvoedingstelsel in Nederland sou vorm".[51] Dit sou eweneens die kern vorm van die eiesoortige blanke beskawing wat hier te lande verrys en waarvan die Afrikanervolk die draer geword het.[52]

Hierdie diepgewortelde godsdienssin wat die Nederlandse volk aan die Kaap uit die Godsdiensstryd geërf het, is later versterk met die aankoms van die Franse Hugenote wat ter wille van hul Protestantse geloof na ander lande uitgewyk het en "deel van die Afrikanervolk geword het".[53]

---

49 Ibid.

50 Potgieter, F.J., en Swanepoel, C.B., Temas uit die Historiese Pedagogiek, p. 110.

51 Pistorius, P., Gister en vandag in die Opvoeding, p. 262.

52 Ibid .

53 Ruperti, R.M., Die Onderwysstelsel in Suider-Afrika, p. 15. Vgl. Wiid, J.A., Die Geskiedenis van die Afrikaner , in P. de Vos Pienaar red., Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p. 16.

Die Hervorming het vroeg al die belangrikheid en noodsaaklikheid van die opvoeding en onderwys beklemtoon.[54] In die lig daarvan dat die aanvanklike onderwys in Suid-Afrika benader is vanuit die standpunt dat die hoofdoel van die Kaap net 'n tydelike halfweghuis was, net die "stigting van 'n skool vir Blanke kinders in die eintlike sin van die woord nog agterweë gebly".[55]

Reeds vroeg in die geskiedenis van Suid-Afrika het skool en kerk in noue verband met mekaar gestaan en 'n onafskeidelike eenheid gevorm, want "nie alleen het die kerk die skool en die onderwysers voorsien nie, maar die doel van die onderwys was ook kerklik, naamlik om die grondslag van 'n Christelike lewenswyse te lê en die kind vir kerklidmaatskap voor te berei".[56] Die Bybel was nie alleen "die sedelike grondslag van hul lewe nie, maar ook 'n bron van kennis vir die daaglikse bestaan".[57] Elke aspek van die opvoeding moes in die lig van God se Woord staan. Omdat die skoolopvoeding nie van die godsdienstige geskei kon word nie, eis die kerk dan dat die "kinders van sy lidmate tuis en op skool in 'n Christelike gees opgevoed moet word".[58]

Alhoewel onderwys in Nederland die staat se troetelkind was, het die kerk ook 'n baie vername rol gespeel in die skoolpraktyk deur sy medeseggenskap oor die aanstelling van leerkragte wat lidmate van die kerk moes wees. Begryplikerwys het die kerk sy houvas op die onderwys verstewig, want albei moes een verhewe doel dien.[59] En die jarelange stryd om

---

54 Ruperti, R.M., en Du Plooy, J.L., Die Opvoedingstaak, p. 40. Vgl. Stone, H.J.S., 1972, op. cit., p. 113.

55 Du Toit, P.S., 1976, op. cit., p. 1.

56 Pistorius, P., op. cit., p. 264. Vgl. Du Toit, P.S., 1976, op. cit., pp. 5 en 8. Vgl. Wiid, J.A., op. cit., p. 18.

57 Ibid.

58 Ruperti, R.M., en Du Plooy, J.L., red., op. cit. p. 43. Vgl. Stoker, H.G., Stryd om die Ordes, p. 240; Gunter, C.F.G., op. cit., p. 438; Coetzee, J.C., 1930, op. cit., pp. 64-70; Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., op. cit., pp. 95-96.

59 Pistorius, P., op. cit., p. 264. Vgl. Malherbe, E.G., op. cit., p. 23.

godsdiensvryheid het die kerklike inslag nog verder versterk sodat die opvoeding en onderwys van die 17de-eeuse Nederland 'n godsdienstige en kerklike stempel gedra het.[60] Hierdie erfenis het later onder die Hollands Oos-Indiese Kompanjie (H.O.I.K.) die grondslag geword van 'n nuwe volksplanting aan die Kaap. Gedurende die H.O.I.K. se bewind het die onderwys gevolglik in Nederland vir meer as 'n eeu lank onder kerklike beheer gestaan. Hierdie intieme kerk-skool-verhouding is byna onveranderd na die Kaap oorgeplaas met hier en daar 'n wysiging om by plaaslike omstandighede aan te pas..

Die onderwys aan die Kaap was aanvanklik in die hande van 'n sieketrooster,[61] 'n kerklike amptenaar wat 'n baie eenvoudige vorm van onderwys aangebied het en wat voldoen het aan die eise van die pionierslewe.[62]

Die onderwys was later in die hande van onderskeie kerkrade[63] wat wel goedkeuring moes verkry van die Goewerneur-in-Rade as daar onderwysers afgedank of aangestel word.[64]

Teen die einde van die 17de eeu was daar aan die Kaap 'n geringe uitbreiding op onderwysgebied. Dit kan veral toegeskryf word aan die kerk se bemoeienis. So het een van die besoekende kommissarisse van die H.O.I.K. in 1685 'n regulasie uitgevaardig "dat de predikant twee maal ter weke de schole (skool) sal visiteren en vernemen hoe zij al vorderen".[65]

---

60 Keyter, J. de W., Die opvoedingsideaal en -strewe van die Afrikaner, in P. de Vos Pienaar red., Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 1968, p. 214.

61 Ook genoem krankebesoeker, voorsanger en voorleser. Hy was nie alleen belas met onderwys nie, maar moes selfs siekes behandel. Vgl. Malherbe, E.G., op. cit., pp. 28, 29 en 46; Pistorius, P., op. cit., p. 265; Gerdener, G.B.A., Kultuurhistoriese Bydraes van die Ned. Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, in P. de Vos Pienaar red., op. cit., p. 191.

62 Pistorius, P., op. cit., p. 265. Vgl. Die Nuusbode, 2 April 1663, pp. 23-24.

63 Du Toit, P.S., 1976 op.cit., pp.8-9. Vgl. Pistorius, P., op.cit., p. 265.

64 Malherbe, E.G., op.cit., pp. 34-35; vgl. Pistorius, P., op. cit., p. 265.

65 Pistorius, P., op. cit., pp. 266-267. Vgl. Malherbe, E.G., op. cit., p. 35 (sien voetnoot).

Die onderwys op die buiteposte en -distrikte was in 'n haglike toestand. Gebrek aan paaie en brûe, asook die lang afstande was die vernaamste oorsake dat talle kinders nie die gevestigde skole kon besoek nie. Die onderwys was baie elementêr en het onder die sorg van die kerk gestaan. Dit was veral die plattelandse veeboere op hul afgeïsë voorposte en plase wat die beskawende invloed van kerk en skool die ergste gemis het. Rondtrekkende boereskoolmeesters, meestal oud-soldate en gedroste matrose van die Kompanjie, is deur die ouers in diens geneem om hulle kinders aan huis die nodige kennis by te bring veral die basiese onderrig in lees, skryf en rekenkunde,[66] en in die Bybel en die kategismus. Die einddoel van die onderwys was hoofsaaklik om die jong mense tot lidmate van die kerk op te lei en hulle moet in staat wees om die Bybel te lees.

Sommige van hierdie skoolmeesters is later met boeredogters getroud terwyl ander die Trekkers die binneland in gevolg het en verhoed het dat die bevolking ongeletterd raak. Selfs in die latere Boererepublieke het hulle waardevolle werk verrig en soms as predikante opgetree. Deur hulle toedoen het die opkomende geslagte met die Bybel vertroud gebly. Hierdie stelsel van "ouerinisiatief en direkte beheer deur die ouers, was die kiem waaruit mettertyd die C.N.O.-gedagte sou spruit".[67]

Met die tweede Britse inbesitname van die Kaap het hierdie veroweraar hom ten doel gestel om kerk en skool as magtige wapen te gebruik in 'n verengelsingsbeleid. Dit het egter baie gou verset uitgelok. Kort hierna het die Afrikaner-nasionalisme[68] ook ontwaak. Dit het as teenvoeter teen die verengelsingsbeleid gedien. Die Afrikaner oorweeg al hoe meer Christelik-nasionale onderwys, 'n gedagte wat reeds in die 17de eeu op die buiteposte aan die Kaap gebore is.

---

66 Vgl. Keyter, J. de W., op. cit., 1968, p. 217, vgl. Du Toit, P.S., op. cit., 1972, p. 5., vgl. Wiid, J.A., op. cit., p. 18.

67 Pistorius, P., op. cit., p. 267, vgl. Potgieter, F.J. en Swanepoel, C.B., op. cit., pp. 113-115; vgl. Malherbe E.G., op. cit., p. 12.; vgl. Gunter, C.F.G., op. cit., p. 433.

68 Scholtz, du P.J., Die Afrikaner en sy Taal, 1939, p. 161; vgl. Rhoodie, N.J. en Venter, H.J., Die apartheidsgedagte, p. 82; vgl. Muller, C.F.J., Die Britse Owerheid en die Groot Trek, pp. 68 en 78; vgl. Van Jaarsveld, F.A., Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, Inleiding; vgl. Strauss, H.J., Christelik-Nasionaal en C.N.O., p. 2.

Hierdie C.N.O.-gedagte het later 'n "blywende deel van die Afrikaner se onderwysdenke geword",[69] asook 'n "onafskeidbare deel van sy lewensbeskouing wat altyd as ideaal sou voortleef en waarvan sy belangrikste Calvinistiese beginsels in die 1967-Onderwyswetgewing reeds tot praktyk uitgekristalliseer het".[70]

1.4.2 Enkele beginsels ten grondslag van hierdie intieme samewerking

In 'n bespreking van die noue verband tussen die kerk en skool van die Afrikaner, is dit nodig om op enkele Calvinistiese wysgerige beginsels te let wat deur beide die kerk en die skool aanvaar is as grondliggend tot hulle samewerking.

In die lig van die feit dat die skool as 'n samelewingsverband 'n vervlegting is van sosiale strukture soos die skool met die staat, kerk en ouers word verwys na die beginsels dat sosiale gesagstrukture oor soewereiniteit binne die verband beskik en dat die sosiale strukture aan 'n vervlegtingsbeginsel onderworpe is wat 'n eenheid sowel as 'n verskeidenheid daar stel.

1.4.2 (a) Die soewereiniteitsbeginsel van sosiale gesagstrukture

Alle benaderings vanuit 'n Calvinistiese standpunt betreffende samelewingsverbande begin vanuit die Skriftuurlike grondwaarheid dat God die Skepper[71] en Onderhouer van alles is.

God het die mens geskape, en die "mens is slegs ten dele 'n individuele wese. Hy is dan ook 'n sosiale wese en is saam met ander in menslike verbande verbind".[72] Elkeen van hierdie verbande vorm 'n "unieksoortige

---

69 Pistorius, P., op. cit., p. 305; vgl. Ruperti, R.M., op. cit., p. 48.

70 Pistorius, P., op. cit., p. 312., vgl. Strauss, H.J., op. cit., p. 32; Stone, H.J.S., Opvoeding en Religie, 1971, pp. 18-19.

71 Genesis 2:7.

72 Stoker, H.G., op. cit., p. 229., vgl. Spier, J.M., Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte, 1972, p. 84.

eenheid"[73] met 'n eie struktuur, funksie, taak en roeping, en is selfstandig. Elke samelewingsverband is dus soewerein in eie kring, maar ook terselfdertyd ondergeskik aan die Absolute Soewereiniteit van God.

A. Kuyper, H. Dooyeweerd, J.M. Spier, H.J.S. Stone, J.H. van Wyk, H.G. Stoker en ander skrywers[74] is dit eens dat elke samelewingsverband sy eiesoortige eenheid, funksie, struktuur, taak en roeping besit wat, hoewel selfstandig, oorkoepel word deur die Absolute Soewereiniteit van God. Voorbeelde van samelewingsverbande is die skool, kerk, staat en huisgesin. Die skool is derhalwe 'n "eiesoortige (hoewel nie geïnstitueerde, dan tog Godgewilde) sosiale struktuur met 'n eie samestelling en gesagstruktuur",[75] asook 'n eie taak en terrein; daarom mag geen ander samelewingsverband oor die skool heers nie. Skool en kerk is soewerein in eie kring. Elkeen kan sy eie taak en funksie vervul en is nêrens ondergeskik aan mekaar en die een speel nie baas oor die ander nie. Hulle is wel nou verbonde aan mekaar, maar elkeen erken mekaar se eiewetlikheid en selfstandigheid.

Die kerk as samelewingsverband staan in "inter-verbandelik samehang met al die ander samelewingsverbande deur sy intieme vervlegtheid met hulle".[76] Hierdie aspek van vervlegting sal later bespreek word.

Die kerk het geen direkte seggenskap in die skool as selfstandige samelewingsverband nie, maar slegs indirekte seggenskap via sy belydende lidmate vir die daarstelling en instandhouding van 'n Christelike skool waar die doopbelofte nagekom kan word.[77]

---

73 Stoker, H.G., op. cit., p. 229; Vgl. Van Wyk, J.H., Religie, Opvoedkunde en Opvoeding, p. 75.

74 Vgl. Werke van A. Kuyper, H. Dooyeweerd, J.M. Spier, H.J.S. Stone, J.H. van Wyk en H.G. Stoker en andere in hierdie verband.

75 Van Wyk, J.H., Die Christelike skool, 1971, p. 75.

76 Ibid., p. 82.

77 Ibid., vgl. Gunter, C.F.G., op. cit., p. 451.

Dit is duidelik dat "die soewereiniteit van die menslike verbande en mondigheid van die individu 'n afgeleide soewereiniteit is wat van God ontvang word en waarvoor daar aan Hom verantwoording verskuldig is".[78] Geen "samelewingsverband het die reg om op selfgenoegsaamheid aanspraak te maak nie, want Absolute Soewereiniteit is slegs in God geleë",[79] en mag nooit verabsoluteer word nie "omdat elke lewensinstelling ook primêr onderworpe bly aan die Wet van God en die norme wat God in sy Skeppingsorde gelê het, sodat die soewereiniteit in eie kring van elkeen van hierdie samelewingsverbande ... deur die Absolute Soewereiniteit oorkoepel word wat in die Wet van God gegee is".[80]

### 1.4.2 (b) Die vervlegtingsbeginsel van die sosiale strukture

Om hierdie fundamentele beginsel te begryp, moet die Woord van God as primêre basis gebruik word. Alles staan onder die Wet van God. Daarom is daar 'n "kosmiese eenheid in die ryke verskeidenheid wat God in Sy skepping gelê het, sodat niks los van mekaar staan nie en alles in samehangende en mekaar-veronderstellende enkaptiese vervlegtingsverband gegee is".[81]

Met die spraakverwarring by die toring van Babel[82] het die eenheid gelei tot verskeidenheid, want verskillende nasies het vanuit hierdie gebeurtenis hul beslag gekry. Almal wat dieselfde taal gepraat het, het één volksgroep gevorm wat weer gelei het tot volkseenheid, want in die staat moet altyd tot openbaring kom die volkseenheid en in die volksgemeenskap, daarenteen, die volksverskeidenheid, 'n verskeidenheid wat nie die wese van die volksgemeenskap aantas nie.[83]

---

78 Vermaak, D., 1970b, op. cit., p. 18. Vgl. Stoker, op. cit., p. 228.

79 Ibid., p. 18. Vgl. Kalsbeek, L., De Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 186.

80 Fourie, J.J., 1973, op. cit., p. 106. Vgl. Fourie, J.J., Prinsipiële toeligting in verband met die samewerking tussen huis en skool in die ouer-onderwysersvereniging in Die Skoolblad, Maart 1968, p. 10.

81 Ibid., vgl. Spier, J.M., 1972, op. cit., p. 106.

82 Genesis 11:9.

83 Coetzee, J.C., 1930, op. cit., p. 87.

Vir die Calvinis "het God nie net die kosmos begrens en aan Sy Wetsorde onderwerp nie, maar ook 'n ryke verskeidenheid daaraan gegee toe Hy dit in radikale verskeidenheid geskape het",[84] en as gevolg daarvan is die hele skepping as't ware 'n vervlegting en ineengeweefdheid van intieme verbande wat van mekaar afhanklik is en nie geïsoleerd is nie. Die een het die hulp van die ander nodig. Verder is 'n "onderlinge harmoniese aanvulling 'n vereiste en moet elkeen sy afhanklikheid van die ander erken",[85] ofskoon elkeen sy "eie spesifieke roeping en soewereiniteit het".[86]

Ook uit die "samehang van die verskeidenheid volg dit dat die hele skepping intiem vervleg is";[87] daarom dat alle samelewingsverbande verplig word om met mekaar onderling saam te werk, die God bepaalde taak te vervul en hierdie samehang altyd "te soek en te aanvaar sonder om die radikale verskeidenheid geweld aan te doen".[88] Die verskeidenheid en die eenheid is "in alles samehangende en mekaar-veronderstellende verband gegee",[89] want "Gods schepping is één groot en rijk geheel, in volle zin een kosmos, een sieraad. Maar een Kosmos met rijke zin - verscheidenheid, en die verscheidenheid veel samenhangen, door welke de eenheid bewaard wordt."[90]

### 1.4.3 Die Afrikaner se kerk en skool werk nou saam

In die lig van die voorafgaande beginsels is dit nodig om in hierdie gedeelte te let op die noue verband of skakeling tussen kerk en skool as opvoedingsinstansies in die geskiedenis van die Afrikaner.

---

84 Vermaak, D., 1970a, op. cit., pp. 16-17.

85 Ibid., p. 21. Vgl. Spier, J.M., 1972, op. cit., p. 106; vgl. Stoker, H.G., op. cit., p. 270.

86 Ibid.

87 Ibid.

88 Ibid.

89 Fourie, J.J., 1968, op. cit., p. 10.

90 Spier, J.M., Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee, 1950, p. 55.

Die belang wat die kerk by opvoeding het, word onder andere deur die doopbelofte weerspieël. Volgens die Doopformulier belowe ouers om hulle kinders as hulle opgroei in die leer te onderrig en te laat onderrig.[91] Die kerk se groot taak in hierdie verband is dan juis om deur die kategese die gelowige ouers behulpsaam te wees in hulle taak en terselfdertyd sy eie lerende opdrag uit te voer.[92]

Die kerk kan ook van sy belydende lidmate verwag "om te sorg vir die daarstelling en instandhouding van 'n Christelike skool waar die doopbelofte nagekom kan word".[93] Eers wanneer die kind belydenis van sy geloof afgelê het, het die ouer sy doopbelofte nagekom.

Op grond van hierdie doopbelofte verkry die kerk die reg om ter wille van sy lidmate via die kansel of deur middel van kerkraadsvergaderings 'n vermanende woord te rig tot die skoolowerhede. Die kerk het geen direkte seggenskap in die skool as samelewingsverband nie en kan dus nie direk inmeng nie. Hy kan slegs sy lidmate wat deel van die skool uitmaak, versoek om 'n invloed uit te oefen.[94]

Verder is die ouers ook verbondsouers van God vanweë hulle geloofsbelydenis.[95] Die kerk sien die "kind as verbondskind. Die ouers is belydende lidmate en hulle kinders het voortgekom uit die skoot van die gemeenskap van die gelowiges en is daarom kinders van die kerk en die verbond".[96] 'n Kind word gedoop omdat hy kragtens die nuwe verbond deur die skakel van die gelowige ouer, lidmaat van Christus is.

Wat die verhouding tussen kerk en skool betref, is dit duidelik dat kerk en skool "twee selfstandige institute is wat uit die aard van die saak geen oorspronklike verband het nie";[97] daarom het die kerk "geen direkte

---

91 Formulier om die Heilige Doop aan die kindertjies van die Gelowiges te bedien in Berymde Psalms en Gesange, p. 135.

92 De Villiers, D.W., Zeeman, M.T.S., Viljoen, D.J., Leer uit die Woord, p. 98.

93 Van Wyk, J.H., Die Christelike Skool, 1971, p. 82. Vgl. Landman, W.A., Leesboek vir die Christen-Opvoeder, p. 100.

94 Van Wyk, J.H., 1971, op. cit., pp. 82-83.

95 De Villiers, D.W., Zeeman, M.T.S., Viljoen, D.J., op. cit., p. 96.

96 Coetzee, J.C., 1930, op. cit., p. 371. Vgl. Ruperti, R.M., op. cit., p. 79; Van Wyk, J.H. 1971, op. cit., pp. 82-83.

seggenskap oor die skool nie; dit kan nie oor die skool heers nie"[98] en is nie by magte om skole te stig nie. Slegs in noodgevalle kan die kerk skole stig, want wat doel en oorsprong betref, verskil hulle wesentlik van mekaar. Die kerk as "samelewingsverband staan in inter-verbandelike samehang met al die ander samelewingsverbande deur sy intieme vervlegtheid met hulle".[99]

Die kerk spruit uit die besondere genade van God en is in sy wese "'n instelling met 'n geweldige opvoedingstaak en -funksie"[100] met die uiteindelike taak om die kind tot God te lei in die vrese van Sy naam. Met kerk word hier bedoel "die kerk as instituut en nie as organisme wat funksionerend teenoor die onderwys optree"[101] nie.

'n Ander kwalifikasie is dat alle opvoeding van die kerk as instelling suiwer amptelik is, dit wil sê, dit is diens. As gemeenskap "is dit die vergadering van die gelowiges maar in sy amptelike bediening is dit ook die moeder van die gelowiges wat hulle voed en versorg as kinders".[102]

Waar die kerk uit die besondere genade van God spruit, spruit die skool daarenteen uit die vrug van die algemene genade en "behoort tot die terrein van die skepping en kom uit die huis as aanvulling daarvan op:

---

97 Van Loggerenberg, N.T., en Jooste, A.J.C., op. cit., p. 95. Vgl. Coetzee, J.C., 1930, op. cit., p. 379.

98 Ibid. Vgl. Scholtz, J. du P., op. cit., pp. 182, 185.

99 Van Wyk, J.H. 1971, op. cit., p. 82.

100 Coetzee, J.C., 1930, op. cit., p. 370.

101 Vermaak, D., 1970a, op. cit., p. 46. Vgl. Pienaar, J.J., Onderwys - die standpunt van die N.G. Kerk, in Die Kerkbode, 7 Februarie 1968, p. 200.

102 Coetzee, J.C., 1930, op. cit., p. 370.

dit wil aan die kind die nodige kennis en kundighede onderrig"[103] en hom dus vir die volle lewe opvoed.

Anders as die skool "is die uitgangspunt van die kerk bonatuurlik en geleë in die geopenbaarde Woord van God en in die wedergeboorte".[104]

Die kerk erken derhalwe die selfstandigheid en die eie bevoegdheid van die skool, want "die optrede van die kerk is nooit voorskrywend nie maar alleen vermanend, raadgewend en beïnvloedend".[105] Kerk en skool is wedersyds so afhanklik van mekaar ten opsigte van die opvoeding en onderwys van die kind; daarom moet daar die "nouste samewerking en harmonie tussen die betrokke samelewingsverbande wees".[106] Hierdie noue samewerking kan alleen verkry word as "ouer en onderwyser deur die leiding van die Heilige Gees hul opvoedingstake op hul besondere terreine na wense uitvoer".[107] Kortom gestel: die kerk moet hom dus op indirekte wyse wel bemoei met die opvoeding en onderwys van die kind.

Die kerk en skool van die Afrikaner het 'n lang pad saamgeloop. Dit het saam met Jan van Riebeeck, die Hollandse Protestant, na die Kaap gekom en die grondslag gelê vir die Kaapse onderwys[108] wat 'n anderhalfeeu sou duur. Na afloop van die Anglo-Boere-oorlog was dit die kerk van die Afrikaner wat as kampvegter vir C.N.O.-skole na vore getree het.

Verskeie gebeure die afgelope veertig jaar getuig van die intieme samewerking tussen kerk en skool. Met die amptelike ingebruikname van die Afrikaanse Bybel in Augustus 1933, asook die simboliese Ossewatrek van 1938, het 'n gees van nasionalisme opnuut onder die regdenkende Afrikaner ontstaan om dit wat sy volkseie is (kerk, skool, taal en kultuur) lief

---

103 Ibid., p. 380; Vgl. Van Loggerenberg, N.T., en Jooste, A.J.C., op. cit., pp. 95-96.

104 Pienaar, J.J., op. cit., p. 200.

105 Ibid., p. 202.

106 Van Wyk, J.H., Die implikasies van 'n Christelike mensbeskouing vir die Opvoedkunde en Opvoeding, s.j., p. 10; vgl. Landman, W.A., Leesboek vir die Christen-Opvoeder, p. 104.

107 Scholtz, J.P., Skool en Samelewing, in Fokus, Maart 1976, p. 265.

108 Fourie, J.J., 1973, op. cit., p. 125.

te hê en te bewaar vir die nageslag. Onder andere het die kerk in samewerking met die skool gesorg dat elke Afrikanerkind 'n Afrikaanse Bybel[109] in sy eie moedertaal ontvang.

Nog 'n mooi voorbeeld van noue skakeling tussen kerk en skool was toe die Kaapse Onderwysdepartement in 1947 in samewerking met die N.G. Kerk van Kaapland 'n besondere kursus vir die Kaaplandse onderwysers in godsdiensonderwys te Uitenhage gehou het.

Miskien die beste voorbeeld van noue skakeling tussen kerk en skool gedurende die afgelope drie dekades, is toe die kerk hom geroepe gevoel het om in te gryp in die onderwystoestand op sekondêre skoolvlak en die Interkerklike Komitee (I.K.K.) van die drie Afrikaanse susterskerke vir die doel in 1954 gestig is.

## 1.5 DIE INTERKERKLIKE KOMITEE (I.K.K.) EN DIE ORANJE-VRYSTAATSE ONDERWYSERSVERENIGING (O.V.S.O.V.)

### 1.5.1 Die I.K.K.

Die Interkerklike Komitee (hierna die I.K.K. genoem) is 'n komitee bestaande uit verteenwoordigers van die N.G. Kerk (met lede uit elke provinsie), die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk, met ander woorde, dis 'n komitee of kommissie wat tussen die drie Afrikaanse susterskerke gestig is.

### 1.5.2 Die stigting, doel en strewe van die I.K.K.

Die stigting van die I.K.K. het van kerkweë plaasgevind toe die onderwys in 'n noodsituasie verkeer het, toe die staat sy plig versuim het om onderwys op 'n gesonde nasionale grondslag te koördineer.

---

109 Toe ek op skool was in 1933, het die N.G. Gemeente van Dordrecht die Afrikaanse Bybel teen 6d (5c) per Bybel verkoop. Leerlinge wat behoeftig was het die Bybel gratis ontvang.

Nadat die Sinodale Jeugkommissie, waaronder onderwys gesorteer het, die Transvaalse Onderwysbeleid (1951) deeglik bestudeer het, het die betrokke Kommissie 'n memorandum opgestel wat in 1952 ter tafel gelê sou word. Hierna is 'n tweede memorandum opgestel. Na sorgvuldige besinning is daar toe besluit om goedkeuring van die drie Afrikaanse susterskerke te verkry vir die samestelling van 'n gesamentlike komitee om op die onderwysbeheer en -beleid in te gaan. Dit is toe gedoen en die I.K.K. het op 23 Februarie 1954 tot stand gekom.

Die doel en strewe van die I.K.K. was om by wyse van gesamentlike optrede 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika te verkry deur die opheffing van verdeelde onderwysbeheer op sekondêre skoolvlak en die daarstelling van 'n nasionale onderwysbeleid. Anders gestel: die I.K.K. se doel en strewe was dat

- "Uniale onderwysbeleid, soos in bylae 1 in breë trekke aangedui is, in Uniale wetgewing, voorskriftelik en magtigend, beliggaam moet word; en
- die horisontale skeidslyn tussen alle vorms van sekondêre onderwys (handels-, tegnies-, huishoudkundig-, landboukundig) en hoër onderwys ... herstel en gehandhaaf moet word, ten einde die volle geleentheid vir die toepassing van effektiewe gedifferensieerde sekondêre onderrig ten bate van die jeug van ons land te verseker."[110]

'n Kerkman wat 'n sleutelrol in die aktiwiteite van die I.K.K. gespeel het, was ds. Jan du Plessis.

### 1.5.3 Die stigting, doel en strewe van die O.V.S.O.V.

Die I.K.K. is in sy aksie vir 'n nasionale onderwysbeleid vir blanke onderwys ondersteun deur verskeie onderwysersverenigings onder andere die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging.

Hierdie Onderwysersvereniging (hierna genoem die O.V.S.O.V.) het in 1892 tot stand gekom. Dr. Johannes Brill (hoof van Grey Kollege)

---

110 Interkerklike Komitee van Hollandse Kerke, Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys, p. 35.

het op versoek van verskeie onderwysers die leiding geneem. Dr. Brill het die behoefte aan so 'n vereniging besef en die saak met dr. John Brebner, Direkteur van Onderwys in die Vrystaat, bespreek. Laasgenoemde het die onderwyserskorps deur middel van 'n omsendbrief aangaande so 'n stigting getoets[111] en daarna self die nodige stappe vir die stigting geneem.[112]

'n Voorlopige komitee onder voorsitterskap van dr. Brill is gekies om op 16 April 1892 te vergader om 'n voorlopige reglement en sakelys op te stel en die stigtingskonferensie op 23 Junie 1892 te Bloemfontein georganiseer. Op hierdie konferensie van vyftig lede is toe oorgegaan tot die stigting van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging met dr. J. Brill as voorsitter en mnr. P. Elffers as sekretaris. Dis interessant om te weet dat die Staatspresident van die Vrystaat, pres. M.T. Steyn, self op hierdie stigtingskonferensie teenwoordig was om sy "ingenomenheid met die stap te kenne te gee".[113]

Die doel en strewe van die O.V.S.O.V. was tweërlei van aard, naamlik "om onderwysers se belange te bevorder en aan hulle die aansien van 'n gekoördineerde professie te gee, en om die hoogste belange van opvoeding en onderwys te bevorder".[114]

In Artikel 2 van die O.V.S.O.V.-grondwet is die doel so geformuleer: "de onderwijzers van den O.V.S. met elkander bekend te maken door het houden van geregelde bijeenkomsten en door gezelligen omgang en onderlinge gedachtenwisseling over zaken betreffende opvoeding en onderwijs"[115] en verder "door het nemen van besluiten, het richten van petitien aan de Regering en alle overige wettige wyzen de belangen van het Onderwys en den Onderwyzerstand te bevorderen".[116]

---

111 Volsteedt, A.K., Dr. Johannes Brill in Die Skoolblad, September 1967, p. 14.

112 Redaksioneel, Ons Vereniging 'n skakel tussen twee republieke, in Die Skoolblad, September 1961, p. 1.

113 Ibid.

114 Henning, J.A., Oorsigbeeld van die geskiedenis van die O.V.S.O.V., in Die Skoolblad, September 1967, p. 8. Vgl. Fourie, J.J., Toekomsblik vir die Roepingstaak, in Die Skoolblad, September 1967, p. 34.

115 Henning, J.A., Kantoorkorrespondensie, in Die Skoolblad, Kongresuitgawe, Augustus 1976, p. 9.

116 Ibid.

Die O.V.S.O.V. het verskeie kere in die verlede aktief die belange van die onderwysprofessie probeer bevorder. So het die vereniging hom in die vyftigerjare sterk beywer vir die opheffing van verdeelde onderwysbeheer. Vir dié doel is die aksie van die I.K.K. ondersteun.

Gelukkig vir die O.V.S.O.V., het die kerkman, ds. J.C. du Plessis, wat hom vir so baie jare deur middel van die I.K.K. beywer het vir 'n nasionale onderwysbeleid vanaf 1956 as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. oorgeneem. Sy optrede en tydskrifartikels vanuit hierdie hoek het verder gehelp om die nasionale onderwysbeleid 'n werklikheid te maak.

# HOOFSTUK 2

## 'n KORT LEWENSKETS VAN DS. J.C. DU PLESSIS (OOM JAN)

### 2.1 EERSTE LEWENSJARE

Jan Christoffel du Plessis is gebore op 4 Junie 1893 op die plaas Gelegenfontein in die distrik Steynsburg. Hy was die jongste van sy moeder se agt kinders. Sy vader, J.C.M.D. du Plessis, was twee keer getroud.

A.S. du Plessis, die oudste van die eerste vrou se kinders, was baie jare lank lid van die Kaapse Parlement en een van die persone wat gehelp het om die petisies in die kiesafdeling Albert te laat opstel wat aanleiding gegee het tot die erkenning van Hollands as tweede voertaal in die Kaapse Parlement.

J.C.M.D. du Plessis was die mede-stigter van die dorp en die Nederduits Gereformeerde Gemeente Steynsburg en was alombekend vanweë sy aktiewe optrede in Kerkraads-, Rings- en Sinodale vergaderings.

Sy moeder was 'n nooi Kalp. Haar vader was eers 'n boereskoolmeester voordat hy later jare gaan boer het. Uit die geslag van sy vader het drie kinders tot die evangeliebediening en twee-en-twintig tot die onderwys toegetree. Van laasgenoemde het twee inspekteurs van onderwys geword.

Ds. J.C. du Plessis is getroud met mej. Sue Rothman, 'n niggie van die bekende skryfster M.E.R. Hulle het drie seuns Heinrich, Christo en Pieter gehad.

## 2.2 JEUG- EN SKOOLJARE

Die plaaslewe met al sy bedrywighede het 'n groot indruk op die jong Jan Christoffel du Plessis gemaak.

Sy vader het langs die huis 'n skoolkamer gebou. In daardie skoolgebou het hy sy eerste onderrig ontvang. Hierdie onderrig was 'n tipiese "huis"-onderwys wat reeds baie vroeg aan die Kaap bestaan het en wat deur boereskoolmeesters wat by huisgesinne ingewoon het of van huis tot huis gegaan het, waargeneem is. Dit het ten nouste aan die Calvinistiese leer gebonde gebly.

Kenmerkend van dié huisonderwys was dat die ouers self die boereskoolmeesters in diens geneem en ontslaan het, dat die ouers self die skoolmeesters besoldig het en dat die ouers self alle seggenskap en beheer oor dié onderwys gehad het.

Daar was egter ook die nasionale beginsel wat 'n belangrike grondslag van die huisonderwys was en wat van geslag tot geslag die liefde vir eie godsdiens, taal, vryheid en bodem oorgedra het - 'n opvoeding wat nie net Christelik nie, maar ook nasionaal was. Pistorius noem hierdie eenvoudige stelsel van ouer-inisiatief en direkte beheer deur die ouers "die kiem waaruit mettertyd die C.N.O.-gedagte sou spruit".[1] Hieruit is dus 'n onderwysstelsel gebore waarin die ouer self die rigting en gees van die onderwys bepaal het en wat veral op die platteland en verafgeleë boereplase eie was aan die tradisies en volksaard van die boerevolk wat in die binneland ontstaan het.

Dit is met hierdie tipiese Afrikaanse huisonderwys met die C.N.O.-gedagte as basiese beginsel dat Jan Christoffel du Plessis van kleins af op die platteland kennis gemaak het. Hierdie C.N.O.-gedagte het die grondslag gelê vir die liefde vir sy volkseie, godsdiens, taal en kultuur.

---

1 Pistorius, P., Gister en vandag in die Opvoeding, p. 268, vgl. Vermaak, D., 1970a, op. cit., p. 108.

Vanaf sy vierde jaar het sy moeder hom elke aand na huisgodsdiens leer lees uit die Statebybel. So is dan sy begeerte geprikkel om van jongs af sy kennis te verbreed en is die liefde vir die eie en die kennis van die moedertaal ontwikkel en uitgebrei.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het 'n sterk ontwaking van die liefde vir die Afrikaner se eie in sy kindergemoed plaasgevind. Ongeveer nege maande na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het sy vader dorp toe getrek en die plaas in die sorg van Jan Christoffel se eie broer gelaat. Toe hy op die dorp aankom, was daar reeds in eie kring 'n opskerping van die C.N.O.-beginsel en huisgodsdiens merkbaar.

Die skool op die dorp is gedurende die oorlogsjare na die kerksaal verskuif. As hoof is 'n eentalige Engelssprekende aangestel wat geen simpatie vir die Afrikaanssprekende en sy taal gehad het nie. Sy onsimpatieke houding en optrede teenoor die Afrikaanssprekende en sy volkseie het so 'n blywende indruk op Jan Christoffel gemaak dat laasgenoemde dit vir die res van sy skoolloopbaan nooit sou vergeet nie.

Hierdie skool wat hy besoek het, het bekend gestaan as die Neutrale Engelssprekende staatskool.. In die soort skole het die veroweraar self die gees en rigting van die onderwys asook die medium van onderrig bepaal.[2]

Al die vakke in hierdie staatskool is deur Engelsmedium onderrig. Die Engelse skoolhoof, wie se taak dit was om te sorg dat die verengelsings- en denasionaliseringsbeleid van die Sargant- Milnertydperk deurgevoer word, het eendag vir klein Jan Christoffel uit die bank geruk omdat hy gedink het dat laasgenoemde nie sy aandag by die les bepaal het nie. Die skoolhoof het hom beveel om speeltyd in die klas agter te bly. Jan Christoffel het egter geweier om in die klas agter te bly en liewer besluit om huis toe te gaan. Sy ouers was baie ontsteld oor die voorval, maar kon niks daaraan doen nie, aangesien ouermedeseggenskap in die onderwys nie onder die Britse bewindhebbers bestaan het nie. Jan Christoffel moes later maar weer na die skool teruggaan.

---

2 Vermaak, D., 1970a, op. cit., p. 188.

Sy drang en begeerte om onderwys te ontvang, is nie gedemp deur die optrede van dié skoolhoof nie. Hy het sy skoolloopbaan ernstig opgeneem veral toe hy 'n prystoekenning van sy onderwyseres ontvang het vir algemene vordering. Daardie gebaar van die onderwyseres was net die regte aanmoediging wat hy nodig gehad het. Nou het skoolgaan vir hom 'n plesier geword en het hy hom al hoe meer toegewy aan planmatige studie om sy kennis te verbreed. So het hy later ingeskryf vir eksamens wat deur die destydse Taalbond ingestel was.

Die dood van sy vader en sy eie oudste broer binne agt dae na mekaar in 1906, het 'n diep indruk op hom gemaak. Sy leergierigheid om hom te bekwaam as evangeliedienaar en sy sterk roepingsbewustheid in diens van sy kerk het nou ook beslag gekry. Toe daar in die skool in 1908 'n tak van die Christelike Studentevereniging gestig is, het hy as kringleier hom toegelê op dieper Bybelstudie.[3]

Met "School Higher" het hy aan die einde van sy skoolloopbaan op Steynsburg gekom. In 1911 is hy na Stellenbosch waar hy in 1912 onder die welbekende skoolhoof, Paul Roos, gematrikuleer het.[4]

Nou het daar vir hom agt jaar van studie voorgelê: drie jaar vir B.A., een jaar vir admissie tot die Kweekskool en nog vier jaar vir teologiese opleiding.

## 2.3 STUDENTEJARE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH EN DIE TEOLOGIESE KWEEKSKOOL

In 1913 het hy aan die destydse Victoria Kollege (later die Universiteit van Stellenbosch) vir die Intermediêre Eksamen (bekend as eerste jaar B.A.) ingeskryf. Omdat hy Grieks moes hê vir admissie tot die Kweekskool, het hy dit saam met Latyn geneem. Hy het later Grieks gestaak en Geskiedenis geneem waarin hy en nog twee studente die hoogste simbole behaal het.[5]

---

3 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24 en 31 Januarie 1972.

4 Ibid.

5 Ibid.

Hierna het hy 'n gemengde B.A.-kursus gevolg en nie rekening gehou met die situasie wat kon opduik en sy studies ontwrig nie.

Toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek, met die Rebellie as nasleep, was hy so ontwrig dat hy nie sy volle aandag aan sy studie kon wy nie. Verder was daar die verenigingslewe wat baie van sy tyd in beslag geneem het en waarin hy van tyd tot tyd as spreker moes optree.

Hy was 'n baie bedrywige student en het 'n leeue-aandeel in die volgende verenigings gehad: die Kollege Debatsvereniging, Ons Spreekuur, die Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.) en die Christelike Studentevereniging (C.S.V.).[6]

Gedurende hierdie tydperk het hy as afgevaardigde talle konferensies bygewoon wat sou bydra tot sy vorming as Christen-Afrikaner, byvoorbeeld: die Christelike Studentevereniging-konferensie (1910) te Cradock, die Studente Taalkonferensie (1911) te Stellenbosch, die Christelike Studentevereniging-konferensie (1912) te Graaff-Reinet, die Afrikaanse Taalkonferensie (A.T.V.) (1913) te Kaapstad, die groot Heldedagviering (1916) te Kaapstad en die Studente Ekonomiese Konferensie (1920) te Stellenbosch.[7]

As gevolg van omstandighede onderbreek hy sy universiteitsloopbaan om tydelik onderwys te gee in Oos-Kaapland (Butterworth) en in Transvaal (Hoër Volkskool Heidelberg). Tydens hierdie periode doen hy waardevolle onderwyservaring op wat hom later gedurende sy evangeliebediening tot groot nut sou wees.[8]

In 1918 is hy weer terug na Stellenbosch waar hy sy B.A.-graad en teologiese studie voltooi het.

Ds. J.C. du Plessis was altesaam 32 jaar lank in die bediening, waarvan 21 jaar in die Oranje-Vrystaat (Jagersfontein en Bethlehem-Wes) 1924-45;

---

6 <u>Ibid</u>.

7 <u>Ibid</u>.

8 <u>Ibid</u>.

ses jaar in Kaapland (Beaufort-Wes) 1945-51 en vyf jaar in Transvaal (Pretoria-Noord) 1951-56. In Januarie 1956 aanvaar hy sy emeritaat en 'n paar maande later word hy aangestel as hoofsekretaris van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging (O.V.S.O.V.). Hy bly aan as hoofsekretaris tot 1967. Van 1968 tot 1969 is hy redakteur van Die Skoolblad.

# HOOFSTUK 3

## DS. J.C. DU PLESSIS - 'n KAMPVEGTER VIR 'n NASIONALE ONDERWYSBELEID

### 3.1 INLEIDING

Ds. J.C. du Plessis het sy evangeliebediening begin onder 'n diepe besef dat die Christelike opvoedingsmotief ten grondslag van geheel sy optrede moet lê op sowel die huislike en kerklike as skool- en universitêre terreine. By hom was dit nog altyd 'n brandende oortuiging dat die ware welsyn van kerk en volk afhanklik is van "hoe en waartoe opgevoed word".[1] En waar sy kerk hom bevoorreg het om so dikwels in amptelike hoedanigheid in belang van opvoeding en onderwys op te tree, het hy ten minste altyd probeer om dit in 'n gesindheid van diens tot welsyn van kerk en volk te doen.

Om in 'n oorsig van sy diens net sekere belangrike aspekte aan te raak, is moeilik. Hy het so baie gedoen vir opvoeding en onderwys dat alleen die tyd kan leer wat meer en wat minder belangrik was. Die enigste wyse om hoofmomente in herinnering te roep, is om die oorsig chronologies uiteen te sit.

### 3.2 DS. DU PLESSIS BEYWER HOM VIR 'n TWEETALIGE SKOOLHOOF TE JAGERSFONTEIN (1924-1928)

Toe ds. Du Plessis op Jagersfontein kom, het hy onmiddellik betrokke geraak by onderwysaangeleenthede. Gelukkig het sy bietjie onderwyservaring hom in staat gestel om onderwyssake nugter te benader.

---

1 Du Plessis, J.C., Op die vlak van opvoeding en onderwys, (ongepubliseerde artikel), 1944d, p. 1.

By sy aankoms het 'n aksiekomitee wat saamgestel is om klagtes oor die hoof te ondersoek, hom versoek om as voorsitter op te tree. Hy het daarop gewys dat hy geen kennis van die onderwysaangeleentheid dra nie en dus nie in so 'n komitee kan dien nie. Trouens, hy sou eerder self ondersoek instel en dan na goeddunke handel.

Die Onderwysdepartement het na aanleiding van die klagtes, verskeie kommissies ondersoek laat instel, maar kon geen fout vind nie, behalwe dat die skoolhoof eentalig was en destyds deur Milner aangestel is. Geen Milner-aanstelling kon egter op grond van eentaligheid afgedank word nie.

Ds. Du Plessis het die skool gereeld besoek, die posisie noukeurig dopgehou en ook bevriend geraak met die skoolhoof. Hy het in oorleg met die Inspekteur van Onderwys goedkeuring van die Onderwysdepartement verkry vir die instelling van 'n "tweede meesterspos" (onderhoof) ten einde later 'n bekwame hoof te kry as opvolger van die huidige hoof.[2] Mnr. D.P. Britz (later Direkteur van Onderwys) is toe as onderhoof van die Jagersfonteinse Hoërskool aangestel en na ses maande is hy as hoof aangestel, nadat die destydse hoof na 'n ander skool gesekondeer is.

## 3.3 DS. DU PLESSIS AS KAMPVEGTER VIR DIE REGTE VAN AFRIKAANSSPREKENDES IN DIE SKOOLKOMMISSIE VAN JAGERSFONTEIN

Die Engelssprekende gemeenskap van Jagersfontein, hoewel baie klein, het gedurende daardie jare die dorp op talle terreine probeer regeer en domineer. So was dit ook in die geval van die skoolkommissie van daardie tyd. Hoewel die Engelssprekendes in verhouding tot die Afrikaanssprekendes nie geregtig was op verteenwoordiging in die skoolkommissie nie, het hulle nogtans twee lede in die kommissie gehad. Een daarvan was die Engelssprekende burgemeester van die dorp.[3]

---

2 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24 en 31 Januarie 1972.

3 <u>Ibid</u>.

Aangesien hierdie lede net eentalig (Engelssprekend) was, het hulle geëis dat alle skoolkommissievergaderings, sowel as die skryf van notules in Engels sou geskied. Hierteen het ds. Du Plessis en die ander lid heftig beswaar gemaak en geëis dat dit beurtelings in Afrikaans en Engels sou geskied.

'n Interessante twisgeskrif het tussen 'n naamlose "korrespondent" en ds. Du Plessis gevolg na aanleiding van 'n verdraaide koerantberig in The Friend. Hierdie polemiek het die destydse Direkteur van Onderwys, dr. S.H. Pellisier, so geïnteresseer dat hy al die stukke daaroor bewaar het. Nie lank daarna nie het die "korrespondent" Jagersfontein verlaat.[4]

Ds. Du Plessis se werksaamhede in verband met opvoeding en onderwys gedurende hierdie periode was nie net beperk tot die bevordering van plaaslike onderwys nie. Hy was dikwels in persoonlike kontak met die Direkteur van Onderwys, dr. S.H. Pellisier, en het ook in ander gemeentes waar hy en die skoolhoof gemeentelike konferensies oor opvoeding en onderwys gereël het as spreker opgetree.

## 3.4 DS. DU PLESSIS AKTIVEER DIE SUID-VRYSTAATSE N.G. KERK TEN OPSIGTE VAN OPVOEDING EN ONDERWYS

In die twintigerjare was dit veral ds. J.C. du Plessis wat die Suid-Vrystaatse N.G. Kerk geaktiveer het om gemeentelike konferensies oor opvoeding en onderwys te reël. Hierdie konferensies het reeds op 'n Vrydagaand begin en met die prediking op Sondag afgesluit. Een van die geesdriftigste konferensies oor opvoeding en onderwys was die een wat deur ds. P.S.Z. Coetzee in 1926 in sy gemeente Edenburg gereël is.[5] By hierdie konferensie het ds. Du Plessis as gasspreker opgetree met die toespraak: Die aanskaffing van Geestelike eiendom as hoofmotief in 'n Opvoedingstelsel. In dieselfde jaar is nog 'n konferensie gehou te Fauresmith waar ds. Du Plessis ook as gasspreker opgetree het.

---

4 Ibid.

5 Ibid.

Ds. Du Plessis was die stukrag agter hierdie konferensie en het orals leiding gegee en daarby ook die noodsaaklikheid van opvoeding en onderwys beklemtoon. Op hierdie konferensie het hy gereeld in sy toesprake die grondbeginsels, wat 'n onontbeerlike vereiste vir opvoeding en onderwys is, beklemtoon. Die grondbeginsels wat hy beklemtoon het, was kortliks die volgende:

- dat in die benadering van die kind se opvoeding en onderwys onthou moet word dat elke tydperk sy eiesoortige probleme en versoekings vir die kind meebring;
- dat in die onderwysstelsel deeglik rekening gehou moet word met die kind se aanleg en behoeftes, en dat beroepsgerigte onderwys noodsaaklik is;
- dat die land in geheel sy onderwystaak vanuit 'n nasionale oogpunt moet sien;
- dat die Bybel die opvoedkundige opdragte op die voorgrond stel; en
- dat liefde vir die kind die oorheersende faktor in die opvoeding moet wees, maar dat tuguitoefening, waar nodig, nie verwaarloos mag word nie.[6]

Teen die agtergrond van bostaande beginsels is die "lewendige aktiwiteit ten gevolge van die geesdrif vir opvoeding en onderwys des te merkwaardiger".[7] Hierdie geesdrif het so 'n aansteeklike uitwerking op die gemeentelike samelewing gehad dat die toesprake en prediking oor opvoeding en gemeentelike konferensie heelwat vrugte afgewerp het. Die mense het meer onderwysbewus geraak en die onderwyskorps is besiel om deur middel van skoolfunksies, konserte, boeresaamtrekke en debatte die Suid-Vrystaat kultuurbewus te maak. Dit was veral die plaasskole wat die leiding geneem het met die stigting van kultuursentra. Met die geleidelike sluiting van die plaasskole 'n rukkie later, het hierdie "belangrike kultuursentra een na die ander in die distrikte verdwyn".[8]

---

6 Ibid.

7 Du Plessis, J.C., Die N.G. Kerk en die Onderwys in die Oranje-Vrystaat, in Oberholster, J.J. en Van Schoor, M.C.E. red., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1963, p. 178.

8 Ibid.

Die geesdrif en entoesiasme van daardie tyd het ook onderwysinstansies beïnvloed "om 'n onderwysstelsel ten opsigte van die organisasie van die onderwys, die vakke, die leerplanne, die metodiek van die onderwys en die opleiding van onderwysers, grondig te laat ondersoek, want in 1926 het die Administrasie 'n Kommissie van Ondersoek aangestel met verteenwoordiging van die kerk daarop".[9] Hierdie Kommissie van Ondersoek staan bekend as die Dan de Villiers-kommissie voor wie ds. J.C. du Plessis getuienis gelewer het ten opsigte van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel.

## 3.5 DS. DU PLESSIS BEYWER HOM VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

Soos reeds vermeld, het ds. Du Plessis op gemeentelike konferensies hom uitgespreek ten gunste van 'n beroepsgerigte onderwysstelsel met 'n gedifferensieerde inslag.

Ds. Du Plessis en mnr. D.P. Britz, die skoolhoof van Jagersfontein (later Direkteur van Onderwys), het in 1926 voor die Dan de Villiers-kommissie te Fauresmith verskyn ten einde getuienis te lewer oor die gewenste onderwysstelsel.

Ds. Du Plessis het getuienis gelewer oor die noodsaaklikheid van gedifferensieerde onderwys in die bekende vier rigtings, naamlik: die akademiese, die tegniese, die huishoudkundige en die landboukundige. En "waar beroepsinrigtings na die Departement van Unie-onderwys oorgeplaas is, en daarmee die weg vir die Provinsie versper is om 'n stelsel van eksterne differensiasie van leergange op sekondêre vlak uit te voer, het ds. Du Plessis in sy getuienis voor die Dan de Villiers-kommissie gepleit dat die Provinsie ten minste aan interne differensiasie aandag sal skenk".[10] Die Kommissie het sy getuienis verwerp.

As jong predikant was hy waarskynlik die eerste kerkleier wat deur sy getuienis geprotesteer het teen die onopvoedkundige verdeelde onderwysbeleid

---

9 Du Plessis, J.C., 1963, op. cit., p. 179.

10 Ibid., vgl. Fourie, J.J., Alles vir andere ... niks vir homself nie, in Die Skoolblad, November 1965, p. 5.

op sekondêre vlak. Eers heelwat later in die vyftigerjare het die onderwysowerhede tot die besef gekom "dat sowel interne as eksterne gedifferensieerde onderwys op die sekondêre vlak 'n noodsaaklikheid is om te voldoen aan die eise wat die tyd aan middelbare onderwys"[11] stel.

## 3.6 DS. DU PLESSIS MAAK 'n DEURBRAAK TEN OPSIGTE VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

In die voorafgaande is daar verwys na die mislukte getuienis van ds. Du Plessis voor die Dan de Villiers-kommissie ten opsigte van die noodsaaklikheid vir 'n gedifferensieerde onderwysstelsel. In hierdie gedeelte word daar kortliks gewys hoe die mislukte getuienis van destyds tog wel later enkele kommissielede tot ander insigte gebring het.

In 1932 is 'n Kommissie van Ondersoek oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika op aandrang van die N.G. Kerk se Federale Raad vir Armsorg aangestel. Dit staan bekend as die Carnegie-kommissie. Hierdie Kommissie se lywige verslag het uit vyf boekdele bestaan, waarvan die derde boekdeel net oor onderwys en opvoeding gehandel het.

Die Carnegie-kommissie het in sy verslag oor onderwys en opvoeding heelwat leemtes, gebreke en probleme blootgelê. Na aanleiding van hierdie epogmakende verslag oor onderwys, het die N.G. Kerk die inisiatief geneem om 'n groot volkskongres te reël om bestaande leemtes en gebreke uit te stryk en 'n oplossing te probeer vind.[12]

Twee jaar later - in Oktober 1934 - is die beoogde volkskongres te Kimberley gehou. Op hierdie Kongres is die inhoud van die verworpe getuienis van ds. J.C. du Plessis wat voor die destydse Dan de Villiers-kommissie agt jaar gelede gedien het, behandel en goedgekeur.[13]

---

11 Du Plessis, J.C., 1963, op. cit., p. 179, vgl. Du Plessis, J.C. 1944d, op. cit., p. 10.

12 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24, 27 en 31 Januarie 1972.

13 Du Plessis, J.C., 1963, op. cit., p. 180.

Die Kongres het die "noodsaaklikheid van gedifferensieerde onderwys"[14] besef en dit beklemtoon. Daar is besluit dat die leerplan van die junior hoërskool wat oor 'n tydperk van drie jaar strek, sodanig moet differensieer dat "(a) die adolessent in staat sal wees om sy bekwaamheid op verskillende gebiede op die proef te stel en dat (b) hy voorberei kan word vir een of ander bepaalde rigting"[15] bedoelende 'n akademiese, tegniese of landboukundige rigting. Verder behoort voorligting by die keuse van 'n beroep 'n belangrike rol te speel.

Ds. Du Plessis het derhalwe belangrike voorbrand vir gedifferensieerde onderwys in Suid-Afrika gemaak. Hy het hom ook beywer vir die Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde Middelbare Onderwys (Koen- en Van Wyk-kommissies).

Vandag na veertig jaar besef opvoedkundiges en onderwysinstansies dat ds. Du Plessis sy tyd ver vooruit was in sy benadering tot die onderwys.

## 3.7 DS. DU PLESSIS AKTIVEER DIE VRYSTAATSE SINODALE KOMMISSIE VIR OPVOEDING EN ONDERWYS TOT OPTREDE (1934-1944)

Die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys, waarvan ds. J.C. du Plessis vanaf 1934 lid was, is in 1916 deur die Vrystaatse Sinode in die lewe geroep. In vergelyking met die vorige kommissies bestaan hierdie kommissie uit "mense met 'n grondige kennis van onderwysaangeleenthede en sou aan die Sinode gespesialiseerde leiding"[16] daaroor gee. Verder het die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys opdrag gekry om die saak van Opvoeding en Onderwys "veral uit 'n Christelik-nasionale oogpunt te behartig en van tyd tot tyd verslae en aanbevelings aan die Sinode voor te lê".[17] Van toe af het die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys met toenemende krag die onderwys bevorder.

---

14 Ibid.

15 Ibid.

16 Ibid., p. 3.

17 Ibid., p. 177.

Vanweë sy intensiewe belangstelling in opvoedkundige en onderwysaangeleenthede het ds. Du Plessis in 1934 lid van die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys geword en as sekretaris gedien tot 1944, 'n periode van tien jaar.[18] Aanvanklik het die Kommissie net uit drie lede bestaan en later is dit uitgebrei tot vyf lede. Ds. Jan Christoffel du Plessis was as lid 'n ware stukrag wat daadwerklike optrede moontlik gemaak het.

Gedurende hierdie tydperk het onderwysaangeleenthede (provinsiaal en uniaal) sy onmiddellike aandag vereis.

### 3.7.1 Hulpklasse vir verstandelik-vertraagdes

Hierdie behoefte was onder die verskeidenheid van onderwysaangeleenthede waaroor vertoë gerig is en onderhoude gevoer is met die Direkteur van Onderwys in die O.V.S., dr. S.H. Pellisier.

Reeds in 1934 het ds. Du Plessis by die Onderwysdepartement van die O.V.S. aangedring op die instelling van hulpklasse vir verstandelik-vertraagdes met bykomende fasiliteite en personeel. Hy en die destydse skoolhoof van die Bethlehemse Laerskool het 'n spesiale klas vir verstandelik-vertraagde leerlinge vooraf op die proef gestel.

Na verdere onderhandelinge tussen die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys en die Onderwysdepartement is hulpklasse in 1937 ingestel. Die Sinode kon in 1944 verslag doen "dat die aantal klasse wat in sekere sentra reeds vir geruime tyd tot stand gekom het baie vrugbare werk verrig",[19] en dat net geselekteerde leerkragte wat met spesiale opleiding daarvoor toegerus en bekwaam is, hierdie klasse mag onderrig.[20]

Sedert 1937 het die hulpklasse so uitgebrei dat daar in 1943 reeds een-en-twintig hulpklasse met ongeveer 350 leerlinge was.

---

18 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24 en 31 Januarie 1972.

19 Du Plessis, J.C., 1963; op. cit., p. 180.

20 Ibid., p. 1.

### 3.7.2 Musiekposte in Vrystaatse skole heringestel

Oor hierdie aangeleentheid het ds. Du Plessis vertoë gerig en deputasies gelei na die destydse Direkteur van Onderwys, dr. S.H. Pellisier. Musiekposte is hierna weer in die Vrystaat ingestel.

### 3.7.3 Liggaamsopvoeding word op stewige grondslag geplaas

Ds. Du Plessis het hom vir liggaamsoefeninge sterk beywer. Deur sy toedoen en entoesiasme is liggaamsopvoeding in die Vrystaatse skole op 'n gesonde grondslag geplaas. Die aanstelling van 'n inspekteur en inspektrise het baie hiertoe bygedra. Hulle moes die skole besoek en leiding en voorligting gee ten opsigte van liggaamsopvoeding.

### 3.7.4 Huishoudskole en kinderhuise is gestig

Ds. Du Plessis het hom ook op uniale vlak beywer vir die stigting en daarstelling van huishoudskole en kinderhuise. Sy optrede het daartoe gelei dat die Vrystaat die voortou geneem het in hierdie verband. Hy het in verskeie deputasies gedien wat onderhoude gevoer het met die destydse Ministers van Onderwys te wete dr. D.F. Malan en mnr. J.H. Hofmeyr.

Ds. Du Plessis was so entoesiasties en ingenome met die stigting van 'n huishoudskool te Bethlehem dat hy Minister J.H. Hofmeyr wat destyds Minister van Onderwys en Finansies was vir die doel na Bethlehem genooi het. Minister Hofmeyr het die uitnodiging aanvaar en, nadat die afvaardiging lang onderhoude met hom gevoer het, was dit baie duidelik dat hy groot belangstelling in die saak gehad het. Die Minister het nie eers navraag gedoen oor ander onderwysaangeleenthede op Bethlehem nie.[21]

---

21 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24 en 31 Januarie 1972. Vgl. Du Plessis, J.C., 1944d, op. cit., p. 10.

Ds. Du Plessis het hom nie net beywer vir die stigting van huishoudskole nie, maar ook vir kinderhuise (weeshuise). Hy het ook in verskeie deputasies gedien en onderhoude gevoer met die betrokke ministers oor die aangeleentheid.

Onder sy bekwame leiding as sekretaris van die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys in die Vrystaat is verskeie kinderhuise gestig vir sorgbehoewende of weeskinders. Die opvoeding, onderwys en versorging van hierdie kinders en inrigtings het hom baie interesseer.

Hy het jare lank in die bestuur van die Charlotte Theron-kinderhuis te Bethlehem gedien, eers as onder-voorsitter en later as voorsitter[22] en kon dus met gesag praat oor hierdie inrigting. Die kinders was "altoos vir hom 'n bron van waaragtige besieling".[23]

### 3.7.5 <u>Stryd word vir moedertaalonderwys in skole en die Universiteitskollege van die O.V.S. (1937-1950) gestry</u>

Ds. J.C. du Plessis se belangrikste en moeilikste taak as sekretaris van die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys was op die gebied van twee aktuele onderwysaangeleenthede, naamlik die stryd om moedertaalonderwys en om die Universiteitskollege van die O.V.S. (U.K.O.V.S.) 'n Afrikaans-georiënteerde inrigting te maak. Gedurende hierdie jare is 'n heftige stryd in die O.V.S. gevoer of die moedertaalbeginsel of die dubbelmediumbeginsel in onderwysinrigtings toegepas moes word.

#### a <u>Die weerlegging van die bewering dat genl. J.B.M. Hertzog die vader van die dubbelmediumbeginsel is</u>

Voorstanders van die dubbelmediumbeleid het meermale beweer dat dubbelmedium selfs in die destydse Vrystaatse Republiek in gebruik was.

---

22 <u>Die Volksblad</u>, 8 Februarie 1945 'Bethlehem neem afskeid van gewilde pastoriepaar', p. 8.

23 <u>Ibid</u>., p. 8.

Dubbelmediumonderwys was egter 'n produk van die omstandighede, met ander woorde, 'n tegemoetkomende voorsiening. Dit is nie ingevoer weens die voortreflikheid daarvan nie. Hierdie dubbelmediumbeleid dagteken volgens prof. T. Haarhoff vanaf 1866 in die Vrystaat. In sy inleiding tot E.G. Malherbe se Bilingual School verwys hy na Wet no. 2 van 1891 wat 'n dubbelmediumstelsel in die Vrystaatse Republiek moontlik sou maak. Hy het beweer dat genl. Hertzog se Onderwyswet van 1908 die regstreekse voortsetting was van 'n dubbelmedium-praktyk wat reeds van 1866 in die Vrystaat in swang was.[24]

Hierdie is 'n valse bewering. Deur die Vrystaatse onderwyswette en ordonnansies te ontleed, kan bewys word dat daar geen grond was vir so 'n bewering, en verder dat genl. Hertzog nie die vader van dubbelmediumbeleid in die Vrystaat was nie.

Reeds op 15 April 1854, met die eerste sitting van die Volksraad was daar besluit "dat de hoofdtaal... de Hollandsche taal zal wezen".[25] Daarna het verskeie wette en ordonnansies gevolg met Hollands as hooftaal. Eers in 1891 het daar wysigings in die formulering van die taalbeleid plaasgevind.

Artikel 1 van Ordonnansie no. 2 van 1891 lui dat "de Hollandsche taal zal de hoofdtaal in alle gerechtshoven en publieke kantoren in dezen Staat zijn; en alle dagvaardingen, vonnissen, uitspraken, orders, lastschriften, instructien, ordonnantien, proclamatien, enzoovoorts, zullen in de Hollandsche taal geschreven, uitgevaardigd en gepubliceerd worden ..."[26] Verder lui die taalartikels dat "op alle scholen ten plattelande, door het goevernement ondersteund, zal het onderwijs door middel van het Hollandsch moeten gegeven worden ...",[27] en verder lui dit dat "het onderwijs op dorpen zal gegeven worden door middel van eene taal, Hollandsch of Engelsch, naar verkiezen der ouders, tot en

---

24 Du Plessis, J.C., Onderwysbeleid van die Vrystaat, Die Huisgenoot, 6 Oktober 1944b.

25 Ibid., p. 7.

26 Ibid., p. 37.

27 Oranje-Vrystaat (Republiek), Wet nr. 2 van 1891, art. 103.

met standaard 2, en daarna zullen beiden talen kunnen gebesigd worden, met dien verstande, dat minstens de helft der vakken door middel van de Hollandsche taal worde geleerd".[28] Kortom kom artikels 103 en 104 daarop neer dat dubbelmediumbeleid hier slegs 'n tegemoetkomende voorsiening was, met ander woorde, dubbelmedium was hier 'n "kompromis en nie die eindcoel nie".[29]

Agt jaar later in Oktober 1899 breek die Tweede Vryheidsoorlog uit en drie jaar later is die Vrede van Vereeniging gesluit. Gedurende hierdie tydperk was die kinders in konsentrasiekamp-skole in die hande van Engelse onderwysers met die doel om die Boerekinders te denasionaliseer en van hulle goeie Britse onderdane te maak deur Engels as enigste medium van onderwys toe te pas. Volgens Ordonnansie no. 29 van 1905 was die beleid "that English shall be the medium of instruction in schools but the time alotted to the teaching of English and Dutch, as languages, shall be the same".[30]

Dit was min of meer die toestand toe die Vrystaat in 1907 verantwoordelike bestuur gekry het en genl. Hertzog Minister van Onderwys geword het. Hy het voor die probleem gestaan hoe om die regte van Hollands as medium van onderwys te bevorder sonder om die nuwe regering in gevaar te stel. Hy het sy onderwyswetsontwerp deur die Volksraad geloods, en op 1 November 1908 het die wet in werking getree. Hierdie wet was bekend as Wet no. 35 van 1908.

Artikels 14-17 het gehandel oor die taalmediumbeleid. Artikel 14 het voorsiening gemaak vir gelykstelling van Engels en Hollands as tale op skool. Artikel 15(1) het as volg bepaal: "Behoudens het onderricht in vreemde talen zullen Engels en Hollands de uitsluitende en gelijkwaardige mediums van onderwijs in elke openbare school zijn en zal elk kind tot en met standerd IV in elk onderwerp onderwezen worden door middel van de taal die het best door zulk gesproken en begrepen wordt, als het medium van onderwijs voor zulk kind, en de taal, die niet het medium van onderwijs van zulk kind is, zal in geleidelik toenemende mate en zoveel als bestaanbaar is met de leeftijd en de bevatting

---

28 Ibid., art. 104.

29 Du Plessis, J.C., 1944b, op. cit., p. 15.

30 Ibid.

van het kind aangewend en gebezigd worden".[31] Artikel 15(2) het bepaal: "Waar en wanneer een klas ten dele uit Engels- en ten dele uit Hollands-sprekende kinderen samengesteld is zullen zowel Engels als Hollands zoveel doenlik gelijkwaardige mediums van onderwijs voor de klas zijn".[32] Artikel 15(3) het bepaal dat Engels en Hollands bo standerd III aan elke kind onderrig moet word,[33] terwyl Artikel 16(a) bepaal het dat "bij het onderricht in alle andere onderwerpen die niet in onmiddelik verband staan met, of deel uitmaken van een of ander hoofdonderwerp, zullen Engels en Hollands zoveel doenlik gelijke mate als mediums van onderwijs gebruikt worden".[34] Artikel 16(3) het voorsiening gemaak dat 'n ouer na 'n tydperk van drie jaar aansoek kon doen dat sy kind onthef sou word van die verpligting om onderrig te ontvang deur die medium van die taal wat nie sy eie is nie.[35]

Samevattend het die beginsels van die Wet daarop neergekom dat Hollands tot 'n gelykwaardige posisie met Engels verhef sou word. Dubbelmedium was die enigste middel en 'n veilige uitweg om die beginsel van gelykwaardigheid in te voer. Dit was egter nie 'n volmaakte uitweg vir die toekoms nie, aangesien dit nie volle gelykwaardigheid kon bewerkstellig nie. Die beginsel van onderrig deur medium van die moedertaal was nog die ideaal. Die beginsel van tweetaligheid is ingevoer "in geleidelike toenemende mate en zoveel als bestaanbaar is met de leeftijd en de bevatting van het kind aangewend en gebezigd worden".[36]

Die Onderwyswet het twee riglyne neergelê: die studie van die tweede taal as taal; en die aanwending van die tweede taal as medium in 'n dubbelmediumstelsel.[37]

---

31 Oranje Rivier Kolonie, Wet no. 35 van 1908.

32 Ibid., vgl. Nienaber, P.J., Gedenkboek Genl. J. Hertzog, p. 123.

33 Oranje Rivier Kolonie, Wet no. 35 van 1908, art, 15(3).

34 Ibid.

35 Ibid.

36 Ibid.

37 Du Plessis, J.C., 1944c, op. cit., p. 29.

Die toepassing en uitvoering van hierdie Skoolwet het verreikende gevolge opgelewer. Skoolhoofde en skoolinspekteurs het hul eie vertolking van die wet gegee. Sommige was nie geneë om die Skoolwet reg te vertolk of uit te voer nie, met die gevolg dat drie skoolinspekteurs afgedank moes word. 'n Hofsaak het gevolg. Die Minister het die saak verloor en die Afrikaanssprekendes het genl. Hertzog gesteun, nie vir dubbelmedium nie, maar vir sy herstelling van die regte van Hollands en die invoering van die moedertaalbeginsel.

In die lig van die wordingsgeskiedenis van die wet was dit baie duidelik dat genl. Hertzog se dubbelmediumstelsel 'n tydelike of toevallige reëling was en nie 'n permanente oplossing nie. Met sekerheid kan gesê word dat genl. Hertzog se Onderwyswet 'n tussenstadium en nie 'n eindpunt in die toepassing van die onderrigmediumbeginsels was nie.[38]

Genl. Hertzog moet nie as die vader van dubbelmediumbeleid beskou word nie, maar eerder as die vader van die opheffing daarvan.

Hierdie dubbelmediumbeleid het in die laat dertigerjare weer in gedrang gekom en wel gedurende die stryd vir moedertaalonderwys, en om van die U.K.O.V.S. 'n Afrikaanse inrigting te maak.

Die stryd in verband met U.K.O.V.S. hang saam met die ontstaan van die inrigting.

### b <u>Die ontstaan van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (1855-1950)</u>

Greykollege, die voorloper van die U.K.O.V.S., het sy ontstaan in 1855 te danke aan die inisiatief en ywer van 'n N.G. Kerk-predikant van Bloemfontein, ds. Andrew Murray en die Goewerneur aan die Kaapkolonie, sir George Grey, wat deur sy skenking so 'n stigting moontlik gemaak het en 'n kuratorium van die kerk wat die saak aangepak het.[39] Hierdie

---

38 Ibid.

39 Du Plessis, J.C., Ontstaan van U.K.O.V.S., Die Volksblad, Oktober 1943b.

kuratorium het bestaan uit drie lede, naamlik pres. J.N. Boshoff, ds. A Murray en ouderling A. Griesel.

Die Vrystaat het geldelike steun beloof, mits die Hollandse taal die vernaamste plek in die inrigting sou inneem. Sir George Grey wou nie sy skenking tot beskikking van 'n liggaam stel wat onderhewig was aan die bemoeiinge of invloede van party-politieke rigtings nie.[40] Hy het gevolglik die N.G. Kerk genader om die oprigting en beheer van die inrigting te onderneem. Die Ring van Winburg het 'n kommissie benoem om beheer uit te oefen oor die inrigting. Vanselfsprekend sou van die begin af "die gees en strewe van die Afrikaners, soos dit tot uiting in die Kerk gekom het, hom in die inrigting moes openbaar en die grondslag lê waarop moes voortgebou word".[41] Hierdie inrigting sou ontwikkel in 'n Christelike inrigting. Later, toe die Volksraad medeseggenskap in die kuratorium gekry het, het hy hierdie beginsel erken.[42]

Na 'n vergadering van die N.G. Sinode word die Kollege met die goedkeuring van Sir George Grey in 1882 deur die Staat oorgeneem (Ord. 16 van 1882). "Al die eiendomme word op die naam van die Regering getransporteer op voorwaarde egter dat die kerk vier uit die sewe kuratore sal bly benoem en dus die oorwig in die bestuur sou hê".[43]

Vanaf 1896 skei die skoolafdelings van die Kollege af as aparte institute, naamlik: die Grey-Universiteitskollege en die Greyskool. Toe die Vrystaat Britse Kroonkolonie word, word die reg van vier uit sewe kuratore die Vrystaatse N.G. Kerk ontneem deur die Direkteur van Onderwys, mnr. E.B. Sargant. 'n Bedrag van R20 000,00 word aan die N.G. Kerk betaal "as vergoeding vir die ontneming van sy regte".[44] Die

---

40 Ibid.

41 Ibid.

42 Ibid.

43 Ibid.

44 Ibid.

Sinode het die vergoeding aanvaar en dit in 'n Grey-fonds gestort "in die gees waarin die skenker dit oorspronklik bedoel het".[45] Uit hierdie optrede van Sargant is 'n stryd tussen kerk en staat gebore wat jare sou duur. Toe ds. J.D. Kestell rektor van die U.K.O.V.S. was, het hy by geleentheid van 'n openingsfunksie gesê dat "die inrigting van die Vrystaatse bevolking verwyderd staan en gevra dat die oorsaak herhaaldelik opgespoor moet word".[46] Sedert daardie tyd is die oorsaak opgespoor en dit is gevind in die samestelling en optrede van die U.K.O.V.S.-Raad. Die Raad was nie ten gunste van 'n Afrikaanse beleid nie.

'n Stryd is aangeknoop teen die destydse onderrigmedium-beleid van die U.K.O.V.S. waaraan ds. Du Plessis deelgeneem het.

c. Die Stryd in verband met moedertaalonderwys aan die Universiteitskollege van die Vrystaat

Die stryd om die Universiteitskollege van die Vrystaat tot 'n Afrikaanse inrigting met 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing te laat ontwikkel, het vanaf 1937 tot 1945 geduur.[47] Dit was tweërlei van aard. Aan die een kant was daar teenkanting teen die verklaarde vyftig-vyftig-beleid ten opsigte van die samestelling van die Kollegeraad en aan die ander kant teen die dubbelmediumbeleid van die Regering.

Vooraf moet eers verduidelik word waarom ds. Du Plessis namens die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys in die Vrystaat die voortou geneem het in bogenoemde stryd. Hy was die skakel tussen die Sinodale Opvoedingskommissie en die Aksiekomitee in Bloemfontein. Namens die N.G. Kerk was hy belas met heelwat skryfwerk betreffende die opstel van verskeie briewe, memoranda en petisies. Hy het ook op talle deputasies gedien wat feitlik oor elke aspek en wending in hierdie stryd gehandel het.

---

45 Ibid.

46 Du Plessis, J.C., Ons Kerk en die Onderwys, (ongepubliseerde artikel), 1944f, p. 6.

47 Ibid.

### d Die Stryd om 'n verteenwoordigende samestelling van U.K.O.V.S.-Raad

Betreffende 'n billike en regverdige verteenwoordiging van die Vrystaatse bevolking op die U.K.O.V.S.-Raad is herhaalde vertoë tot die Minister van Onderwys gerig om die samestelling van die Raad so te verander dat die N.G. Kerk ook verteenwoordiging daarop sou hê. Die Minister het egter gedurende die dertigerjare geweier om aan die versoek te voldoen. Hy het dit sterk betwyfel of die Vrystaatse bevolking ten gunste was van 'n verandering in die Kollegeraad.

Die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys het die Vrystaat in dier voege getoets deur vraelyste aan alle liggame en instansies te stuur. Die uitslag was ten gunste van 'n verandering van die Kollegeraad.[48]

'n Kort historiese oorsig oor die ontstaan van die probleem dui aan dat voor Uniewording Wet no. 5 van 1910 bepaal het dat die Goewerneur van die Kroonkolonie op advies van die Minister van Onderwys die Raad van U.K.O.V.S. uit tien lede kon saamstel. Na Uniewording is die ledetal uitgebrei tot sestien lede. In die ander provinsies het die Minister van Onderwys gemiddeld 'n kwart van die lede van Universiteitsrade benoem terwyl hy in die Vrystaat tien uit die sestien lede benoem het.[49]

Die Minister van Nasionale Onderwys het in die dertigerjare gevoel dat, as daar 'n verandering in die samestelling van die Raad moes kom, die inisiatief van die Raad self moes uitgaan. Hiervoor was die Raad nie te vinde nie. Hierop het 'n storm van protes in die Vrystaat losgebars en protesbesluite het ingestroom.

---

48 Du Plessis, J.C., 1963, op. cit., p. 183.

49 Du Plessis, J.C., Die Stryd in verband met U.K.O.V.S., 1944a, vgl. Du Plessis J.C., Onderwyskongres besluit oor stryd aan U.K.O.V.S., Die Volksblad, 25 Oktober 1943b.

Ds. Du Plessis en die Aksiekomitee het dadelik 'n protesvergadering belê in die Bloemfonteinse stadsaal waar hy 'n baie ernstig-gemotiveerde toespraak gelewer het om U.K.O.V.S. in 'n Afrikaanse rigting te laat ontwikkel. Wat die Raad van U.K.O.V.S. betref, het hy gesê is dit oor en oor bewys dat dit 'n liggaam is sonder vastigheid, sonder geesdrif, sonder visie, sonder wesenlike kontak met die O.V.S.[50] Hy het verklaar dat die samestelling van die Kollegeraad vir die Vrystaat geen bestendige sekerheid vir die toekoms kan gee nie, wat nog te sê van enige sekerheid aangaande die langverwagte Afrikaanse inrigting. Hy het die voortdurende wisseling van beleid sterk aangeval.[51]

In sy toespraak het hy verwys na 'n persberig waarin die Raad sou verklaar het dat dit sy beleid sou bly om die inrigting 'n Afrikaanse kleur te gee en dat die Raad vasbeslote was om die beginsels getrou en oordeelkundig te handhaaf. Hy wou weet wat van daardie beleidsverklaring geword het.[52] Ds. Du Plessis het die hoop uitgespreek dat die U.K.O.V.S. "die simbool en die waarborg van sy kragtige, groeiende, uitdrukkingsoekende nasionale lewe"[53] sou wees.

Ongeveer twee maande later het die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging 'n vergadering belê wat bygewoon was deur afgevaardigdes van alle Afrikaanse liggame en instansies van die Vrystaat. Op dié vergadering is besluit "dat die Kongres sy sterkste afkeuring uitspreek oor die besluit van die U.K.O.V.S.-Raad insake die mediumbeleid, en, dat die Kongres sy stryd gaan voortsit vir die hersamestelling van die U.K.O.V.S.-Raad om in die behoeftes en ideale van die Vrystaatse bevolking te voorsien".[54] Op hierdie Kongres is 'n afvaardiging gekies onder leiding van ds. Du Plessis om die besluite van die Vrystaat aan die Minister van Onderwys voor te lê. Die onderhoud wat gereël was vir November 1943 te Pretoria, het in 'n goeie gees plaasgevind, en die Minister het onderneem om adv. A. Roberts

---

50 Du Plessis, J.C., Toespraak gehou ten opsigte van Moedertaalonderwys, 1943d.

51 Ibid.

52 Ibid.

53 Ibid.

54 Du Plessis, J.C., Onderwyskongres besluit oor stryd aan U.K.O.V.S., Die Volksblad, 25 Oktober 1943b.

267741

as 'n eenmankommissie te stuur om die hele aangeleentheid deeglik te ondersoek. Dit is toe gedoen en 'n gunstige verslag is aan die Minister voorgelê.[55]

Hierop het adv. Roberts 'n konsepwetsontwerp opgestel en dit aan die U.K.O.V.S.-Raad en die Sinode vir goedkeuring voorgelê. Die Sinode het die Roberts-konsepwetsontwerp aanvaar en dit andermaal aan die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys opgedra om die saak verder in raadpleging met die Algemene Sinodale Kommissie te behartig.[56]

Die Minister van Onderwys het toe die Roberts-konsepwetsontwerp by die Parlement ingedien. So is die lang gekoesterde ideaal verwesenlik. Die samestelling van die U.K.O.V.S.-Raad is verander en instansies soos die Kerk, die Helpmekaar, die Oranje-Vrouevereniging en die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging is verteenwoordiging verleen.[57] Op 18 Maart 1950 het U.K.O.V.S. sy oktrooi[58] ontvang "as selfstandige en onafhanklike Universiteit van die Oranje-Vrystaat".[59]

e <u>Ds. Du Plessis se aandeel aan die moedertaalmediumstryd</u>

Moedertaalonderwys het volgens ds. Du Plessis sy vertrekpunt in die Skrif.

Op 'n kerkraadsvergadering gehou in die gemeente Bethlehem-Wes, Oktober 1943, het ds. Du Plessis en sy kerkraad die volgende besluite geneem waarin eers die Skriftuurlike gronde vir moedertaalonderwys gegee en daarop gewys is "dat die taalstryd nie slegs 'n stryd om 'n reg was nie, maar veel meer 'n stryd om 'n Godgegewe gawe te gebruik, wat selfs deur die Heilige Gees geëerbiedig is op Pinksterdag".[60]

---

55 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24 en 27 Januarie 1972.

56 Du Plessis, J.C., <u>Die N.G. Kerk in die O.V.S.</u> (ongepubliseerde artikel), 1944a, p. 4.

57 Du Plessis, J.C., 1963, <u>op. cit.</u>, p. 184.

58 Unie van S.A., <u>Wet nr. 21 van 1949</u>.

59 Universiteit van die O.V.S., <u>Jaarboek 1973</u>, p. 45.

60 Du Plessis, J.C., Skriftuurlike Grondslag vir Moedertaalonderwys, <u>Die Volksblad</u>, 7 Oktober 1943c.

Ds. Du Plessis het verduidelik dat elke volk op aarde die fundamentele reg besit om deur sy eie taal onderrig te word. Toe Jesus Sy dissipels na die mensdom gestuur het, het Hy hulle na die nasies gestuur. Onder die leiding van die Heilige Gees het God die Bybel in die tale van die volke laat vertaal sodat mense deur hulle eie taal toegang kon hê tot die ware lewe en die geloof.[61] Daarom "eis die prediking, eis die Bybel in die volkstaal en eis die Christelike opvoeding die handhawing ten volle van elke volk se eie taal".[62] Soos reeds genoem, was sy standpunt dat die Heilige Gees op Pinksterdag die taal van elke volk erken, gebruik en eerbiedig het en "dat die Heilige Gees op die dag van Sy uitstorting Sy onderrig laat geskied het deur die Moedertaal van elke volk daar teenwoordig".[63] Die Bybel sê dit uitdruklik "want elkeen" (met ander woorde elke volk) "het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek".[64]

Dis duidelik "dat die gebruik en handhawing van die moedertaal as medium van onderrig 'n heilige saak is".[65]

Ds. Du Plessis het verder verwys na die skepping en verduidelik dat God die diere volgens soorte geskape het met sy eie aard, eie instink en eie geluidtekens waardeur elke soort met mekaar kan kommunikeer[66] en die "soortlewe na elke omstandigheid bepaal en gereguleer word".[67] Ds. Du Plessis het die vraag gestel: "Waar God aparte nasies gewil het en aan elkeen sy eie taal gegee het ... is die moedertaal nie die middel waardeur elke volk sy eie soort en aard moet handhaaf nie?"[68]

Ds. Du Plessis het ook na die Kerkhervorming verwys wat die lewensbeginsel toegepas het dat die onderrig deur die moedertaal moet geskied. So het Hervormers soos Martin Luther die Bybel en leerboeke in hulle eie volkstaal vertaal. Ds. Du Plessis het voorts beweer dat "enige afwyking in

---

61 Ibid.

62 Ibid.

63 Ibid.

64 Handelinge 2:6.

65 Du Plessis, J.C., 1943, op. cit.

66 Ibid.

67 Ibid.

68 Ibid.

die skoolwese van die moedertaalmedium 'n afwyking van 'n lewensbelangrike beginsel van die Reformasie en 'n oorhelling na die liberalisme is".[69]

Volgens ds. Du Plessis is dit in die verlede oor en oor bewys dat die kind skade ly wat godsdienstige en kulturele opvoeding betref as hy nie deur sy moedertaal onderrig ontvang nie.[70] Ten slotte het hy gesê: "Waar 'n onderwys op Christelik-Nasionale grondslag die reg en uitgesproke eis van volk en kerk is; waar die gebruik van die moedertaalmedium die noodsaaklikste vereiste vir sodanige onderwys is; waar sodanige onderwys onontbeerlik is vir die nakoming van die doopbelofte, daar is dit die roeping van die volk en kerk om met alle mag te ywer vir die onbelemmerde gebruik van die moedertaal en vir die Christelik-Nasionale Onderwys".[71]

Op hierdie vergadering het die kerkraad die volgende besluite geneem:

"dat, hoewel hy heelhartig die noodsaaklikheid van kennis van die tweede taal erken en medewerking nog steeds wil verleen om dit te bevorder, hy egter moet beklemtoon dat die tweede taal 'n bytaal is wat nooit as tweede moedertaal kan geld nie. Daar geen volk twee moedertale kan hê nie, mag die skoolwese nie ingerig word op grondslag van twee media nie, asof hulle as twee moedertale gebesig kan word. Die moedertaalmedium moet deurgaans gehandhaaf word ... mag nie tekort doen aan die volle gebruik van die moedertaal as medium van onderrig nie".[72] Voorts is ook besluit: "Alleen die enkelmediumskool kan volle reg laat geskied aan die moedertaalmedium en 'n onderwys op Christelik-Nasionale grondslag";[73] en dat "aangesien die weg van ons kinders, wat hoër onderwys betref, versper is om na die U.K.O.V.S. te gaan deur die besluit van die Raad waardeur 'n Afrikaanse beleid aldaar verwerp is ... keur die Sinode die handelinge van die

---

69 Ibid.

70 Ibid.

71 Ibid.

72 Ibid.

73 Ibid.

Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys goed, ondersteun die Aksiekomitee .... om 'n moedertaalstrydfonds vir 'n vrye, Christelike Afrikaanse Universiteit vir die Vrystaat in die lewe te roep".[74]

Aangesien die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys die eerste was om die stryd vir moedertaalonderwys aan te knoop, is dit wenslik om stil te staan by die ontstaan en betekenis van die stryd, die stryd self en die afloop daarvan.

f Die O.V.S.O.V. en Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys span saam in die moedertaalonderwysstryd

Reeds so vroeg soos November 1936 het die O.V.S.O.V. aandag begin skenk aan moedertaalonderwys in die Vrystaat en 'n onderhoud gevoer met dr. S.H. Pellisier, Direkteur van Onderwys, oor die beskrywingspunt wat gehandel het oor 'n verandering van Onderwysordonnansie 15 van 1930. Hiervolgens sou "die voertaal van elke leerling in al die standerds van 'n openbare of ondersteunde skool tot en met die sesde standerd die huistaal van die leerling moes wees".[75] Skynbaar was die O.V.S.O.V. bedag op die stryd wat later sou plaasvind, want in 1937 was daar die eerste tekens van aanvalle teen moedertaalmedium-onderwys toe daar in die Engelse koerante geprotesteer is teen die onverbiddelike en strenge deurvoering van die moedertaal-mediumbeginsel.

'n Sterk reaksie teen die standpunt van die Engelse koerante het onder andere gekom van die kant van die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys waarin ds. Du Plessis 'n leidende rol gespeel het. Die Sinode het vantevore reeds herhaalde kere op besliste wyse sy onversetlike standpunt ten gunste van moedertaalonderwys gestel. In 1937 het die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys 'n memorandum oor die aangeleentheid opgestel en aan die verantwoordelike liggame en instansies gestuur.[76] Dit was die voorloper van verskeie ander protesbesluite wat in 1943 deur talryke liggame en instansies geneem is teen die dubbelmediumbeleid.

---

74 Ibid.

75 Henning, J.A., Die Geskiedenis van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging gedurende die periode 1930-1950, 1963, p. 96.

76 Du Plessis, J.C., 1963, op. cit., p. 182.

Kortliks het die omstrede memorandum daarop neergekom "dat die verstandelike ontwikkeling van die kind langs die kortste pad moet geskied en wel deur middel van die moedertaal; dat onderwys te doen het met die veelsydige ontwikkeling van die verstand waarvan die aanleer van 'n tweede taal slegs 'n onderdeel is; dat die veelsydige ontwikkeling van die verstand vertraag word wanneer die voertaal wat gebesig word self 'n vreemde taal is; dat die opvoeding nie net te doen het met die verstandelike ontwikkeling nie, maar ook en veel met karakterbou, gegrond op wat eie is; dat die respek vir wat sy eie is, verswak en ondermyn word as hy nie deur sy moedertaal onderwys ontvang nie; en dat die prysgee van die beginsel van onderrig deur die moedertaal 'n gevoel van minderwaardigheid by die kind aankweek wat hom sy hele lewe lank bybly en sy karakter en persoonlikheid nooit reg laat ontwikkel nie".[77]

Hierdie memorandum is na die betrokke onderwysowerhede deurgestuur met die versoek dat geen verslapping in die toepassing van die moedertaalmedium toegelaat moet word nie.

Om die betekenis van die stryd beter te begryp, word die begrippe enkel- en dubbelmediumskole verduidelik, aangesien die stryd oor hierdie tipe skole gegaan het.

Enkelmediumskole: In 'n enkelmediumskool "word òf Afrikaanssprekende kinders, òf Engelssprekende kinders vanaf die begin van hul skoolloopbaan in die taal wat hulle die beste praat en verstaan, dit is die huistaal, onderrig, met ander woorde, die Afrikaanssprekende kind gaan na 'n Afrikaansmediumskool waar net Afrikaans gepraat word en die tweede taal net as vak onderrig word, en omgekeerd".[78]

Dubbelmediumskole: In 'n dubbelmediumskool is Afrikaans- sowel as Engelssprekende leerlinge in dieselfde skool waar hulle met mekaar vry omgaan, mekaar se taal leer eerbiedig, praat en verstaan. In so 'n skool word die betrokke vak in albei media onderrig. Die

77 Du Plessis, J.C., Die Moedertaalkwessie, 1944a, p. 2.

78 Van Tonder, M.A., Dr. S.H. Pellisier as Direkteur van Onderwys vir die periode 1926-1948, p. 316.

onderwyser behandel of verduidelik in 'n skool waar die Afrikaanssprekende leerlinge die meerderheid is eers die gegewe les deur Afrikaans-medium en direk daarna behandel hy dieselfde les in Engels. Dus dié leerlinge wie se huistaal Engels is, ontvang onderrig in hul moedertaal en omgekeerd.

In vakke soos byvoorbeeld Biologie, Geskiedenis en Wiskunde, word die eksamenvraestelle van die betrokke vakke in albei media opgestel. Die leerlinge het die reg om hulle eksamenvrae in hulle moedertaal te beantwoord. Dieselfde geld met die dikteer van aantekeninge in die betrokke vakke. Eers word die aantekeninge in Afrikaans gedikteer en direk daarna in Engels sodat die leerlinge die aantekeninge in hulle eie moedertaal kan ontvang.

Met verwysing na die voorafgaande gedeelte waaroor die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys 'n memorandum opgestel het ter ondersteuning van die moedertaalbeginsel in die onderwys, het daar in 1938 'n aantal briewe in 'n Vrystaatse koerant verskyn. Daarin is aangedring op die verslapping in die toepassing en implementering van die moedertaal-mediumbeleid. Hierna is in die Provinsiale Raad kennis gegee van mosies wat 'n verslappende toepassing beoog het.

Die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys het dadelik daarop gereageer, 'n protes-memorandum opgestel en in April 1939 aan die Provinsiale owerhede deurgestuur. Gelukkig het daar van die mosies niks gekom nie.[79]

Die Engelssprekende ouers van Kroonstad het 'n afvaardiging na die Onderwysdepartement gestuur om te pleit vir die stigting van 'n aparte Engelsmediumskool.[80] Voordat die Engelsmediumskool gestig is, het die

---

79 Du Plessis, J.C., 1944a, op. cit., pp. 2-3.

80 Van Tonder, M.A., op. cit., p. 318.

Volkskool (later Sentrale Volkskool) tot 'n parallelmediumskool ontwikkel. Later het die skool aansoek gedoen om 'n Afrikaans-enkelmediumskool te word. Die Brebner-skool in Bloemfontein het dieselfde voorbeeld gevolg en 'n Engelsmediumskool geword.[81]

Van Tonder wys daarop dat, wat "die Vrystaat betref, het die inisiatief in verband met die stigting van enkelmediumskole hoofsaaklik van die Engelssprekendes uitgegaan".[82] Die onderwysowerhede het dié enkelmediumskole erken en goedgekeur.

In 'n brief aan Die Volksblad het ds. Du Plessis vermeld dat die tweetaligheidsbeginsel as wapen gebruik is "om enkelmediumonderrig te bestry onder voorwendsel dat die enkelmedium-inrigting rassehaat in die hand werk of rassesamewerking verhinder".[83]

Die stryd was eintlik gemik teen die Afrikaansmediumskole, en toe die Engelssprekendes finansieel in staat was om hul kinders na Engelsmediumskole te stuur, is die verwyt van rassehaat nooit teen hulle hoof geslinger nie.[84]

Ds. Du Plessis het verwys na die Verenigde Party-kongres in Kaapland (1941) wat die enkelmedium-inrigtings van die Afrikaanssprekendes beskuldig het van "Nazi"-propaganda en bygevoeg dat die Afrikaner se stryd vir die dubbelmediumbeginsel nou 'n party-politieke saak geword het. Op hierdie kongres het Minister Harry Lawrence meegedeel: "I am not dealing with this matter on my own. General Smuts is handling it personally. He considers this matter the battle ground of the future and it must be tackled properly."[85] Verder het die Minister bygevoeg: "This is going to be a great struggle."[86] Hy was bewus dat die afskaffing van enkelmedium-inrigtings 'n groot stryd gaan ontketen, 'n stryd waarvoor enige volk hard sou stry.

---

81 Ibid.

82 Ibid.

83 Du Plessis, J.C., Die betekenis van die stryd teen enkelmedium, Die Volksblad, 24 Augustus 1943a, vgl. Van Tonder, M.A., op. cit., p. 322.

84 Ibid., vgl. Du Plessis, J.C., 1944a, op. cit., p. 3.

85 Du Plessis, J.C., 1943a, op. cit.

86 Ibid.

### g Die stryd self en die afloop daarvan

Nadat die Verenigde Party-kongres in 1941 in Kaapland besluit het om enkelmediumskole af te skaf, was dit aanvanklik nie so duidelik of dit gemik was teen die Afrikaans-enkelmediumskole of Engels-enkelmediumskole nie, maar "namate die stryd egter insake moedertaalonderwys ontwikkel het, het dit duidelik geword dat die agitasie teen die Afrikanerskole gerig was".[87] Die enkelmediumskole is nou skielik "van regeringsweë veroordeel en die dubbelmediumskool as ideaal gestel".[88] Dis te verstane dat die veldtog teen die enkelmediumskole gespruit het uit party-politieke aksie.[89] Van Tonder voeg verder by dat die taalvraagstuk as party-politieke propaganda gebruik is teen die Afrikaner se enkelmediumskool.[90]

Die stryd is verder gevoer toe die destydse Administrateur van die Vrystaat, dr. S.P. Barnard, hom ten gunste van dubbelmediumonderwys uitgespreek het en in 1944 'n memorandum opgestel het waarin hy 'n regstreekse aanval op die enkelmediumskole gemaak het. Tydens 'n Uniedag-feesviering het hy in 'n uitsaairede gepleit dat geen staatsgeld beskikbaar gestel moes word vir enkelmediumskole nie, maar slegs vir dubbelmediumonderwys.[91]

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die taalmedium 'n politieke speelbal geword in die hande van party-politieke leiers. Eers word onderwys en skool regstreeks as instrument van die staat gebruik om sy politieke belange te bevorder; later word dit aangewend vir bevordering van party-politieke belange.[92]

Toe verskeie ministers hulle begin skaar het ten gunste van dubbelmediumonderwys, het die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys

---

87 Van Tonder, M.A., op. cit., p. 322.

88 Ibid., p. 315.

89 Ibid., p. 322.

90 Ibid., p. 315.

91 Ibid., p. 327.

92 Pienaar, P. de Vos (red.), Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel II, p. 357.

daarteen geprotesteer dat die taalmedium-onderwys in die party-politiek ingesleep is. Een van die ministers het die kerk verwyt dat hy hom bemoei met die taalvraagstuk en beskuldig die kerk dat hy die oorsaak is van rassehaat en verdeeldheid.[93] Hierop het ds. Du Plessis hom skerp aangeval en oortuig dat die valse aantygings laakbaar en van alle grond ontbloot is. Die kerk kan nie toelaat dat die kind se moedertaalonderrig deur politieke agitators ontneem word nie en volgens die doopbelofte moet hy waak vir die heil van die Afrikanervolk.[94]

Verder het ds. Du Plessis bygevoeg dat dit die plig van die kerk is om "voort te gaan in die stryd om die stempel van die volkseie op die onderwysstelsel ... te druk, want wat die eie van ons volk is, sluit erfgoedere in wat die voorvaders vir die nageslag nagelaat en wat die Protestants-Christelike geloof geskenk het".[95] Met die oog op hierdie propagandaveldtog vir dubbelmedium, het die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys aan die Sinode gerapporteer dat daar "met alle krag teen die onreg geprotesteer word dat oogluikend toegelaat word dat hierdie saak nou in party-politiek ingetrek is en dit nou die kerk na die hoof geslinger word: jy bemoei jou met 'n party-politieke saak".[96] Die Sinode het dan ook besluit om te volhard in sy stryd vir moedertaalonderwys.

Tydens "die tweede helfte van 1943 toe die stryd, dubbelmedium versus enkelmedium, op sy felste was, het uit die pen van dr. E.G. Malherbe 'n geskrif, Die Tweetalige Skool, verskyn".[97] Hierdie geskrif is met opset opgestel as propagandamiddel vir dubbelmediumonderwys.

---

93 Du Plessis, J.C., 1943a, op. cit.

94 Ibid.

95 Ibid., vgl. Du Plessis, J.C., 1943b, op. cit.

96 Du Plessis, J.C., op. cit., p. 3.

97 Van Tonder, M.A., op. cit., p. 327.

Die inleiding en aanbeveling voor in Die Tweetalige Skool, is geskryf deur wyle prof. T.J. Haarhoff wat 'n sterk en vurige pleidooi gelewer het vir dubbelmediumonderwys. Toe die rektorskap van U.K.O.V.S. vakant raak en prof. T.J. Haarhoff genader is om die pos te aanvaar, het ds. Du Plessis onmiddellik 'n brief in Die Volksblad geplaas waarin hy 'n vraag aan prof. Haarhoff gestel het in verband met die dubbelmediumbeleid. Die vraag[98] lui dat, aangesien prof. Haarhoff die dubbelmediumbeleid in die inleiding van Die Tweetalige Skool aanbeveel, maar ook terselfdertyd erken dat dubbelmedium in 'n eksperimentele stadium is, waarom die studente aan U.K.O.V.S. die slagoffers van 'n eksperiment moes wees? Die gevolg van daardie brief aan die pers het veroorsaak dat prof. Haarhoff nie die pos aanvaar het nie.

Die stryd vir moedertaalonderwys het nou groter afmetings begin aanneem, veral nadat die Verenigde Party in 1943 die algemene verkiesing gewen het en die beoogde dubbelmediumbeleid van genl. Smuts in 1944 begin deurvoer het.[99] In die Provinsiale Raad van die Vrystaat was ds. Du Plessis met allerlei besluite gekonfronteer rakende enkelmediumrigtings en -skole. Toe die destydse Administrateur van die Vrystaat 'n regstreekse aanval gemaak het op enkelmediumskole, het hy as spreekbuis van die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys, nie geskroom om die kerk se standpunt in die pers duidelik te stel nie.

Soos vroeër aangetoon, is 'n O.V.S.O.V.-kongres in Oktober 1943 te Bloemfontein gehou waarop 'n afvaardiging[100] waarvan ds. Du Plessis 'n lid was, gekies is om 'n onderhoud met die Minister van Onderwys in Pretoria te voer ten opsigte van die dubbelmediumbeleid en die samestelling van die U.K.O.V.S.-Raad. Tydens die onderhoud was dit duidelik dat genl. Smuts enige maande later in 1944 wetgewing sou indien om dubbelmediumbeleid binne vyf jaar in die hele land in werking te stel. Die dubbelmediumbeleid het nooit werklikheid geword nie, want in 1948 het die Nasionale Party onder dr. D.F. Malan die landsregering oorgeneem en so

---

98 Du Plessis, J.C., Die Volksblad, September 1943.

99 Van Tonder, M.A., op. cit., p. 329, vgl. Celliers, D.H., Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool, p. 173.

100 Afvaardiging: Dr. J. de W. Keyter, mnr. T. Blok, ds. J.C. du Plessis, mej. S.M. Grobbelaar, mnr. S. Naude, dr. J. Liebenberg, mnre. P.J. Lemmer, J.W. Loubser en drr. N. Diedericks en D.F. Malherbe.

het die veelbesproke dubbelmediumbeleid in duie gestort en het die moedertaalmediumbeleid 'n ereplek in die onderwys van Suid-Afrika ingeneem.

As dit nie was vir die ywerige en daadwerklike optrede van ds. Du Plessis, die spreekbuis van die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys en ander belanghebbende instansies nie, sou moedertaalonderwys seker nooit tot sy reg gekom het nie.

Ds. Du Plessis wat hom so beywer het vir opvoeding en onderwys in die Vrystaat, het na een-en-twintig jaar in dié provinsie die beroep na Beaufort-Wes in Kaapland aangeneem om ook weer daar betrokke te raak in onderwysaangeleenthede.

## 3.8 DS. DU PLESSIS SE ONDERWYSAKSIE IN KAAPLAND (1945-1951)

### TER INLEIDING

Onmiddellik na sy aankoms te Beaufort-Wes, is hy deur die Kaapse Onderwysdepartement tot lid van die plaaslike skoolraad benoem en met die eerste vergadering van daardie skoolraad tot voorsitter verkies. Hy het hom dadelik vir hervorminge van plaaslike onderwysfasiliteite op die dorp beywer. Sommige blanke skole was naby aan die Kleurlingwoonbuurt geleë en twee Kleurlingskole was in die middel van die dorp. Dit het hom gehinder en hy kon nie begryp dat opvoedkundiges hierdie toestand nie kon raaksien en iets daaromtrent doen nie.

Ds. Du Plessis het dadelik tot daadwerklike handeling oorgegaan om sy sogenaamde segregrasie-beleid in Beaufort-Wes toe te pas.

### 3.8.1 <u>Ds. Du Plessis se segregrasie-beleid ten opsigte van Onderwysaangeleenthede te Beaufort-Wes</u>

---

101 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24, 27 en 31 Januarie 1972.

a Die eertydse toestand

In 1945 was daar 'n hoër- en twee laerskole vir seuns asook 'n departementele koshuis waarvan die geboue swak en naby die spoorwegstasie en nie te ver van die Kleurlingwoonbuurt geleë was nie. In die middedorp was 'n laerskool vir dogters en 'n voorbereidingskool, asook twee koshuise, een vir dogters en die ander een vir behoeftige kinders onder kerklike sorg.

Hoewel die plaaslike stadsraad baie gedoen het om die Kleurlinge na die Kleurlingwoonbuurt te verskuif, was daar nog twee Kleurlingskole in die dorp wat ook verskuif moes word, 'n toestand wat nege skole geraak het. Niemand was skynbaar daaroor ontsteld nie totdat ds. Du Plessis die situasie raak gesien en met drastiese voorstelle na vore gekom het.[102]

b Ds. Du Plessis se Segregrasieskema

Ds. Du Plessis was pas verkies tot voorsitter van die skoolraad of hy opper die gedagte dat grond verkry moet word vir toekomstige onderwysuitbreidings. Verlof is aan hom toegestaan om die plaaslike stadsraad te nader; gevolglik is vyf en twintig morge vir dié doel verkry.[103]

Ds. Du Plessis het toe 'n verslag met aanbevelings opgestel en dit aan die Kaapse Onderwysdepartement voorgelê vir goedkeuring.

Dit was tydens die dorp se honderd vyf-en-twintigjarige feesvieringe dat ds. Du Plessis en sy kollega, ds. Lood Spies, besluit het om die sogenaamde segregrasieskema met die Administrateur van Kaapland, mnr. G. Brand van Zyl, wat ook uitgenooi was na die feesvieringe, te bespreek.[104]

---

102 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24, 27 en 31 Januarie 1972.

103 Ibid.

104 Ibid.

Nadat die Administrateur die betrokke skole en terreine besoek het, het hy sy steun toegesê aan die skema en beloof om 'n departementele kommissie van ondersoek aan te stel om op die onderwysaangeleentheid in te gaan en 'n verslag aan die Kaapse Onderwysdepartement voor te lê.[105] Die Kaapse Onderwysdepartement het na deeglike bespreking van die verslag die segregrasieskema goedgekeur. Kort hierna is die Administrateur aangestel as Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika en moes die onderhawige skema met die nuwe Administrateur, mnr. A. Carinus, bespreek word.[106]

Die skoolraad het toe die nuwe Administrateur genooi om dieselfde skole en terreine te besoek as wat sy voorganger besoek het. Hy het dit gedoen en die betrokke skema ook goedgekeur.[107]

Daar is toe dadelik begin met die oprigting van 'n groot Kleurlingskool op die nuwe skoolterrein. Die kerkraad het besluit om die terrein waarop die ou Kleurlingskool gestaan het, aan die staat te verkoop vir staatskantore. Hierop verkry eerwaarde A.H. Barnard 'n bevel nisi teen ds. Du Plessis as voorsitter van die kerkraad om te bewys dat die grond waarop die Kleurlingskool staan, aan die kerkraad van Beaufort-Wes behoort.[108] Eerwaarde Barnard se prokureur het volgehou dat ds. Du Plessis nooit so 'n eiendomsbewys sou kon voorlê nie, aangesien die terrein 'n skenking was deur 'n eertydse Goewerneur aan die Kaap. Nadat die nodige eiendomsbewyse gevind is, het eerwaarde Barnard en sy prokureur die saak teruggetrek.[109]

Die voltooiing van die hele segragrasieskema kon egter eers plaasvind na ds. Du Plessis se vertrek na Pretoria-Noord.

Benewens sy belangrike segregrasieskema waarvan die geboue as monumente kan getuig, was een van sy take om die sogenaamde Kaaplandse Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys van ontbinding te red en om nuwe lewe en stukrag aan die betrokke Kommissie te verleen in verband met hul optrede.[110]

---

105 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 30-31 Januarie 1972.

106 Ibid.

107 Ibid.

108 Ibid.

109 Ibid.

110 Ibid.

### 3.8.2 Ds. Du Plessis aktiveer Kaaplandse Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys tot optrede

#### a Ds. Du Plessis red Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys van ontbinding

In dieselfde jaar wat ds. Du Plessis op Beaufort-Wes aangekom het, het die Kaapse Sinode ook in Kaapstad vergader.

Toe die agenda vir die Sinodesitting verskyn, was ds. Du Plessis teleurgesteld dat die Kaaplandse Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys na agt-en-neëntig jaar nie meer in staat was om sy taak te vervul nie en dat die betrokke Kommissie aanbeveel het dat die Algemene Armsorgkommissie die werksaamhede moes vervang en alle fondse van die betrokke Kommissie aan die Kweekskool van Stellenbosch moes skenk.[111]

Hieraan het ds. Du Plessis nie sy steun gegee nie. Toe die verslag van die betrokke Kommissie ter sprake kom, het hy 'n voorstel ingedien waarin hy gepleit het vir die behoud en voortbestaan van die Kommissie. Dit is eenparig deur die Sinode goedgekeur. Daar is ook besluit dat die betrokke Kommissie sy fondse sou behou vir aanwending ten opsigte van opvoeding- en onderwysaangeleenthede en nie aan die Kweekskool van Stellenbosch sou skenk nie.[112]

Op die eerste vergadering van die nuwe Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys van Kaapland het ds. Du Plessis die sekretarisskap aanvaar ten einde die betrokke Kommissie te besiel en te aktiveer vir verdere optrede.[113]

#### b Ds. Du Plessis se rol as sekretaris en voorsitter van die Kaaplandse Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys insake Onderwysaangeleenthede

111 Du Plessis, J.C., Onderhoud 30-31 Januarie 1972.

112 Ibid.

113 Ibid.

Pas nadat ds. Du Plessis tot sekretaris van bovermelde Kommissie verkies is, het hy die opleidingskolleges vir onderwysers in Kaapland besoek ten einde ondersoek in te stel na die geweldige afname in studente-inskrywings. Hy het selfs 'n rondskrywe gerig aan kerkrade ter werwing van studente en daarin melding gemaak van beurse wat die Kommissie aan voornemende studentonderwysers(-esse) bekikbaar stel.[114] Die gevolg was dat die opleidingkolleges daardie jaar so vol was dat hulle aansoeke moes afwys.[115]

Somtyds was ds. Du Plessis uitgenooi na onderwyskongresse en -vergaderings om die onderwyserskorps toe te spreek en dan het hy terselfdertyd sommer studente probeer werf vir die onderwyskolleges.[116]

Afgesien van die feit dat hy as sekretaris van die betrokke Kommissie belas was met die werwing van studente vir die onderwyserskolleges, was hy later as voorsitter van dié Kommissie behulpsaam met die implementering en uitvoering van die nuwe Godsdiensleerplan vir Kaaplandse skole.[117]

In April 1947 het die Kaapse Onderwysdepartement in samewerking met die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys 'n indiensopleidingskursus vir onderwysers -esse in Godsdiensonderwys te Uitenhage gehou wat deur onderwysers(-esse) oor die hele Kaapland bygewoon is. Volgens wat vasgestel kon word, was dit die eerste keer dat so 'n Godsdienskursus[118] vir diensdoende onderwysers(-esse) aangebied was.

---

114 Du Plessis, J.C., Onderhoud 30-31 Januarie 1972.

115 Ibid.

116 Ibid.

117 Ibid.

118 Skrywer was self een van die kursusgangers wat die indienskursus te Uitenhage bygewoon het. Die kursus het ongeveer drie dae geduur. Dit was 'n ware belewenis om te ervaar hoe dr. J.G. Meiring (later S.G.O.) en sy studente gedeeltes uit die Bybel (Ps. 68 en Jesaja 53 en nog meer) op gevoelvolle wyse voorgedra het. Op daardie kursus is lesings gelewer deur die S.G.O., dr. W. de Vos Malan, dr. J.G. Meiring, mnr. S. Malherbe (later Inspekteur van Godsdiensonderwys), mnr. W.A. Joubert, en andere.

Ds. Du Plessis het hom veral baie beywer vir 'n aangename samewerking tussen hom en die destydse Superintendent-generaal van Onderwys, dr. W. de Vos Malan, rakende die toepassing van ordonnansies oor godsdiensonderwys. Dit het soms gebeur dat die Superintendent-generaal van Onderwys sy hulp ingeroep het rakende die toepassing van sekere Godsdiensordonnansies. Hy het hom ook beywer vir die opstel van Godsdienshandboeke vir Kaaplandse skole deur skrywers vir sodanige boeke te probeer vind. Die gevolg hiervan was die verskyning van werke deur prof. G.B.A. Gerdener, dr. E. Greyling, ds. D. Moorrees en mnr. W.A. Joubert.[119]

Die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys waarvan ds. Du Plessis eers sekretaris en later voorsitter was, het hom deurgaans beywer vir die opvoeding en onderwys van die jeug. Ds. Du Plessis is benoem as verteenwoordiger van die betrokke Kommissie op die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys (I.C.N.O.) van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.). Hy het onder andere die veelbesproke De Villiers-onderwysverslag (1948), 'n voorloper van die nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika, in vyf artikels saamgevat en toegelig.

c Ds. Du Plessis se rol as verteenwoordiger van die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys op die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys van die Federasie van Kultuurverenigings

Om ds. Du Plessis se aandeel as Kaapse verteenwoordiger op die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys te verstaan, moet die stigting en doel van die betrokke liggaam eers nader bespreek word voordat die standpunt van die kerk ten opsigte van die C.N.O. en die aanvaarding van die beleid deur die Sinode aan die beurt kom.

119 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 30-31 Januarie 1972.

.1 Stigting en doel van die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys (I.C.N.O.)

Toe daar in 1937 tekens van 'n naderende stryd was om die Afrikanerkind te verengels deur middel van die dubbelmediumbeleid, het die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.) verskeie kongresse belê ter beskerming, uitbouing en bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur. So is daar 'n C.N.O.-kongres[120] deur die F.A.K. op 5, 6 en 7 Julie 1939 te Bloemfontein belê waar die C.N.O.-ideaal opnuut ingeskerp en duidelik gestel is. As lid van die F.A.K. was ds. Du Plessis ook op hierdie C.N.O.-kongres teenwoordig waar hy gehelp het om die C.N.O.-ideaal verder te beklemtoon. Op hierdie Kongres is daar besluit om 'n liggaam te stig "om die histories-geworde ideaal van Christelike- en Nasionale onderwys en opvoeding voortdurend te propageer en te bevorder".[121] Die algemene riglyne van die beleid, soos neergelê deur die Kongres, moes stelselmatig uitgedra word.[122] Die F.A.K. het vir die doel onmiddellik 'n instituut gestig, bekend as die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys (I.C.N.O.) waarvan die spesifieke hooftaak was die formulering van 'n C.N.O.-beleid aanvaarbaar vir alle gelowige Afrikaners.[123]

.2 Die C.N.O.-beleid van die F.A.K. en die aanvaarding daarvan deur die Kaapse Sinode (1949)

Onmiddellik na die stigting van die I.C.N.O. van die F.A.K. het die betrokke instituut sy werksaamhede voortgesit en tien jaar[124] lank aan die formulering van 'n C.N.O.-beleid[125] gewerk.

120 Instituut vir C.N.O. van die F.A.K., C.N.O.-beleid 1948 (voorwoord).
121 Ibid.
122 Ibid., vgl. Coetzee, J.C, Onderwys in Suid-Afrika 1963, p. 335.
123 Ibid.
124 Instituut vir C.N.O. van die F.A.K., C.N.O.-beleid 1948 (voorwoord).
125 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 30-31 Januarie 1972.

Ds. Du Plessis het die Kaapse Kerk op die I.C.N.O. van die F.A.K. verteenwoordig toe die komitee[126] van die I.C.N.O. besig was om aan die C.N.O.-beleid te werk. Alhoewel hy nie in die betrokke komitee gedien het nie, was hy altyd ten gunste van C.N.O. Hy het egter heelwat besware geopper toe die eerste konsep van die C.N.O.-beleid voor die vergadering gedien het. Eers na heelwat wysigings is die C.N.O.-beleid goedgekeur.

Dié beleid bestaan uit twee dele. Die eerste deel bestaan uit nege artikels wat handel oor laer- en middelbare onderwys en opvoeding en waarin die beleid breedvoerig neergelê word. Die tweede deel bestaan uit ses artikels wat handel oor ander onderwys en opvoeding soos kleuterskole, onderwys vir volwassenes, vakonderwys en hoër onderwys.[127]

Toe die C.N.O.-beleid in Februarie 1948 verskyn, het ds. Du Plessis onderneem om dit deur die Kaapse Sinode as beleidsverklaring aanvaarbaar te kry. Nadat hy dan ook 'n voorstel in dier voege ingedien het en dit persoonlik in die Sinode toegelig het, het die Sinode in 1949 die C.N.O.-beleid eenparig aanvaar as die toekomsonderwysbeleid waarop 'n nasionale onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika gefundeer moes word.[128]

3 Die standpunt van die Kaapse N.G. Kerk ten opsigte van C.N.O.

Ds. Du Plessis het hom nie net beywer vir die aanvaarbaarheid van die C.N.O.-beleid deur die Kaapse Sinode van 1949 nie, maar het ook die Kaapse N.G. Kerk se standpunt ten opsigte van C.N.O. duidelik en onomwonde in Die Kerkbode van Julie 1949 gestel.

---

126 I.C.N.O.-bestuurskomitee: Adv. C.F. de Vos Hugo (voorsitter), mnr. J.H. Greÿbe (onder-voorsitter), proff. J.G. Meiring, J. Coetzee, H.P. Wolmarans, drr. T. Dönges, E.G. Jansen, E. Greyling, di. D.P. Laurie en G.D. Worst, 1948.

127 Instituut vir C.N.O. van die F.A.K., C.N.O.-beleid 1948 (voorwoord). vgl. Coetzee, J.C, Onderwys in Suid-Afrika, 1963, p. 350.

128 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 30-31 Januarie 1972.

Ds. Du Plessis het aansluiting gevind vir sy standpunt in sinodale besluite van so vroeg soos 1857 wat gelui het "dat het positief-Christelijk element niet verdwijnen zal uit de volkscholen".[129] Dis duidelik dat die N.G. Kerk nooit onverskillig gestaan het teenoor die C.N.O.-ideaal nie; trouens die Kerk het die C.N.O.-ideaal gesteun in sy stryd teen dubbelmedium.

Ds. Du Plessis het daarop gewys dat die N.G. Kerk hom op vorige Sinodes onomwonde verklaar het ten gunste van die C.N.O.-beginsel. Op die Sinode van 1945 het die Kaapse Kerk onder meer besluit om die Sinodebesluit van 1940 te herhaal en mee te help tot die skepping van 'n suiwer Christelik-Nasionale onderwysstelsel. Die Sinode het ook 'n beroep op die pers en Christen-onderwysers gedoen om die Kerk te steun in sy stryd teen die onteiening en vervreemding van sy geestesgoedere, en te help om 'n Christelik-nasionale onderwys daar te stel.[130]

Die Sinodale Opvoedingskommissie waarvan ds. Du Plessis die spreekbuis was, het in sy verslag aan die Sinode van 1945 dit duidelik gestel dat die dubbelmedium-agitasie eintlik gemik was teen die Christelik-nasionale rigting in die onderwys. Wat daardie Kommissie verwag het, het gebeur, dubbelmedium-agitasie "het nou geword 'n openlike agitasie teen Christelik-nasionale onderwys".[131]

In Januarie 1946, direk na die Sinodesitting, het die Sinodale Opvoedingskommissie onder leiding van ds. Du Plessis 'n reglement opgestel wat in hoofsaak die volgende verklaarde beginsels en beleid neergelê het. Volgens ds. Du Plessis was die taak van die Kommissie "om te waak vir die handhawing en bevordering van die opvoedkundige beginsels en beleid wat vir ons Kerk en volk dierbaar en lewensbelangrik is, in 'n besef dat die ware heil van ons Kerk en volk meer as ooit in alle opsigte afhanklik is van 'n volksonderwys op 'n gesonde Christelike en nasionale grondslag".[132]

---

129 Du Plessis, J.C., Die Kaapse Kerk en die C.N.O., in Die Kerkbode, 20 Julie 1949, p. 145, vgl. Gunter, op. cit., p. 430.

130 Ibid., p. 139.

131 Ibid.

132 Ibid.

Mettertyd het die opdrag van die betrokke Kommissie nie net omvattender geword nie, maar het die Kerk na aanleiding van verslae en aanbevelings van sy Kommissie sy doelstellings met opvoeding en onderwys ook duideliker omlyn. Dit is uiteindelik saamgevat in 'n beleid wat bekend staan as die C.N.O.-beleid (Christelik-Nasionale Onderwysbeleid). Ds. Du Plessis en ander het aan die finale vorm deel gehad.

### d Ds. Du Plessis se vertolking van die De Villiers-onderwysverslag (1948)[133] as voorloper vir 'n nasionale onderwysbeleid

Ter inleiding kan vermeld word dat ds. Du Plessis as sekretaris van die Sinodale Opvoedingskommissie ook gemoeid was met die vertolking en toeligting van die De Villiers-onderwysverslag.

#### 1 Die ontstaan en doel van die De Villiers-onderwysverslag

In Maart 1945 het minister J.H. Hofmeyr 'n Kommissie[134] benoem onder voorsitterskap van dr. F.J. de Villiers, kortweg die De Villiers-onderwysverslag genoem. Die opdrag van die Kommissie was om 'n grondige ondersoek in te stel na die vereistes vir doeltreffende tegniese en beroepsonderwys en veral na te gaan of en tot watter mate in die leerplan van die laer- of middelbare skole voorsiening gemaak moet word vir onderwys van 'n beroepskundige aard.[135]

Die omvang van die Kommissie se opdrag het tot gevolg gehad dat die onderwys, uniaal sowel as provinsiaal, onder die soeklig gekom het.

---

133 Unie van Suid-Afrika. Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys. Verslag (U.G. 65/1948). Vgl. Du Plessis, J.C., 1963, op. cit., p. 181.

134 Kommissie: Dr. F.J. de Villiers (voorsitter), mnre. L.H.L. Badham, C.H. Crompton, prof. J. Orr en mnr. Alexander Sinton.

135 Unie van Suid-Afrika. Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys. Verslag (U.G. 65/1948). Vgl. Du Plessis, J.C., Die De Villiers-onderwysverslag in Die Kerkbode, 8 Junie 1949a, p. 1362.

Die doel was om die mees doeltreffende stelsel van koördinasie in alle afdelings van die onderwys te vind.[136] Met die aanstelling van hierdie Kommissie, en met die spesifieke opdrag wat hulle moes uitvoer, het die onderwysoutoriteite besef dat radikale hervorming in die onderwysstelsel gaan kom.

## 2 Enkele aanbevelings van die De Villiers-onderwysverslag

Hierdie Onderwysverslag was na vier jaar gereed vir bestudering en ontleding. Volgens ds. Du Plessis was hierdie onderwysverslag van 1948 seker "die uitvoerigste verslag wat nog ooit ... oor onderwysaangeleenthede verskyn het",[137] want dit dek die hele omvang van die onderwys in besonderhede.

Gedurende die Kaapse Sinodesitting van 1949 het ds. Du Plessis as sekretaris van die Sinodale Opvoedingskommissie die De Villiers-onderwysverslag in die Sinode verduidelik en toegelig. Hy bespreek die onderwys as 'n geheel en wys op die nuwe nasionale onderwysstelsel wat dit aan die hand gee.

Ds. Du Plessis het die De Villiers-onderwysverslag in 'n reeks van vyf artikels[138] in Die Kerkbodes van Junie en Julie 1949 opgesom. Hierin het hy 'n oorsig van die kardinale feite, bevindings en aanbevelings gegee. Van die vyf-en-twintigtal aanbevelings in die Verslag kon die eerste nege onmiddellik toegepas en uitgevoer word om die huidige stelsel in die rigting van 'n nasionale onderwysstelsel te laat beweeg. Die aanbevelings is kortliks die volgende:

- "Die instelling van 'n Nasionale Onderwysraad by Wet van die Parlement.
- Die benoeming van 'n Komitee deur die Nasionale Onderwysraad wat in besonderhede die heraanpassing van die laerskoolonderwys moes uitwerk wat die nasionale onderwysskema soos in

---

136 Du Plessis, J.C., 1949a, op. cit., p. 1362.

137 Ibid.

138 Du Plessis, J.C., 1963, op. cit., p. 181.

hierdie Verslag voorgestel, sou vereis.

- Die afskaffing van die St. VI-eksamen.
- Die invoering van die kumulatiewe verslagkaart in die eerste jare van die laerskool.
- Die invoering van leeftydsbevordering tot aan die end van die junior hoërskool.
- Die omskepping van St. VI, VII en VIII in junior hoërskooleenhede en die benoeming, deur die Nasionale Raad, van 'n komitee vir die junior hoërskoolleerplan.
- Die verhoging van die verpligte skoolbesoek-leeftyd tot 16 jaar ongeag skolastiese prestasie.
- Die instelling van gratis onderwys tot minstens die einde van die verpligte skoolbesoek-leeftyd.
- Die geleidelike sentralisasie van St. IX- en X-leerlinge wat uiteindelik sal lei tot die stigting van afsonderlike junior hoërskole en senior hoërskole".[139]

Aangaande onderwysbeheer beveel die Kommissie aan "dat die provinsies behoort voort te gaan om alle laer- en middelbare onderwys te administreer, en die sentrale regering alle beroepsonderwys met inbegrip van die landbou-hoërskole".[140] Die Kommissie beveel ook die stigting van 'n Nasionale Onderwysraad[141] aan bestaande uit sewentien lede.

Ds. Du Plessis het beswaar teen die samestelling van die beoogde Nasionale Onderwysraad gehad. Hy wou ook verteenwoordiging van Christelike

---

139 Unie van Suid-Afrika. Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys. Verslag (U.G. 65/1948), pp. 295-296.

140 Du Plessis, J.C., 1949a, op. cit., p. 1518, par. 2118. Vgl. Du Toit, P.S., Opvoedkundige Studies, pp.142, 322.

141 Du Plessis, J.C., 1949a, op. cit., p. 1518.

kerke daarop hê. Volgens hom het die N.G. Kerk 'n sterk saak gehad op grond van die feit dat dit die N.G. Kerk was wat pionierswerk in byna alle vertakkinge van die onderwys gedoen het en leiding geneem het as gevolg van sy ervaring in en kennis van onderwysaangeleenthede.[142]

Hierdie De Villiers-onderwysverslag het die weg probeer aantoon vir 'n nuwe onderwysbeplanning. Dit het indirek meegehelp en gelei tot die opheffing van verdeelde onderwysbeheer waaraan die I.K.K. (Interkerklike Komitee) so 'n leeue-aandeel gehad het.

142 Ibid., p. 1527.

# HOOFSTUK 4

## DS. J.C. DU PLESSIS SE AANDEEL IN DIE I.K.K. EN O.V.S.O.V. SE AKSIE VIR 'n NASIONALE ONDERWYSBELEID

### 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is daar verwys na ds. Du Plessis se kennis van die De Villiers-onderwysverslag. Hy het besonder aandag gegee aan die Verslag se "bevindings en aanbevelings ten opsigte van die verhouding tussen algemene en beroepsonderwys".[1] Die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys het na sorgvuldige studie sekere aanbevelings voor die Sinode gelê wat neergekom het op die daarstelling van 'n nasionale onderwysstelsel, 'n Nasionale Onderwysraad, beter versorging van beroepsonderwys en die hou van 'n volkskongres in samewerking met die gefedereerde Kerke.[2]

Geeneen van die onderskeie onderwysdepartemente wou dit egter waag om dadelik uitvoering te gee aan die aanbevelings van die Verslag ten opsigte van 'n nasionale onderwysbeleid nie.

Met ds. Du Plessis se aankoms in Transvaal was dit duidelik dat daar weinig aandag aan die Verslag se aanbevelings ten opsigte van 'n nasionale onderwysstelsel gegee is - alles te wyte aan die gevestigde regte van provinsies en die jaloesie wat provinsialisme met die jare so 'n diep inslag laat kry het. Selfs tydskrifte en koerante het weinig melding gemaak van die Verslag en die implikasies van daardie Verslag vir 'n nasionale onderwysstelsel.[3]

In die jaar van ds. Du Plessis se aankoms te Pretoria-Noord (1951) het die Transvaalse Sinode gesit en is ds. Du Plessis verkies tot voorsitter van

---

1 Du Plessis, J.C., 'n Terugblik oor die laaste tien jaar op die Aksie van die Afrikaanse Kerke vir 'n Nasionale Onderwysbeleid, in Die Skoolblad, Januarie 1960, p. 10.

2 Ibid.

3 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24 Januarie 1972.

verskeie kerklike liggame. Vanweë sy wye kennis van opvoeding en onderwys is hy tot voorsitter van die Sinodale Jeugkommissie, waaronder ook sekulêre onderwys gesorteer het, verkies.

Toe daar niemand was om die leiding te neem ten opsigte van aksie ten gunste van 'n nasionale onderwysstelsel nie, was dit ds. Du Plessis wat die inisiatief geneem het. Hy het alles in sy vermoë, amptelik en privaat, gedoen om die N.G. Kerk en die ander twee Afrikaanse susterskerke en vooraanstaande gesagspersone te beïnvloed om saam 'n kragtige beweging ten gunste van hierdie saak aan te pak.[4]

## 4.2 DS. DU PLESSIS AKTIVEER DIE SINODALE KOMMISSIE TEN GUNSTE VAN 'n NASIONALE ONDERWYSBELEID

Toe ds. Du Plessis in 1951 tot voorsitter van die Sinodale Kommissie vir Sekulêre Onderwys in die Transvaal verkies is, het die nuwe Transvaalse Onderwysbeleid (1951) voor eersgenoemde Kommissie gedien. Die kern van die beleid was "dat elke leerling drie jaar gedifferensieerde middelbare onderwys sal ontvang wat as oogmerk sal hê beide die behoeftes van die individu en die eise van die samelewe".[5]

Die Sinodale Kommissie vir Sekulêre Onderwys het ds. Du Plessis versoek om 'n memorandum op te stel oor die nuwe onderwysbeleid - veral soos dit die platteland sou raak.

In 1952 het die nuwe Transvaalse onderwysbeleid voor die Sinodale Kommissie vir Sekulêre onderwys gedien en 'n reeks nadelige uitvloeisels van verdeelde beheer op sekondêre vlak het onder die aandag gekom.[6] Na sorgvuldige bespreking het ds. Du Plessis 'n uiteensetting gegee van die Transvaalse onderwysbeleid en die doel daarvan gekoppel aan die woorde van die eertydse sterrekundige en opvoedkundige, sir John Herschel, toe laasgenoemde in 1838 in sy memorandum oor onderwys aan die Kaap gesê het dat

---

4 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 29 Januarie 1972.

5 Du Plessis, J.C., 1960, op. cit., p. 10.

6 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 29 Januarie 1972.

burgers en mense gevorm kan word "deur hulle te onderwys in die verhoudinge van die maatskaplike en burgerlike lewe, en hulle geskik te maak vir 'n hoër bestaan deur hulle bekend te maak met hul betrekking tot hul Skepper en Verlosser".[7]

Ds. Du Plessis het na aanleiding van die verdeelde onderwysbeheer in die memorandum gewys op drie probleme waaronder behoorlike voorsiening van "gedifferensieerde onderwys gebuk sal gaan, te wete: die gevaar van sentralisasie van skole ten koste van die platteland, die seggenskap van die Uniale owerheid oor beroeps- en beroepsgerigte vakke en die vraagstuk van personeelvoorsiening".[8]

Ds. Du Plessis het die standpunt ingeneem dat, hoe dringend gedifferensieerde onderwys ook al mag wees, die probleme wat daarmee gepaard gaan eers noukeurig bestudeer moet word met die oog op 'n oplossing. Hy het toe aanbeveel dat die Transvaalse Onderwysdepartement eers 'n kommissie na die buiteland moet stuur voordat 'n volwaardige beleid van differensiasie aangepak word.

Die Sinodale Kommissie vir Sekulêre Onderwys het die gedagte geopper of dit nie tyd geword het dat die N.G. Kerk die onderwysowerheid moet nader vir 'n duidelike nasionale onderwysbeleid nie. In verband hiermee het die betrokke Kommissie ds. Du Plessis versoek om 'n tweede memorandum op te stel.

In sy tweede memorandum insake gedifferensieerde onderwys,[9] het ds. Du Plessis met tien riglyne probeer aantoon hoe opgetree kan word en die nodige aanbevelings gemaak. Hierdie memorandum van ds. Du Plessis het in Maart 1953 voor die betrokke Kommissie gedien. In hierdie memorandum het ds. Du Plessis onder andere gesê: "Soveel is op die spel dat liefs geen memorandum aan die Departement voorgelê word tensy dit in die breë die deursnee opinie van ons Kerk weergee nie",[10] en

---

7 Du Plessis, J.C., Nuwe Transvaalse Onderwysbeleid - memorandum, p. 3.

8 Du Plessis, J.C., 1960, op. cit., p. 10.

9 Memorandum: Aanbevelings van ds. J.C. du Plessis se gedifferensieerde onderwys. Notule Sekulêre Onderwys, 26 Augustus 1952, p. 2., par. 5(i), (ii), (iii), Pretoria-Noord, 23 Februarie 1953.

10 Ibid., p. 1.

hy het aanbeveel dat 'n groot volkskongres gehou word en dat dan in die lig van die besluite geneem op so 'n kongres 'n memorandum opgestel word. Ds. Du Plessis het ook verwys na die besluite wat die Kaapse Sinode reeds geneem het.[11]

Na heelwat bespreking het die Sinodale Kommissie vir Sekulêre Onderwys besluit dat gedifferensieerde onderwys so nou verbonde is aan die vraagstukke wat verdeelde onderwysbeheer op sekondêre vlak meebring dat 'n nasionale onderwysbeleid die enigste oplossing sou wees.[12] Daar is ook geoordeel dat 'n volkskongres nie die gewenste uitwerking sou hê nie. Daar is toe besluit om die steun van die drie Afrikaanse susterskerke te verkry vir die samestelling van 'n gesamentlike komitee om op die hele onderwysaangeleentheid in te gaan. Op 23 Februarie 1954 is die komitee bekend as die Interkerklike Komitee (I.K.K.)[13] voorlopig onder tydelike voorsitterskap van ds. G.D. Worst en sy sekretaris, ds. J.C. du Plessis, en nege lede gestig.

Op hierdie Interkerklike-Interim-Komitee het ds. Du Plessis die verloop van sake verduidelik wat aanleiding gegee het tot die uiteindelike konstituering van die betrokke komitee. Mnr. J.C. Pauw (later senator) het die geskiedenis van die vraagstuk insake gedifferensieerde onderwys en verdeelde onderwysbeheer met al sy implikasies in 'n memorandum uiteengesit[14] en gewys op die nadelige gevolge daarvan vir die onderwys.

Op die eerste vergadering is eenparig besluit om 'n afvaardiging so gou doenlik na die betrokke Minister te stuur vir die daarstelling van 'n nasionale onderwysstelsel en te pleit vir die beëindiging van vertikale onderwysbeheer.[15] Die vergadering het ds. Du Plessis versoek om persoonlik met die kommissies van die drie susterskerke in verbinding te tree met die oog op verteenwoordiging op die pasgestigte I.K.K.

---

11 Du Plessis, J.C., 1960, <u>op. cit.</u>, p. 10.

12 <u>Ibid.</u>

13 <u>Ibid.</u> Vgl. Transvaal. Interkerklike Interim-Onderwyskommissie, <u>Notule</u>, 23 Februarie 1954.

14 Transvaal. Interkerklike Interim-Onderwyskommissie, <u>op. cit.</u>, vgl. Du Plessis, J.C., Onderwysbeleid - in die krisis, <u>Die Kerkbode</u>, 4 Mei 1955a, p. 574.

15 <u>Ibid.</u>

Op die tweede vergadering van die I.K.K. 'n paar maande later, is ds. Du Plessis verkies tot voorsitter en ds. Beyers Naude as sekretaris van die Komitee.

## 4.3 DS. DU PLESSIS SE AANDEEL AS VOORSITTER VAN DIE I.K.K.

Kort nadat ds. Du Plessis verkies is tot voorsitter van die I.K.K., is daar daadwerklike pogings aangewend om die hele vraagstuk van 'n gekoördineerde nasionale onderwysbeleid te bestudeer. Die ontwikkelingsgang van onderwys in Suid-Afrika en die behoefte aan wetgewing om wanverhoudings en wanpraktyke[16] in die onderwys te elimineer, is ook ondersoek. Hierdie aktuele onderwysvraagstuk het aanleiding gegee tot die samestelling en formulering van 'n uitvoerige memorandum wat in Oktober 1954 sy beslag gekry het, en waarin die I.K.K. die volgende versoek

- dat 'n Uniale Onderwysbeleid deur wetgewing vasgestel word;
- dat 'n Uniale Onderwysraad met 'n ondergeskikte adviserende raad vir beroepsonderwys ingestel word;
- dat die horisontale skeidslyn tussen alle vorms van sekondêre en hoër onderwys soos oorspronklik bedoel in die Uniegrondwet herstel word;
- dat die bestaande ses handelskole en nege hoër huishoudskole so gou moontlik aan die betrokke provinsies oorgedra word; en
- dat die staat die outonome tegniese kolleges oorneem.[17]

Hierdie veelbesproke memorandum[18] is in Desember 1954 gedruk en 'n eksemplaar daarvan is aan die Minister van Onderwys voorgelê as grondslag vir 'n onderhoud. Hierdie onderhoud[19] met die Minister van Onderwys het in

---

16 Du Plessis, J.C., 1960, op. cit., p. 10.

17 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 27 Januarie 1972, vgl. Du Plessis, J.C., 1960, op. cit., p. 10.

18 Interkerklike Komitee van die Hollandse Kerke van S.A. Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys.

19 Viljoen, J.H., Brief van Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan ds. J.C. du Plessis, voorsitter van die I.K.K., 8 Februarie 1955, vgl. Du Toit, P.S., Opvoedkundige Studies, 1969, p. 158. Vgl. Du Plessis, J.C., 1960, op. cit., p. 11.

Februarie 1955 in Kaapstad plaasgevind en het gegaan oor 'n gebrek aan 'n nasionale onderwysbeleid en die beëindiging van verdeelde beheer op middelbare vlak.

Voordat ds. Du Plessis, leier van die afvaardiging,[20] aan die woord gekom het, het die Minister twee feite beklemtoon wat in gedagte gehou moet word by die samespreking, te wete:

- dat die Kabinet reeds in November 1954 besluit het dat vakonderwys 'n funksie van die Sentrale Regering bly en dat wetgewing ingedien sou word waarvolgens die Tegniese Kolleges ook onder die Unie-Onderwysdepartement geplaas sou word; en
- dat die saak van koördinasie ook deur die "Mostert-Mosie" in die Parlement ingedien word.[21]

Wat eersgenoemde feit betref, blyk dit duidelik dat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap die I.K.K. voor was toe Wet no. 70 van 1955 deur die Parlement geloods is.

Ds. Du Plessis en ander lede van die afvaardiging het die woord gevoer en gewys op probleme en gesigspunte wat in die omstrede memorandum te berde gebring is. Die onderhoud met die betrokke Minister het egter niks konstruktiefs opgelewer nie, behalwe dat die Minister hom bereid verklaar het om ondersoek in te stel na 'n nasionale onderwysstelsel vir die land en dat hy met die provinsiale owerhede sou oorleg pleeg oor die samestelling van 'n Uniale Onderwysraad.

Na die onderhoud met die betrokke Minister, het die I.K.K. besluit:

- dat ds. Du Plessis aan die Eerste Minister 'n skriftelike[22] versoek sou rig om as gevolg van die voorgenome wetgewing nie die deur vir

---

20 Afvaardiging: Di. J.C. du Plessis (leier), T.T. de Clerq (waarnemende skriba), W.J. du Toit, H.J.C. Snyders, J.J. le Roux (N.G. Kerke). Di. P.M. Smith, F. Brand (N.H. Kerke), ds. L.S. van der Walt en prof. H.J.J. Bingle (Gereformeerde Kerke) en gekoöpteerde lid: mnr. J.C. Pauw en mnr. P.J. Theron. Vgl. Koordineer Onderwys in Die Vaderland, 25 Februarie 1955, vgl. Unie-beleid van Onderwys gevra in Die Transvaler, 26 Februarie 1955, p. 5.

21 Verslag van Afvaardiging by Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap te Kaapstad op Maandag, 21 Februarie 1955, p. 1.

22 Brief van ds. J.C. du Plessis aan Eerste Minister, adv. J.G. Strijdom gedateer 26 Februarie 1955 (namens I.K.K.).

verdere onderhandelinge te sluit nie. Hierop het die Eerste Minister gunstig geantwoord[23] en gesê dat daar niks is wat "verhinder dat hierdie liggaam verdere samesprekings met die betrokke Minister sou voer nie, ten einde vertoë tot hom te rig, of van hom te verneem wat die standpunt van die Regering is ten opsigte van die betrokke vraagstuk";[24]

- dat die memorandum versprei sou word en veral onder die aandag van alle kerklike en onderwysinstansies gebring sou word. Dit is dan ook gedoen met uiteenlopende reaksies soos dagblaaie van tyd tot tyd berig het en soos dit ook in die korrespondensie met die I.K.K. aan die lig gekom het;

- dat 'n Aanvullende Memorandum[25] met gemotiveerde toeligting opgestel en versprei sou word aan alle kerklike en onderwysinstansies. Dit is gedoen en die Memorandum was op 18 Maart 1955 gereed vir verspreiding. Hierdie Aanvullende Memorandum lui: "die kern van die Interkerklike Komitee se aanbeveling is vervat in die vereiste dat uniale beleid in voorskriftelike en magtigende wetgewing moet vasgelê word",[26] want alleenlik deur sodanige wetgewing kan daarin geslaag word.

    - dat die so gewenste eenheid van doel en strewe bereik word;
    - dat die gelykwaardige geleenthede vir alle kinders van 'n demokratiese volk verseker word; en
    - dat daar aan die landsbehoeftes ten opsigte van produktiewe burgerskap voldoen word.[27]

---

23 Strijdom, J.G., Antwoord van Sy Edele die Eerste Minister aan ds. J.C. du Plessis, voorsitter van die I.K.K., 5 Mei 1955.

24 Ibid.

25 Interkerklike Komitee van die Hollandse Kerke van S.A., Aanvullende Toeligting by Deel III van die Memorandum insake 'n uniale onderwysbeleid en die verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys, 1955.

26 Ibid., p. 6.

27 Ibid.

Wat provinsiale beheer betref, stel die I.K.K. dit duidelik dat "die Interkerklike Komitee sterk oortuig is van die noodsaaklikheid om outonomiese provinsiale beheer van alle vorms van primêre en sekondêre onderwys te handhaaf".[28]

Na verdere briefwisseling met die Minister van Onderwys het die I.K.K. aan ds. J.C. du Plessis en prof. J. Chris Coetzee opgedra om 'n vertroulike en informele samespreking met die betrokke Minister te voer oor die kwessie van dubbele onderwysbeheer, en om die I.K.K. se standpunt na aanleiding van sekere aspekte wat in die korrespondensie tot uiting gekom het, te verduidelik. Hierdie onderhoud het plaasgevind op 3 September 1955 in Pretoria.

Reg aan die begin van hul samesprekings het ds. Du Plessis en prof. J. Chris Coetzee 'n misverstand uit die weg geruim betreffende die koöptering van mnre. J.C. Pauw en P.J. Theron in die I.K.K.

Hierna is die onderhoud met die Minister oor vyf hoofpunte voortgesit. Eerstens het die deputasie die Minister meegedeel dat die Kaapse Sinode van 1949 reeds besluite geneem het vir die daarstelling van 'n Nasionale Onderwysskema; vir die beter versorging van beroepsonderwys en dat die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys in verbinding moes bly met onderwysowerhede en vertoë sou rig insake hierdie besluite.[29]

Tweedens het ds. Du Plessis die kwessie van dubbele onderwysbeheer bespreek. Hy het onder meer verwys na 'n memorandum wat hy op versoek van die Sinodale Opvoedingskommissie opgestel en waarin die probleme in verband met gedifferensieerde onderwys op sekondêre vlak bespreek is.

Derdens is die Minister bedank vir sy verklaring ten opsigte van die noodsaaklikheid van 'n nasionale onderwysbeleid. Die Minister se probleme is terdeë besef om die onderskeie provinsies te oortuig dat hul "outonomie nie in gevaar is nie en om hulle te oorreed om verder as hul

---

28 *Ibid.*

29 *Aantekeninge* insake informele samesprekings met Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 3 September 1955, Pretoria, vgl. *Notule van Sinode*, p. 413.

grense te kyk".[30] Gevolglik is by die Minister gepleit om die aanbevelings van die betrokke Komitee te aanvaar om 'n kommissie te benoem om 'n konsepwetgewing tot almal se bevrediging op te stel. Dit sou dan duidelik word dat die outonomie van die provinsies nie uitgeskakel word nie, maar dit eerder waarborg binne die kader van 'n nasionale onderwysbeleid.[31]

Vierdens is die kwessie van dubbele beheer op sekondêre skoolvlak bespreek. Daar is verwys na die Minister se Senaatstoespraak en toespraak voor die Suid-Afrikaanse Akademie. Volgens ds. Du Plessis het hy by implikasie gepleit vir die "bestendiging van die huidige uiters ongesonde toestand op onderwysgebied, 'n toestand wat deur alle Kommissies en deskundiges in die afgelope 45 jaar veroordeel is".[32] Met ander woorde die Minister het die voortbestaan van dubbele onderwysbeheer aanvaar. Wet no. 70 van 1955 skyn dit te verstewig en te bestendig.

Die Minister het in sy Akademie-toespraak egter die deur oopgelaat vir verdere samesprekings toe hy "gesê het dat hy nie die laaste woord daaroor gesê het nie".[33] Ds. Du Plessis het dit beklemtoon dat die I.K.K. vas glo dat as die Onderwysersraad eers funksioneer, baie struikelblokke opgelos sal word.[34]

Vyfdens is die versekering gegee dat die I.K.K. besef dat die daarstelling van 'n nasionale onderwysbeleid 'n moeilike taak is. Die eer is aan die Minister gegee dat hy die eerste was wat sedert Uniewording probeer het om 'n nasionale onderwysstelsel vir Suid-Afrika daar te stel. Die kerke se heelhartige steun is aan hom belowe.

Vroeër in hierdie studie is verwys na die onderhoud met die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap in Februarie 1955 te Kaapstad en waar die

---

30 Ibid.

31 Ibid.

32 Memorandum: Kritiese beskouing van - I Beleidtoespraak in die Senaat; II Rede voor die Suid-Afrikaanse Akademie, Hansard, vgl. par. 76(ii), Kolom 2501.

33 Du Plessis, J.C., 1960, op. cit., p. 10.

34 Ibid.

Minister by die aanvang van die onderhoud twee belangrike sake voorgehou het, waarvan een die "Mostert-Mosie"[35] was, wat by die Parlement ingedien is. Hierdie "Mostert-Mosie" sou die grondslag lê vir die verwesenliking van 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika.

4.3.1 Die "Mostert-Mosie" lê die grondslag vir 'n Nasionale Onderwysbeleid; ds. Du Plessis werk saam

Voordat die beoogde onderhoud met die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap teen die einde van Februarie 1955 te Kaapstad sou plaasvind, het die I.K.K. kort na die Parlementsopening 'n memorandum insake die "Behoefte aan 'n Uniale Onderwysbeleid" aan die Minister gestuur vir bestudering.

Nadat die betrokke Minister en die Eerste Minister en ander lede van die Volksraad die betrokke memorandum bestudeer het, het mnr. D.J.J. Mostert (N.P. vir Witbank) 'n mosie by die Volksraad (bekend as die "Mostert-Mosie")[36] ingedien waarin hy vir 'n "eenvormige en gekoördineerde onderwysbeleid vir blankes"[37] in Suid-Afrika gepleit het. Hy het onder andere ook gepleit vir 'n herlewing in die onderwys van Suid-Afrika. Die debat in die Volksraad is op 15 Februarie 1955 voortgesit. Dit sou op 1 Maart 1955 weer hervat word, maar dit het nooit gebeur nie.

Hierop het ds. Du Plessis 'n brief van gelukwensing aan mnr. Mostert gestuur vir die Onderwysmosie wat hy in die Volksraad ingedien het. Ds. Du Plessis het bygevoeg dat baie Nasionale Party-volksraadslede die kerke se standpunt insake onderwys baie ligtelik opgeneem het en wys in sy brief dat die I.K.K. baie ernstig is met die bekendstelling van die memorandum en het die hoop uitgespreek dat sowel daardie as die aanvullende memorandum wat later aangestuur sou word, hulle ernstige aandag sou geniet.[38]

---

35 Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, 1 Februarie 1955, (Hansard: 2-4-14).

36 Herlewing in S.A. onderwys gevra. Die Burger, 2 Februarie 1955, vgl. Unie van Suid-Afrika, 1955, op. cit., pp. 355-362.

37 Ibid.

38 Du Plessis, J.C., Brief aan Lid van die Volksraad, mnr. D.J.J. Mostert, gedateer 15 April 1955d.

Mnr. Mostert het ds. Du Plessis se brief beantwoord en hom meegedeel van die reaksie wat die "Mosie" in die Volksraad uitgelok het. Hy skryf soos volg: "Onder andere word aan die Kerke se vertoë baie aandag gewy. In vergelyking met die uiteenlopende menings wat aanvanklik ons voortgang gestrem het, is daar tans baie meer eenstemmigheid. Trouens, ons begin 'n sterk onderwysfront te vorm."[39]

Dan volg ds. Du Plessis se brief aan mnr. Mostert waarin hy 'n wenk aan die hand doen wat die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap sal help naamlik die aanstelling van 'n kommissie van verteenwoordigers uit

- die parlementêre onderwyskoukus van die party;
- verteenwoordigers van die provinsies;
- 'n paar lede van die opposisie;
- die I.K.K.; en
- die Engelse Kerke.

Ten slotte wys ds. Du Plessis op die noodsaaklikheid van 'n nasionale onderwysbeleid vir Suid-Afrika.[40]

Soos reeds vermeld, sou die Onderwysdebat in die Volksraad op 1 Maart 1955 weer hervat word, maar dit het nooit plaasgevind nie. As dit wel plaasgevind het, sou die nasionale onderwysbeleid gouer 'n werklikheid geword het. Nietemin het die "Mostert-Mosie" daarin geslaag om die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die volksraadslede se belangstelling vir onderwys te prikkel en tot nadenke te stem. Dus: die "Mostert-Mosie" het die grondslag gelê vir verdere onderhandelinge en besprekinge in die Volksraad wat sou lei tot die verwesenliking van 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika.

---

39 Brief van mnr. D.J.J. Mostert aan ds. J.C. du Plessis, voorsitter van die I.K.K., gedateer 20 April 1955.

40 Brief van ds. J.C. du Plessis, voorsitter I.K.K. aan mnr. D.J.J. Mostert, gedateer 22 April 1955.

Die vraag was meermale geopper waarom die I.K.K. nie die samewerking van onderwysliggame, soos die onderwysersverenigings, gesoek het in hul strewe na 'n nasionale onderwysbeleid vir Suid-Afrika nie. Die antwoord op hierdie vraag verstrek ds. Du Plessis na aanleiding van die onderwysersverenigings se houding en optrede ten opsigte van 'n nasionale onderwysbeleid.

4.3.2 Ds. Du Plessis lig die onderwysersverenigings in ten opsigte van 'n Nasionale Onderwysbeleid

Ds. Du Plessis het verduidelik dat die I.K.K. dit oorweeg het om die samewerking van die onderwysersverenigings te soek, "maar het besluit dat, omdat onderwysers in diens van die Staat is, enige samewerking of beïnvloeding van onderwysersliggame ongewenste reperkussies kon hê";[41] verder dat onderwysersverenigings reeds "standpunt jare gelede ingeneem het ten gunste van 'n Uniale Onderwysraad en dat hulle vry moet wees om onafhanklik hul ingenome standpunt vir 'n Uniale Onderwysraad"[42] uit te brei na goeddunke.

Ds. Du Plessis het ook verder daarop gewys dat nie een van die onderwysersverenigings die inisiatief geneem het om die onderwys ingrypend te verander deur met voorstelle en memoranda te kom en die Regering te nader vir 'n nasionale onderwysstelsel nie. Trouens, dit was die Kerk wat eerste die inisiatief geneem het en met sy memoranda die Regering uiteindelik so ver gekry het om in 'n nasionale onderwysrigting te beweeg.[43]

Ds. Du Plessis het die onderwysersverenigings gekritiseer deur te sê dat, hoewel daar lede van die onderwysersverenigings was wat sterk ten gunste van 'n nasionale onderwysbeleid is, geen onderwysersvereniging na vore gekom en hulp aangebied het nie.[44]

---

41 Die Skoolblad, Januarie 1960, op. cit., p. 11.

42 Ibid.

43 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 31 Januarie 1972.

44 Ibid.

Nadat prof. H. Blignaut, voorsitter van die Vrystaatse Onderwysersvereniging, die memorandum van die I.K.K. bestudeer het, het hy 'n skrywe aan ds. Du Plessis, voorsitter van die I.K.K. gerig waarin hy 'n verduideliking wou hê waarom 'n "memorandum deur 'n liggaam buitekant die onderwys oor 'n spesifieke onderwysaangeleentheid opgestel word en aan die Minister voorgelê word sonder dat die Onderwysersvereniging (individueel in die verskillende provinsies of gesamentlik deur die Uniale Onderwysbond of hul Federale Raad) daar kennis van het of hoegenaamd daaroor geraadpleeg is".[45]

Die voorsitter het in sy brief aan ds. Du Plessis verwys na die lede op die I.K.K. wat opvoedkundiges is en terselfdertyd ook verteenwoordigers van hul onderskeie kerke is. Aan die onderwys is slegs erkenning verleen deur twee gekoöpteerde opvoedkundiges van Transvaal.[46] Daar is op gewys dat die onderwysersverenigings in hul uniale verband die amptelike kanaal is wat deur die Minister erken word en dat die optrede van die I.K.K. die onderwysersverenigings in 'n moeilike posisie teenoor hul eie lede plaas wanneer in die pers gelees word dat 'n "ander liggaam nou die sake behandel wat hulle moet behartig en waarvoor hulle ministeriële erkenning geniet".[47]

Die hoofbestuur van die Vrystaatse Onderwysersvereniging het die voorsitter versoek om met ds. Du Plessis informeel te onderhandel. Ds. Du Plessis is versoek om 'n skriftelike motivering vir die optrede van die I.K.K. te verstrek.[48]

Ds. Du Plessis het dadelik in sy brief 'n lang, maar duidelike motivering verstrek vir die optrede van die I.K.K. Ds. Du Plessis het begin deur te sê dat die kerk reeds vanaf 1842 'n Kommissie vir Opvoeding en Onderwys het wat vir beter organisasie en beleid pleit. Van die vroegste jare af het die Kerk die een onderwysaangeleentheid na die ander voor die regering gelê en bepleit. Lank voordat daar 'n onderwysersvereniging bestaan het, was daar al kerklike aksie ten opsigte van onderwys.[49]

---

45 Blignaut, H. Brief van voorsitter van die O.V.S.O.V. aan ds. J.C. du Plessis, 5 Mei 1955.

46 Ibid.

47 Ibid.

48 Ibid.

49 Brief van ds. J.C. du Plessis aan Voorsitter van O.V.S.O.V., gedateer 15 April 1955e.

Hierna het ds. Du Plessis die punte waarna die voorsittter in sy brief verwys, puntsgewys beantwoord, naamlik·

- dat die optrede van die kerke in verband met die memorandum 'n voortvloeisel uit en 'n voortsetting was van gesigspunte wat die kerke reeds jare lank deur hul onderskeie kommissies onder aandag van die regering of onderwysowerhede gebring het;
- dat elke kerk sy eie verteenwoordigers in die I.K.K. kon benoem, en so het dit gebeur dat die Nederduits Hervormde en Gereformeerde Kerke soms onderwysmanne wat lede van hul kerke is, benoem het;
- dat die twee gekoöpteerde onderwysmanne persone is met ervaring en kennis van onderwys in die onderskeie provinsies;
- dat die I.K.K. reeds vanaf 1952 besig was met 'n nasionale onderwysstelsel;
- dat die I.K.K. herhaaldelik oorweeg het om die onderwysersverenigingе te nader om saam te werk, maar die volgende het verhoed om hulle samewerking te vra:
    - omdat onderwysersverenigingе hulle eie toegang tot die owerheid het om hulle sienswyse te stel;[50] en "omdat onderwysers in diens van die Staat is, enige samewerking of beïnvloeding van onderwysersliggame ongewenste reperkussies kon hê;"[51]
    - as die I.K.K. die onderwysersverenigingе genader het voordat die kerke die Minister oor die onderwysaangeleentheid gespreek het, kon die Minister die I.K.K. beskuldig het dat hulle eers ander opsteek en 'n landwye agitasie voer in plaas van eers self met die betrokke Minister te onderhandel.

---

50 Ibid.

51 Du Plessis, J.C., 1960, op. cit., p. 11.

Ten slotte het ds. Du Plessis in sy brief verduidelik dat die onderwysersverenigings sukkel om gesamentlik op te tree. Die drie Afrikaanse Kerke daarenteen, kon gesamentlik optree in opdrag van of met goedkeuring van hul onderskeie kerke nadat hulle 'n noukeurige ondersoek van die onderwysaangeleentheid gemaak het.[52] Ds. Du Plessis het die hoop uitgespreek dat die onderwysersverenigings met alle krag vorentoe sou beur,[53] nie individueel nie, maar gesamentlik, om 'n nasionale onderwysbeleid te help formuleer.

Skaars 'n maand daarna ontvang ds. Du Plessis 'n skrywe van die Kaaplandse Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys waarin vermeld word dat die Administrateur van die Vrystaat glad nie ten gunste is van 'n nasionale onderwysbeleid nie.[54] 'n Maand daarna ontvang ds. Du Plessis 'n uitnodiging van die Vrystaatse Sinodale Opvoedingskommissie om die memorandum insake opheffing van Uniale Onderwysbeheer op sekondêre vlak te verduidelik en nader toe te lig.

### 4.3.3 Ds. Du Plessis lig die Vrystaatse Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys in

Ds. Du Plessis het as voorsitter van die I.K.K. in die pers soveel publisiteit ontvang vir die manmoedige optrede en onderhoude met die Eerste Minister en Ministers van Onderwys, Kuns en Wetenskap rakende 'n nasionale onderwysbeleid, dat die voorsitter van die Vrystaatse Kommissie vir Opvoeding en Onderwys hom genooi het om die omstrede Memorandum van die I.K.K. te verduidelik. Daar was heelwat misverstand en onduidelikheid oor sekere aspekte ten opsigte van die voorgestelde nasionale onderwysbeleid.[55]

Ds. Du Plessis het die uitnodiging aanvaar en in Augustus 1955 'n vergadering in camera toegespreek waartoe die Administrateur, proff. D.P. Brits,

---

52 Brief van ds. Du Plessis, voorsitter van die I.K.K. aan Voorsitter van O.V.S.O.V., 7 Mei 1955, vgl. Du Plessis, J.C., Onderwysbeleid - in die krisis, Die Kerkbode, 4 Mei 1955a, p. 574.

53 Ibid., p. 1.

54 Brief van ds. W.J. du Toit, voorsitter Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys, aan ds. Du Plessis, voorsitter van I.K.K., 18 Junie 1955.

55 Ibid., 6 Julie 1955.

H. Blignaut, mnre. A.J. Jacobs, E.E. van Kerken en W.J. Pretorius, (L.U.K. belas met onderwys), uitgenooi is.[56]

Mnr. J.C. Pauw, lid van die I.K.K. het ds. Du Plessis bygestaan tydens hierdie toeligtingsvergadering. Uit die vergadering het niks positiefs voortgevloei nie. Uit gesprekke wat daarna plaasgevind het, was dit duidelik dat 'n nasionale onderwysbeleid ook van toepassing op die Vrystaat nie sou realiseer alvorens 'n deurbraak vir 'n nasionale onderwysstelsel werklikheid word nie.[57]

Ds. Du Plessis het gevoel dat die I.K.K. nou die stadium bereik het om sonder sy hulp voort te gaan met onderhandelinge ten opsigte van 'n nasionale onderwysbeleid vir Suid-Afrika en sy bedanking ingedien as voorsitter van die I.K.K. Hy was wel bereid om as gekoöpteerde lid aan te bly. Hy is opgevolg deur di. C.F.B. Naudé as voorsitter en P.M. Smith as sekretaris. Onder hulle leiding is die onderhandelinge voortgesit wat die I.K.K. en ander instansies bepleit het. Dié onderhandelinge het geslaag, want kort hierna het die Eerste Minister die nuwe Minister van Onderwys die verlof gegee om voort te gaan met wetgewing vir 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika en die samestelling van 'n Uniale Onderwysraad.[58]

Ds. Du Plessis besluit om weens swak gesondheid die bediening neer te lê en op 'n ander wyse voort te gaan om die opvoeding en die onderwys van die jeug te dien. Dit is op hierdie tydstip wat prof. Brits hom besoek het en van sy voornemens verneem het en die voorsitter van die O.V.S.O.V. hom later genader het insake die hoofsekretarisskap van die O.V.S.O.V.[59]

## 4.7 DS. DU PLESSIS SE BYDRAE AS HOOFSEKRETARIS VAN DIE O.V.S.O.V. EN SEKRETARIS VAN DIE FEDERALE RAAD

56 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 29 Januarie 1972.

57 Ibid.

58 Du Plessis, J.C., 1960, op. cit., p. 11.

59 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 31 Januarie 1972.

4.4.1 Inleiding

Voordat ds. Du Plessis sy emeritaat aanvaar het, het die voorsitter van die O.V.S.O.V., prof. H. Blignaut, hom genader en hom die pos van hoofsekretarisskap van die O.V.S.O.V. aangebied. Dr. Thos Blok, die destydse hoofsekretaris, het kennis gegee dat hy weens hoë ouderdom sy bedanking as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. indien.[60]

Ds. Du Plessis het die voorsitter meegedeel dat, indien hy in die onderhawige pos aangestel word, hy die reg moes hê om artikels ten opsigte van opvoeding en onderwys in Die Skoolblad te plaas ten einde sy doel te verwesenlik ten opsigte van 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika.

Ds. Du Plessis het sy emeritaat op drie-en-sestigjarige ouderdom in Januarie 1956 aanvaar en daarna hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. in Februarie 1956 geword.[61]

Met sy uittrede uit die kerkdiens het Die Kerkbode in 'n inleidingsartikel die volgende van ds. Du Plessis gesê: "Ds. Du Plessis het gedurende sy bediening altyd in noue voeling met die onderwys gebly, en het ons Kerk op hierdie terrein belangrike dienste bewys ... Ons vertrou dat hy in sy nuwe betrekking groot dienste sal kan bewys aan die saak van die opvoeding wat ons Kerk, en ook hom persoonlik, so na aan die hart lê".[62]

Na die aanvaarding van die hoofsekretarisskap van die O.V.S.O.V. het ds. Du Plessis wat ook as sekretaris van die Federale Raad aangestel is, onmiddellik sy aandag gewy aan belangrike onderwysaangeleenthede soos blyk uit die volgende.

---

60 Ibid.

61 Ibid.

62 Die Kerkbode, 16 November 1955, p. 717.

4.4.2 Ds. Du Plessis se invloed as sekretaris van die Federale Raad van Onderwysverenigings

Ten tye van sy sekretarisskap van die Federale Raad was die Raad besig met 'n salarisaksie van onderwysers in die land.

Die Federale Raad het met behulp van ds. Du Plessis in April 1956 konsep-salarisskale aan die salariskomitee voorgelê wat dit weer op sy beurt aan die Onderwysowerhede voorgelê het. Met behulp van ds. Du Plessis is die salarisaksie verder gevoer en in Oktober 1956 is 'n verslagvergadering belê oor die vordering wat gemaak is.[63]

Op 'n Administrateurskonferensie in Maart 1957 is verneem dat beter salarisskale alleenlik oorweeg kon word sodra algemene hersiening van salarisskale van staatsamptenare dit wenslik sou ag.

Die Federale Raad het hierteen beswaar gemaak en in Mei 1957 het ds. Du Plessis met die Superintendent-generaal van Onderwys van Kaapland in verbinding getree en hom meegedeel dat die Federale Raad wel bereid is om anomalieë as uitgangspunt vir bespreking met die Interprovinsiale Komitee te aanvaar, maar dat hy by sy besluit van 5 April 1957 sou bly en die voorreg kon behou om die hele saak voor te lê.[64]

Na heelwat briefwisseling is die versoek toegestaan. In Junie 1957 het 'n afvaardiging 'n memorandum met die vertoë van die Federale Raad voor die Interprovinsiale Komitee in Augustus 1957 gelê. Op hierdie vergadering is 'n afvaardiging benoem bestaande uit prof. H. Blignaut (voorsitter), ds. J.C. du Plessis (sekretaris), dr. T. Blok, mnre. St. J.B. Nitch, R. Powell en P.G. van Wyk.[65]

---

63 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 31 Januarie 1972; vgl. Die Skoolblad, Junie 1958, p. 1.

64 Ibid., p. 1.

65 Die Skoolblad, November 1965, p. 2, vgl. Die Skoolblad, November 1965, p. 2, vgl. Feesuitgawe van Die Skoolblad, September 1967, p. 12.

Nadat die afvaardiging geslaag het met hul salarisaksie en die destydse Eerste Minister die verbeterde salarisskale in April 1958 aangekondig het, het ds. Du Plessis wat drie jaar lank die sekretaris van die Federale Raad van Onderwysersverenigings was, bedank en sy aandag gewy aan die nasionale onderwysgedagte wat hy voortaan deur middel van artikels in Die Skoolblad sou propageer en bevorder.

### 4.4.3 Ds. Du Plessis se invloed as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V.

Kragtens Artikel II van die grondwet van die O.V.S.O.V. is die doel van die Vereniging om "een lichaam te vormen dat door het nemen van besluiten, het richten van petitiën aan de Regering en op alle overige wettige wyzen de belangen van het onderwys en den onderwyzersstand kan voorstaan en bevorderen".[66] Dit lui ook verder dat die algemene sekretaris die notule van die Vereniging sal hou, korrespondensie sal voer en die algemene organisasie sal behartig.[67] Soos blyk uit die notule van die O.V.S.O.V.-Dagbestuur, het ds. Du Plessis, die hoofsekretaris, heelwat onderhoude gevoer met die onderskeie Direkteurs van Onderwys, met lede van die plaaslike Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad en die Administrateur. Ds. Du Plessis het onomwonde verklaar dat hy "deur die Direkteur en amptenare nooit anders as met hoflikheid en met bereidheid vir samesprekings bejeën was nie".[68] Volgens ds. Du Plessis het laasgenoemde instansies graag geluister na die pleidooie van hom en die Dagbestuur vir eenvormige diensvoorwaardes en salarisskale[69] vir onderwys.

So het ds. Du Plessis met behulp van die Dagbestuur samesprekings gevoer met die Uitvoerende Komitee van die Vrystaat rakende 'n besluit van die

---

66 O.V.S.O.V. Constitutie der O.V.S. Onderwyzers-vereniging. Bylae no. I, Art. II(b).

67 O.V.S.O.V. Statute van die Oranje-Vrystaatse Onderwysers-vereniging. Bylae no. II. XII.

68 Du Plessis, J.C.Die O.V.S.O.V. en sy verhoudinge, Die Skoolblad, September 1967b, p. 24.

69 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 31 Januarie 1972.

Federale Raad ten opsigte van 'n Uniale Salariskomitee.[70] Hieruit kon afgelei word dat daar 'n goeie verstandhouding tussen die Dagbestuur van die O.V.S.O.V. en die Uitvoerende Komitee van die provinsie bestaan het.

As hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. het hy nie alleenlik samesprekings gevoer met onderwysinstansies nie, maar ook heelwat briefwisseling gevoer op ministeriële vlak ten opsigte van die samestelling van 'n Nasionale Onderwysraad waarin vermeld word dat die Federale Raad van Onderwysersverenigings in Suid-Afrika die owerheid versoek om die georganiseerde onderwysprofessie behoorlik verteenwoordiging in die Onderwysraad te gee.[71] Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het hierop geantwoord dat hy die Federale Raad se versoek in gedagte sal hou en dat hy met die Administrateurs daaroor sou onderhandel.[72]

Nadat heelwat briefwisseling oor die verteenwoordiging van die O.V.S.O.V. in die Onderwysraad gevoer was, het die destydse Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap in November 1957 'n skrywe aan ds. Du Plessis gerig dat die Onderwysadviesraad reeds saamgestel is en dat daar "ongelukkig nie vir verteenwoordiging van buitestaande liggame"[73] voorsiening gemaak is nie; dus die O.V.S.O.V. kry geen verteenwoordiging in die Onderwysadviesraad nie.

Benewens sy vrugbare samesprekings en briefwisseling met onderwysinstansies, het ds. Du Plessis hom veral beywer vir die skepping van promosieposte en eenvormige diensvoorwaardes vir onderwysers.

Ds. Du Plessis het as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. en sekretaris van die Federale Raad van Onderwysersverenigings 'n sterk invloed uitgeoefen. Ook as redakteur van Die Skoolblad, die amptelike lyforgaan van die O.V.S.O.V., wat hy dertien jaar lank beklee het, sou hy die denke oor 'n nasionale onderwysbeleid stimuleer.

---

70 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24 Januarie 1972, vgl. Die Skoolblad, November 1965, p. 2.

71 Brief van ds. J.C. du Plessis, sekretaris van die Federale Raad aan Minister J.H. Viljoen, 1 November 1956.

72 Brief van Minister J.H. Viljoen aan ds. J.C. du Plessis, sekretaris van die Federale Raad van Onderwysersverenigings, 27 November 1956.

73 Brief van Minister J. de Klerk aan Sekretaris, Federale Raad van Onderwysersverenigings, 11 November 1957, vgl. Die Skoolblad, Junie 1960, p. 4.

## 4.4.4 Ds. Du Plessis se invloed as redakteur van Die Skoolblad

Ds. Du Plessis was 'n besondere produktiewe redakteur van Die Skoolblad. Hy het nie alleen nuwe rubrieke vir skoolvakke ingeruim nie, maar self honderde artikels geskryf. Hy het egter nie na willekeur sy eie artikels gebruik om Die Skoolblad te vul nie; trouens, hy het 'n bepaalde beleid ten opsigte van Die Skoolblad se inhoud gevolg.[74]

Sy siening was dat die betrokke blad wat die O.V.S.O.V. vir sy lede uitgee, "nie 'n professionele blad is nie, maar 'n lyfblad wat sowel met die algemeen kulturele behoeftes as die professionele belange van onderwysers te make het. Dit moes ook altyd met sake en belange van die Vereniging self te doen hê."[75]

Ds. Du Plessis se uitgangspunt as redakteur was deurgaans dat die stof vir enige blad van 'n onderwysersorganisasie hoofsaaklik onder die volgende hoofde ingedeel moes word:

- Verenigingsaangeleenthede;
- Onderwys- en professionele aangeleenthede;
- Beleidsaspekte ten opsigte van onderwys en opvoeding;
- Sake rakende diensvoorwaardes en diensbelange van onderwysers; en
- Kulturele belange van onderwysers.[76]

Die vyfhonderd sewe-en-vyftig artikels wat uit sy pen in Die Skoolblad verskyn het, handel onder meer oor belangrike aangeleenthede soos Onderwysbeheer en onderwysbeleid (sestien artikels); Afrika-aangeleenthede (agtien); Kommunisme (agt); Historiese Vinjette (drie-en-twintig); Deurbrake (sewe); Die studie van die natuur in die natuur (vyf); Morele Opvoeding en Nihilisme as gevaarlike lewensfilosofie van die twintigste eeu en talle ander artikels. In sy laaste artikels het ds. Du Plessis dikwels 'n waarskuwende stem laat hoor in verband met die tendense in die Afrikaanse letterkunde by die sogenaamde Sestigers.[77]

---

74 Du Plessis, J.C., Onderhoud, 24 en 31 Januarie 1972.

75 Ibid.

76 Ibid.

77 Ibid.

Benewens artikels oor onderwys en ander aktuele aangeleenthede, het ds. Du Plessis as redakteur ook heelwat aandag gewy aan boekbesprekings wat getuig het van diepe insig, belesenheid en kundigheid.

Die wye trefkrag van sy artikels in Die Skoolblad en "die groot mate van deskundigheid waarmee hy oor 'n groot verskeidenheid van belangstellingsrigtings kan beweeg"[78] val duidelik op. So het die voorsitter van die O.V.S.O.V. een keer tydens 'n Dagbestuursvergadering met groot waardering gepraat van die hoë gehalte van artikels wat in Die Skoolblad verskyn[79] en ds. Du Plessis lof toegeswaai vir sy deeglike werk in dié verband.

Ten slotte kan genoem word dat ds. Du Plessis as hoofsekretaris en redakteur van Die Skoolblad sedert 1956 tot 1969 'n sterk "invloed op die onderwys van ons land in die algemeen en die gees en rigting van die Vrystaatse onderwys in die besonder"[80] uitgeoefen het.

## 4.5 DS. DU PLESSIS TREE UIT

Nadat ds. Du Plessis in 1966 die tuig as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. neergelê het, het hy nog aangebly as redakteur en adviseur van Die Skoolblad tot einde 1969, daarna het hy finaal sy amptelike bande met die betrokke Vereniging verbreek.[81] Hy is deur mnr. H.N. van der Linde as hoofsekretaris in Februarie 1967 opgevolg. Twee jaar later het prof. dr. J. de W. Keyter hom as redakteur van Die Skoolblad opgevolg.

---

78 Ibid. Vgl. Du Plessis, J.C., Die Sestigers, die ideë-roman en nog wat nog eens, in Die Skoolblad, November 1964, pp. 7-9.

79 Notule van Dagbestuursvergadering, 10 Junie 1957. Vgl. Volsteedt, A.K., 'n Welkomswoord en 'n Afskeidswoord, in Die Skoolblad, Januarie 1969, p. 3.

80 Fourie, J.J., Alles vir andere ... niks vir homself nie, in Die Skoolblad, November 1965, p. 7. Vgl. Van Loggerenberg, N.T., Persoonlikhede, in Die Skoolblad, September 1967, p. 20.

81 Redaksioneel, Dankie oom Jan, in Die Skoolblad, Februarie 1969, p. 1.

In die laaste jare (Desember 1971) het ds. Du Plessis ook waargeneem[82] as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. en verder betrokke gebly in onderwysaangeleenthede tot aan die einde van sy lewe. Op 14 Januarie 1974 is hierdie predikant wat soveel vir onderwys in die Republiek van Suid-Afrika gedoen het, oorlede.

---

82 Du Plessis, J.C., Persoonlike beroep op die onderwys-professie in die Vrystaat, in Die Skoolblad, Januarie 1972, p. 7.

# HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING EN SLOTBESKOUING

Ds. Jan Christoffel du Plessis, beter bekend as oom Jan het hom twee-en-dertig jaar in die evangeliebediening onderskei, nie slegs as geliefde en toegewyde predikant nie, maar as 'n persoon vir wie die onderwys die belangrikste was.

In hierdie tydperk was daar feitlik geen noemenswaardige onderwysontwikkeling in Suid-Afrika waarin hy, as kerkleier vir die belange van die onderwys en opvoeding nie direk of indirek 'n aandeel in gehad het nie.

Soms word daar die vraag gestel of ds. Du Plessis enige groot bydrae gelewer het vir die daarstelling of verkryging van 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika.

In die voorafgaande hoofstukke is sy belangstelling in elke faset in die onderwysontwikkeling chronologies en deeglik nagegaan en verduidelik. Dit is wel nodig om sekere gesigspunte wat na vore gekom het uit sy bydrae vir die verwesenliking van 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika en wat die dryfkrag was vir sy intense belangstelling en bemoeienis met die onderwys en opvoeding, verder te verduidelik en nader toe te lig.

'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing was een van die hoekstene waarop ds. Du Plessis sy toekoms as jong seun gebou het. Omdat hy in 'n Christelike atmosfeer grootgeword het en opgevoed is, is dit vanselfsprekend dat hy 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing sou uitleef.

Reeds van jongs af was hy sterk gemotiveerd vir die Christelik-nasionale onderwysgedagte vir sy volk, waarmee hy as kind in die tipies-Afrikaanse huisonderwys kennis gemaak het. Hierdie C.N.O.-gedagte het die grondslag gelê vir die liefde vir sy volkseie taal, kultuur en godsdiens en waarop

hy verder kon voortbou vir sy latere onderwysbeplanning.

Reeds vroeg in sy lewe was hy sterk gemotiveerd ten opsigte van sy kerk. Sy leergierigheid om hom te bekwaam as evangeliedienaar en sy sterk roepingsbewustheid in diens van sy kerk en die opvoeding en onderwys van sy volk het in sy doel en strewe beslag gekry. Ds. Du Plessis het gou onder die besef gekom dat die welsyn van die kerk en volk van die onderwys afhanklik is; daarom dan dat hy hom so bemoei het met die onderwys en opvoeding, 'n saak wat baie na aan sy hart gelê het.

Ds. Du Plessis was een van die sleutelfigure van die kerk ten opsigte van sy bemoeienis met die onderwys. Hy was dikwels die amptelike mondstuk van die kerk wat vir onderwysbelange by ministeriële en ander instansies bekendheid verwerf het.[1] Hy het ook groot vertroue by die onderwysoutoriteite in die Oranje-Vrystaat ingeboesem. Die O.V.S.O.V., die spreekbuis van die professie, het deur sy toedoen groter gesag en agting verwerf.

As jong predikant in die Vrystaatse kerk het ds. Du Plessis reeds vroeg al in sy loopbaan met onderwysaangeleenthede te doen gekry toe hy in 1926 geprotesteer het in sy getuienis voor die Dan de Villiers-kommissie teen die onopvoedkundige beleid van verdeelde onderwysbeheer op middelbare vlak wat later geblyk het een van die grootste struikelblokke van die onderwysbeleid in Suid-Afrika te word.

Gedurende sy ampsbediening in die Vrystaatse kerk, het hy as voorsitter van die skoolraad en skoolkommissies hom veral beywer en 'n positiewe bydrae gelewer ten opsigte van die instelling van huishoudskole, hulpklasse, kinderhuise en die herinstelling van musiekposte in die Vrystaat.

---

1 Redaksioneel, Dankie, oom Jan, in Die Skoolblad, Februarie 1969, p. 2.

As sekretaris van die Sinodale Kommissie vir Opvoeding en Onderwys in die Vrystaat, was sy grootste bydrae sekerlik sy aandeel aan die stryd om moedertaalonderwys in die Vrystaatse skole en ten opsigte van die Afrikaanse identiteit van die destydse Universiteitskollege van die Vrystaat, gedurende die dertigerjare.[2] In hierdie stryd het ds. Du Plessis reusewerk verrig en grootliks bygedra tot die welslae van verskeie aksies.[3] In al sy getuienisse destyds voor die Minister van Onderwys en die Roberts-Kommissie, was ds. Du Plessis 'n kragtige mondstuk vir die standpunt van die kerk in hierdie stryd.

In sy evangeliebediening in die Kaapse kerk, het hy as voorsitter van die skoolraad van Beaufort-Wes 'n baie belangrike bydrae gelewer ten opsigte van 'n segregrasiebeleid vir die onderwys, naamlik die verskuiwing van kleurling- en blanke skole na hul onderskeie terreine.

Ds. Du Plessis het as voorsitter van die Kaapse Opvoedingskommissie 'n groot aandeel gehad om die C.N.O.-beleidsverklaring deur die Sinode van 1949 aanvaarbaar te kry. Hy het ook bowendien 'n belangrike positiewe bydrae gelewer ten opsigte van die omstrede F.J. de Villiers-onderwysverslag van 1948. Ds. Du Plessis het hierdie lywige Verslag in 'n enkele vyf artikels in Die Kerkbode van 1949 gepubliseer en daarop gewys dat die verslag 'n nasionale onderwysbeleid beklemtoon asook die instelling van 'n Onderwysraad.[4]

Tydens sy evangeliebediening in die Transvaalse kerk het hy 'n leidende rol gespeel in 'n groot verskeidenheid van onderwysaksies van plaaslike en nasionale belang, veral sy invloed in verband met die Transvaalse Oorsese Sending en die daaropvolgende Van Wyk-verslag oor gedifferensieerde onderwys in 1955 wat 'n nuwe onderwysera in Suid-Afrika ingelei het.

Een van sy grootste bydrae tot die onderwys was die stigting van die Interkerklike Komitee vir onderwys, wat 'n baie belangrike rol gespeel

---

2 Ibid.

3 Ibid.

4 Du Plessis, J.C., Die betekenis van die instelling van 'n Nasionale Onderwys-Adviesraad vanuit 'n historiese, opvoedkundige en professionele oogpunt, in Die Skoolblad, Oktober 1962, p. 12.

het in die bevordering en uitbouing van die Christelike en nasionale inslag van die onderwys van Suid-Afrika. Dit was aan hierdie I.K.K. te danke dat die memorandum van 1954 op ministeriële vlak en op ander wyse onder oë gekom het en die pad gebaan het vir 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika.

Met die aanstelling van ds. Du Plessis as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V. en redakteur van Die Skoolblad het hy 'n onberekenbare invloed op die onderwys uitgeoefen, en veral as sekretaris van die Federale Raad van Onderwysersverenigings in Suid-Afrika ten opsigte van die salarisaksies wat hy met welslae deurgevoer het.

As redakteur van Die Skoolblad het ds. Du Plessis as vrugbare skrywer van etlike honderde insiggewende artikels die opvoeding en onderwys gedien en bygedra tot die bevordering van 'n nasionale onderwysstelsel op verskillende terreine en in verskillende dele van die land.

Oor sy onbaatsugtige diens aan die O.V.S.O.V. in dertien jaar, het een van die voorsitters van die O.V.S.O.V. in sy voorsittersrede na ds. Du Plessis verwys as "die geestelike vader in die Vrystaatse Onderwys wie se aansteeklike roepingsbewustheid en suiwer leiding, ook deur middel van ons blad in hierdie tyd van geestelike verval, vir ons elke dag 'n bron van besieling geword het".[5]

Sy deelname aan en opskerping van die liefde vir die volkseiebewegings het hom 'n dinamiese persoonlikheid gemaak wat deur weinig geëwenaar kan word. Dis aan sy inisiatief te danke dat die Suid- en Oos-Vrystaat kultuurbewus geword het. Waar die geleentheid ds. Du Plessis voorgedoen het, het hy reise onderneem om tydens kermisse debatsverenigings te stig en konserte te organiseer.

As mens was ds. Du Plessis, beter bekend as "oom Jan", bekend vir sy nugtere sienswyse feitlik op alle terreine van die lewe. Hy was die onbaatsugtige wat alles vir andere gedoen het, maar niks vir homself nie.

---

5 Fourie, J.J., Voorsittersrede gedurende O.V.S.O.V. se jaarvergadering in Die Skoolblad, Oktober 1962, p. 2. Vgl. Die Skoolblad, op. cit., Februarie 1969, p. 2.

So het die Vrystaat en Suid-Afrika oom Jan leer ken as iemand wat vir almal 'n besieling, tyd en raad gehad het, en in sy laaste dertien jaar waarin hy die belange van die Vrystaatse onderwyserskorps gedien het, 'n diens aan die Vrystaat en die onderwys in die algemeen gelewer het wat in die annale van die Vrystaatse onderwys en die onderwys in die algemeen onthou sal word.

Eenmaal het oom Jan gesê: "Vir my is die onderwys alles. Ons toekoms as volk, veral in die nuwe fase van ons nasionale ontwikkeling ... hang daarvan af wat ons met ons onderwys gaan doen."[6]

Ten slotte: Ds. Du Plessis was slegs vir 'n kort tydjie van sy lewe onderwyser. In dié tydperk van meer as dertig jaar was daar feitlik geen noemenswaardige onderwysontwikkeling waarin hy as gemotiveerde en toegewyde kerkleier vir die belange van die onderwys en opvoeding nie 'n aandeel gehad het nie.

Sy belangrikste aandeel as aangewese kerkleier was egter sy groot rol wat hy gespeel het as voorsitter van die I.K.K. ten opsigte van die totstandkoming van die Nasionale Adviserende Onderwysraad en die beëindiging van die destydse stelsel van verdeelde en versnipperde onderwysbeheer op sekondêre vlak. Hierdie leeue-aandeel van ds. Du Plessis sal altyd opgeteken bly in die annale van die onderwys van Suid-Afrika.

---

6 Die Skoolblad, <u>op. cit.</u>, Februarie 1969, p. 1.

BIBLIOGRAFIE

AANTEKENINGE insake informele samesprekings met Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Pretoria, 3 September 1955.

BARNARD, S.S. en COETSEE, A.G. Onderwys aan Blankes in Transvaal. Potchefstroom, Pro-Rege-Pers, 1976.

BINGLE, H.J.J. Differensiasie en die Basiese Probleme van ons Onderwysstelsel. Die Skoolblad, November 1965.

BINGLE, H.J.J. Ons lewens- en wêreldbeskouing en Wet 39 van 1967. 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Interkerklike Uitgewers, Pretoria, 1970.

BLIGNAUT, H. Brief van prof. H. Blignaut, voorsitter van die O.V.S.O.V. aan ds. J.C. du Plessis, voorsitter van die I.K.K., 5 Mei 1955.

BÖESEKEN, A.J. Die Nuusbode. Bloemfontein, Nasou Beperk, s.j.

BOYD, W. Geschiedenis van onderwijs en opvoeding. Utrecht, Aula-reeks, 1969.

BURGER, Die. Herlewing in S.A. Onderwys gevra. 2 Februarie 1955.

CILLIERS, D.H. Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1659). Kaapstad, Unisa, 1953 (D.Phil.-proefskrif.)

COETZEE, J.C. Inleiding tot die Algemene en Teoretiese Opvoedkunde. Pretoria, Van Schaik, 1965.

COETZEE, J.C. red. Onderwys in Suid-Afrika (1652-1960). Pretoria, Van Schaik, 1963.

COETZEE, J.C. Opvoeding, teorie en praktyk deur die Eeue. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1936.

COETZEE, J.C. Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek. Pretoria, Van Schaik, 1930.

DE KLERK, J.J. Brief van Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan ds. J.C. du Plessis, sekretaris van die Federale Raad van Onderwysersverenigings. 11 November 1957.

DE VILLIERS, D.W., ZEEMAN, M.T.S. en VILJOEN, D.J. Leer uit die Woord. Bloemfontein, Algemene Jeugkommissie, derde uitgawe, 1975.

DUMINY, P.A. The educational principle of individualisation. Bantoe-Onderwysblad, Mei 1972.

DU PLESSIS, J.C. Die betekenis van die instelling van 'n Nasionale Onderwys-Adviesraad vanuit 'n historiese, opvoedkundige en professionele oogpunt. Die Skoolblad, Oktober 1962.

DU PLESSIS, J.C. Die betekenis van die Stryd teen Enkelmedium. Die Volksblad, 27 Augustus 1943a.

DU PLESSIS, J.C. Die F.J. de Villiers-verslag in vyf artikels. Die Kerkbode, 8 Junie 1949 - 29 Junie 1949a.

DU PLESSIS, J.C. Die Kaapse Kerk en die C.N.O. Die Kerkbode, 20 Julie 1949b.

DU PLESSIS, J.C. Die laaste veertien van Honderd-En-Twintig jaar se aksie van die Afrikaner se Kerk oor Onderwysbeleid. Die Skoolblad, April 1967a.

DU PLESSIS, J.C. Die Moedertaalkwessie. (Ongepubliseerd.) Maart 1944a.

DU PLESSIS, J.C. Die N.G. Kerk en die Onderwys in die Oranje-Vrystaat. In: Oberholster, J.J. en Van Schoor, M.C.E. red. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat. Bloemfontein, N.G. Kerk in die O.V.S., 1963.

DU PLESSIS, J.C. Die N.G. Kerk in die O.V.S. (Ongepubliseerd.) Maart 1944a.

DU PLESSIS, J.C. Nuwe Transvaalse onderwys - memorandum (ongepubliseerd). s.j.

DU PLESSIS, J.C. Onderwys van die Vrystaat - dubbelmedium 'n kompromis nie 'n einddoel nie. Die Huisgenoot, 13 Oktober 1944c.

DU PLESSIS, J.C. Onderwysbeleid - in die krisis. Die Kerkbode, 4 Mei 1955a.

DU PLESSIS, J.C. Die onderwysbeleid van die Vrystaat. Die Huisgenoot, 6 Oktober 1944b.

DU PLESSIS, J.C. Onderwyskongres besluit oor stryd aan U.K.O.V.S. Die Volksblad, 25 Oktober 1943b.

DU PLESSIS, J.C. Ons Kerk en die Onderwys. (Ongepubliseerd.) Maart 1944f.

DU PLESSIS, J.C. Ons vereniging 'n skakel tussen twee Republieke. Die Skoolblad, September 1961.

DU PLESSIS, J.C. Die ontstaan van U.K.O.V.S. Die Volksblad, 25 Oktober 1943b.

DU PLESSIS, J.C. Die O.V.S.O.V. en sy verhoudinge. Die Skoolblad, September 1967b.

DU PLESSIS, J.C. Op die vlak van opvoeding en onderwys (ongepubliseerd). 1944d.

DU PLESSIS, J.C. Persoonlike beroep op die onderwysprofessie in die Vrystaat. Die Skoolblad, Januarie 1972.

DU PLESSIS, J.C. Persoonlike onderhoude, 24, 27, 29, 30, 31 Januarie 1972.

DU PLESSIS, J.C. Die Sestigers, die ideë-roman en nog wat nog eens. Die Skoolblad, November 1964.

DU PLESSIS, J.C. Skriftuurlike grondslag vir Moedertaalonderwys. Die Volksblad, 27 Oktober 1943b.

DU PLESSIS, J.C. Die stryd in verband met die U.K.O.V.S. (Ongepubliseerd). Maart 1944a.

DU PLESSIS, J.C. 'n Terugblik oor die laaste tien jaar op die Aksie vir die Afrikaanse Kerke vir 'n Nasionale Onderwysbeleid. Die Skoolblad, Januarie 1960.

DU PLESSIS, J.C. Toespraak gehou ten opsigte van die U.K.O.V.S. en die Moedertaalonderwys, te Bloemfontein. Augustus 1943d.

DU PLESSIS, J.C. Briewe van Sy Edele die Eerste Minister, J.G. Strijdom. 26 Februarie 1955b, 30 Mei 1955c.

DU PLESSIS, J.C. Briewe aan Lid van die Volksraad vir Witbank, mnr. D.J.J. Moster, 15, 20 en 22 April 1955d.

DU PLESSIS, J.C. Briewe aan Minister van Onderwys, mnr. J.H. Viljoen, 3 en 26 Februarie 1955, 12 Augustus 1955 enl November 1955, en J.J. de Klerk, 11 November 1957.

DU PLESSIS, J.C. Briewe aan Voorsitter van die O.V.S.O.V. 7 Mei 1955e.

DU TOIT, P.S. Nasionale Onderwysraad. 1971. Die Unie, November 1972.

DU TOIT, P.S. Opvoedkundige Studies. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, 1969.

DU TOIT, P.S. Onderwys in Kaapland 1652-1975, 2de hersiene uitgawe, Pretoria, Van Schaik, 1976.

DU TOIT, P.S. Voorsittersrede gelewer by SAOU-Kongres, 1972. Die Unie, Junie 1972b.

DU TOIT, W.J. Briewe van die Voorsitter van die Kaaplandse Sinodale Opvoedingskommissie aan ds. J.C. du Plessis, voorsitter van die I.K.K., 18 Junie 1955 en 26 Augustus 1955.

FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGS. Christelike Nasionale Onderwysbeleid. Johannesburg, F.A.K., 1948.

FORMULIER VAN DIE HEILIGE DOOP in Berymde Psalms en evangeliese Gesange. Kaapstad, S.A. Byvelvereniging, 1936.

FOURIE, J.J. Alles vir andere - niks vir homself nie. Die Skoolblad, November 1965.

FOURIE, J.J. Onderwyswetgewing in Roepingsperspektief. Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 8e jaargang, le kwartaal, 1972.

FOURIE, J.J. Prinsipiële toeligting in verband met die samewerking tussen huis en skool in die O.V.S.-Onderwysersvereniging. Die Skoolblad, Maart 1968.

FOURIE, J.J. Tema en variasie in die Opvoedingsleer. Bloemfontein, Sacum, 1973.

FOURIE, J.J. Voorsittersrede by die O.V.S.O.V.-jaarvergadering. Die Skoolblad, Oktober 1962.

FOURIE, J.J. Toekomsblik vir die Roepingstaak. Die Skoolblad, September 1967.

GENESIS.

GERDENER, G.B.A. Kultuurhistoriese bydraes van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. In: De Vos Pienaar, red. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1968.

GUNTER, C.F.J. Opvoedingsfilosofieë. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, 1964.

HANDELINGE.

HENNING, J.A. Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging gedurende die periode 1930-1950. Bloemfontein, U.O.V.S., 1963 (M.Ed.-proefskrif).

HENNING, J.A. Oorsigbeeld van die geskiedenis van die O.V.S.O.V. Die Skoolblad, September 1967.

HENNING, J.A. Kantoorkorrespondensie. Die Skoolblad, Augustus 1976.

INTERKERKLIKE KOMITEE VAN DIE HOLLANDSE KERKE VAN S.A. Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys. Pretoria, M. Drukkery, 1954.

INTERKERKLIKE KOMITEE VAN DIE HOLLANDSE KERKE VAN S.A. Aanvullende Toeligting by Deel III van die Memorandum insake 'n uniale onderwysbeleid en die verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys. Pretoria, M. Drukkery, 18 Maart 1955.

Instituut vir C.N.O. van die F.A.K. C.N.O.-beleid, 1948.

KALSBEEK, L. De Wijsbegeerte der wetsidee. Amsterdam, Buijten & Schipperheijn, 1970.

KERKBODE. Inleidingsartikel oor ds. J.C. du Plessis se uittrede uit die kerkdiens. 16 November 1955.

KEYTER, J. DE W. Die Opvoedingsideaal en -strewe van die Afrikaner. In: De Vos Pienaar, red. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1968.

KOTZE, A.L. Toekomsblik na aanleiding van die nuwe onderwysbeleid. Die Onderwysblad, Julie 1967.

LANDMAN, W.A. Leesboek vir die Christen-opvoeder. Pretoria, N.G. Kerk Boekhandel, 1972.

MALHERBE, E.G. Education in South Africa 1652-1922. Kaapstad, Juta & Kie., 1925.

MATTHEUS.

MEIRING, A.G.S. Aan die O.V.S.O.V. by herdenking van sy 75-jarige bestaan. Die Skoolblad, September 1967.

MEIRING, A.G.S. Ouerseggenskap in die opvoeding. Vrystaatse Onderwysnuus, Desember 1968.

MEMORANDUM: Kritiese beskouing van - I Beleidtoespraak in die Senaat;
II Rede voor die Suid-Afrikaanse Akademie, Hansard, vgl. par. 76(ii), Kolom 2501.

MOSTERT, D.J.J. Brief van Lid van Volksraad vir Witbank aan ds. J.C. du Plessis, voorsitter van die I.K.K., 20 April 1955.

MULLER, C.F.J. Die Britse owerheid en die Groot Trek. Pretoria, Juta & Kie., 1947 (D.Phil-proefskrif).

NEDERDUITS HERVORMDE OF GEREFORMEERDE KERK (TRANSVAAL) SINODE : Notule, 1955.

NIENABER, P.J. Gedenkboek Generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg, Afrikaanse Boekhandel, 1965.

OBERHOLZER, C.K. Die Kerk en die Onderwys. Die Hervormer, Junie 1955.

ORANJE RIVIER KOLONIE. Wet nr. 29 van 1905.
Wet nr. 35 van 1908.

ORANJE RIVIER KOLONIE. Wetten van de Oranje Rivier Kolonie 1907-1908 (Wet nr. 35 van 1908).

ORANJE-VRYSTAAT (REPUBLIEK). Wet nr. 2 van 1891.

O.V.S.O.V. BYLAE I, Constitutie der O.V.S. Onderwyzers-vereniging.
BYLAE II, Statute van die Oranje-Vrystaatse Onderwysers-vereniging.

O.V.S.O.V. Notule van Dagbestuursvergadering, 10 Junie 1957.

PIENAAR, J.J. Onderwys - die standpunt van die Ned. Geref. Kerk. Die Kerkbode, 7 Februarie 1968.

PIENAAR, P. DE VOS, red. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1968.

PISTORIUS, P. Gister en Vandag in die Opvoeding. Potchefstroom, Pro-Rege-Pers, 1969.

POTGIETER, F.J. en SWANEPOEL, C.B. Temas uit die historiese pedagogiek. Pretoria, Van Schaik, 1968.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (SUID-AFRIKA). Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting. Verslag. Deel I. Staatsdrukker, Pretoria, 1971.

REDAKSIONEEL. Die salarisaksie van die Federale Raad en die nuwe skale. Die Skoolblad, Junie 1958.

REDAKSIONEEL. Die wet op die Uniale Onderwysadviesraad bly steek. Die Skoolblad, Junie 1960.

REDAKSIONEEL. Ons vereniging 'n skakel tussen twee republieke. Die Skoolblad, September 1961.

REDAKSIONEEL. Dankie, oom Jan. Die Skoolblad, Februarie 1969.

RHOODIE, N.J. en VENTER, H.J. Die apartheidsgedagte. Pretoria, Haum, 1973.

RUPERTI, R.M. Die onderwysstelsel in Suider-Afrika. Pretoria, Van Schaik, 1973.

RUPERTI, R.M. en DU PLOOY, J.L. red. Die Opvoedingstaak. Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel, 1965.

SCHOLTZ, J. DU P. Die Afrikaner en sy taal 1806-1875. Kaapstad, Nasionale Pers, 1939.

SCHOLTZ, J.P. Skool en samelewing. Fokus, Maart 1976.

SPIER, J.M. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Kampen, J.H. Kok, 1950.

SPIER, J.M. Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte. Bloemfontein, Sacum, 1972.

STOKER, H.G. Stryd om die Ordes. Pretoria, Sacum, 1941.

STONE, H.J.S. Opvoeding en religie. Pretoria, Sacum, 1971.

STONE, H.J.S. Struktuur en motief van die Onderwysstelsel. Bloemfontein, Sacum, 1974. (D.Ed.-proefskrif).

STRAUSS, H.J. Christelik-Nasionaal en C.N.O. Bloemfontein, Sacum, 1969.

STRIJDOM, J.G. Antwoord van Sy Edele Die Eerste Minister aan ds. J.C. du Plessis, voorsitter van die I.K.K., 5 Mei 1955.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria, Staatsdrukker, 1975.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Staatskoerant, 16 Mei 1969.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Staatskoerant, 16 Mei 1969.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Staatskoerant, 26 Junie 1970.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Staatskoerant, 9 Januarie 1970.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Staatskoerant, 12 November 1971.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Staatskoerant, 12 November 1971.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Wet op Nasionale Onderwysbeleid. (Wet nr. 39 van 1967). Pretoria, Staatsdrukker, 1969.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid. (Wet nr. 73 van 1969). Pretoria, Staatsdrukker, 1969.

THERON, H.S. Briewe van die Voorsitter van die Vrystaatse Sinodale Opvoedingskommissie aan ds. J.C. du Plessis, voorsitter van die I.K.K. 2 Junie 1955 en 6 Julie 1955.

TRANSVAAL. ONDERWYSDEPARTEMENT. Omsendbrief. Nuwe Transvaalse onderwysbeleid. Pretoria, 1951.

TRANSVAAL. Notule Sekulêre Onderwys. Pretoria, 26 Augustus 1952.

TRANSVAAL. Notule Interkerklike Interim-Onderwyskommissie. 23 Februarie 1954 en 18 Maart 1955.

TRANSVALER, Die. Unie-beleid van Onderwys gevra. 26 Februarie 1955.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Debatte van die Volksraad. Pretoria, Staatsdrukker, 1 Februarie 1955.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys. Verslag. Pretoria, Staatsdrukker, 1948. (N.G. 65/1948).

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Wet nr. 21 van 1949. Pretoria, Staatsdrukker, 1949.

UNIVERSITEIT VAN DIE O.V.S. Jaarboek, 1973.

VADERLAND, Die. Koördineer Onderwys. 25 Februarie 1955.

VAN DER WALT, K.S. Die Nederduits Gereformeerde Kerk in die onderwys van die blankes in die Oranje-Vrystaat tot 1900 : 'n prinsipieel-historiese studie. Bloemfontein, U.O.V.S., 1974. (M.Ed-proefskrif.)

VAN JAARSVELD, F.A. Die ontwikkeling van Nasionale Bewussyn : Inleiding. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1959.

VAN LOGGERENBERG, N.T. Persoonlikhede. Die Skoolblad, September 1967.

VAN LOGGERENBERG, N.T. en JOOSTE, A.J.C. Verantwoordelike Opvoeding - 'n Fenomologiese Prinsipiële studie. Bloemfontein, Nasionale Boekhandel, 1966.

VAN TONDER, M.A. Dr. S.H. Pellisier as Direkteur van Onderwys vir die tydperk 1926-1948. Bloemfontein, U.O.V.S., 1968. (D.Ed.-proefskrif.)

VAN WYK, J.H. Die Christelike Skool. Studiestuk nr. 7 van die Christelike Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika, Oktober 1971.

# OPSOMMING

Die doel van die ondersoek is om die aandeel van ds. J.C. du Plessis na te vors ten opsigte van die verkryging van 'n nasionale beleid vir die onderwys van blankes in Suid-Afrika deur spesiaal te verwys na sy rol in die Interkerklike Komitee (I.K.K.) en die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging (O.V.S.O.V.).

Ter aanvang word kortliks verwys na die begrip nasionale onderwysbeleid en Wet 39 van 1967. Beginsels wat meer toeligting ontvang is die Christelike, nasionale, moedertaal-, differensiasie- en ouermedeseggenskapbeginsel.

Die ontstaan van die vervlegting van die samelewingsverbande, kerk en skool van die Afrikaner wat die grondslag vorm vir onderwysbemoeiing deur die kerk word ook inleidend bespreek. Daar word op gewys dat dié noue verband tussen kerk en skool dateer uit die Hervorming en tydens die volksplanting aan die Kaap op die onderwys alhier oorgedra is.

Enkele wysgerige beginsels, te wete: die soewereiniteits- en vervlegtingsbeginsels van gesagstrukture wat ten grondslag lê van die noue verband tussen die Afrikaner se kerk en skool en verklaar waarom die kerk en veral die N.G. Kerk, hom so indirek bemoei met die onderwys, geniet aandag. 'n Voorbeeld van die kerk se bemoeienis met die onderwys is die stigting van die I.K.K. Hiervan was ds. Du Plessis eers lid en later voorsitter. Van die O.V.S.O.V. wat heelwat later sy steun aan die I.K.K. toegesê het, het ds. Du Plessis na aftrede as predikant sekretaris geword.

Na voltooiing van sy studies was ds. Du Plessis predikant op Jagersfontein en Bethlehem waar hy gou betrokke geraak het in onderwysaangeleenthede.

Hierna word hy beroep na Beaufort-Wes in Kaapland waar hy sy segregrasieskema ten opsigte van Blanke en Kleurlingskole en koshuise deurvoer. Tydens hierdie periode red hy die Kaapse Opvoedingskommissie van ontbinding en word die voorsitter daarvan. Ds. Du Plessis word later die Kaapse verteenwoordiger op die I.C.N.O. van die F.A.K. en beywer hom vir C.N.O. As voorsitter van die Sinodale Opvoedingskommissie het hy die omstrede De Villiers-onderwysverslag van 1948, die voorloper van 'n nasionale onderwysbeleid, deeglik bestudeer en in tydskrifte toegelig. Toe ds. Du Plessis as predikant in die Transvaal gewerk het, het hy die provinsie se Sinodale Opvoedingskommissie geaktiveer om uitvoering te gee aan die Verslag se aanbevelings veral ten opsigte van 'n nasionale onderwysbeleid vir gekoördineerde en gedifferensieerde onderwys vir blankes in Suid-Afrika. Die drie Afrikaanse susterskerke het vir die doel die I.K.K. gestig wat talle onderhoude met die onderwysowerhede gevoer het vir die verkryging van 'n nasionale onderwysbeleid. Hierdie I.K.K. het die omstrede memorandum opgestel vir die opheffing en beëindiging van verdeelde onderwysbeheer op middelbare vlak.

Na heelwat onderhandelinge met die betrokke onderwysowerhede, is die Mostert-Mosie in Februarie 1955 in die Parlement ingedien waarna die regering geleidelik in die rigting van 'n nasionale onderwysbeleid beweeg het.

Toe ds. Du Plessis in 1956 sy emeritaat aanvaar het, het hy as voorsitter van die I.K.K. bedank. Hierna het hy die pos as hoofsekretaris van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging aanvaar. Sy invloed en bekwaamheid as hoofsekretaris het baie beteken vir die onderwys. Sy tydskrifartikels in <u>Die Skoolblad</u> waarvan hy die redakteur was, het etlike honderde getel wat die weg probeer voorberei het vir die verkryging van 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika.

In 1966 lê hy die tuig neer as hoofsekretaris van die O.V.S.O.V., maar bly nog aan as redakteur van <u>Die Skoolblad</u> tot einde 1969.

Ds. Du Plessis het onteenseglik 'n groot bydrae gelewer tot die verkryging van 'n nasionale beleid vir die onderwys van blankes in Suid-Afrika.